University of Pretoria etd – Fourie, M (2003)

# DIE AARD, OMVANG EN IMPAK VAN MIKROLENINGS OP DIE MAATSKAPLIKE FUNKSIONERING VAN LEDE VAN KORREKTIEWE DIENSTE

**Deur**

**Marelie Fourie**

**Voorgelê ter gedeeltelike vervulling van die vereistes vir die graad MSD WERKNEMERHULPPROGRAMME**

**In**

**Fakulteit Geesteswetenskappe**

**Universiteit van Pretoria**

**Maart 2003**

University of Pretoria etd – Fourie, M (2003)

# DANKBETUIGINGS

**Alle eer aan God, my Skepper wat my elke dag van krag voorsien het om hierdie projek te voltooi.**

My opregte dank en waardering word hiermee uitgespreek teenoor die volgende persone:

- ❖ My studieleier, Dr. Magdie van Heerden, dankie vir u voortdurende bemoeienis en professionele leiding.
- ❖ My ouers, Dawie en Maria Fourie, vir julle belangstelling, volgehoue motivering, ondersteuning en onvoorwaardelike liefde.
- ❖ My verloofde, Jaco, vir sy geduld, begrip, liefde en deurlopende ondersteuning.
- ❖ My familie, vriende en kollegas vir hul bystand, begrip en volgehoue aanmoediging.
- ❖ Dion van Zyl, vir die waardevolle hulp met die vraelyste en dataverwerking, asook jou kundigheid en passie vir navorsing.
- ❖ Dank aan Korrektiewe Dienste vir die goedkeuring van hierdie ondersoek.
- ❖ Opregte waardering aan alle persone wat deelgeneem het aan die ondersoek en wat 'n bydra gelewer het om hierdie verslag 'n sukses te maak.

University of Pretoria etd – Fourie, M (2003)

# OPSOMMING

## Die aard, omvang en impak van mikrolenings op die maatskaplike funksionering van lede van Korrektiewe Dienste

Deur

Marelie Fourie

Studieleier: Dr. M. Van Heerden

Departement van Maatskaplike Werk

Vir die graad MSD WERKNEMERHULPPROGRAMME

Deur middel van hierdie studie is gepoog om die aard, omvang en impak van mikrolenings te ondersoek. Die negatiewe implikasies en betrokkenheid van werkgewers by die mikroleenbedryf tree dikwels te laat na vore, weens die oningeligtheid en ontoereikende voorligting aan die kant van die lener. Hierdie ondersoek is vanuit 'n sistemiese perspektief gedoen, wat behels dat daar gefokus is op die bilaterale beïnvloeding van sisteme en die rol wat sisteme uitoefen op die individu se alledaagse lewe.

Omrede daar 'n leemte geïdentifiseer is betreffende wetenskaplike literatuur en bewyse in hierdie verband, is 'n verkennende studie onderneem ten einde data-insameling te doen. Die doel is bereik deur literatuurstudies wat onderneem is, gesprekke met kundiges en individue wat direkte ervarings

University of Pretoria etd – Fourie, M (2003)

geopenbaar het ten opsigte van hul betrokkenheid by die mikroleenbedryf. Vir doeleindes van hierdie ondersoek is daar van vraelyste gebruik gemaak. Data-insameling is gedoen deur middel van veertig respondente wat vraelyste voltooi het. Die studie is onderneem te Korrektiewe Dienste Baviaanspoort Bestuursarea.

Hierdie ondersoek is gebaseer op kwantitatiewe en ontwikkelingsgerigte navorsing met benutting van die verkennende ontwerp. Vanuit hierdie navorsingsbevindinge is sekere gevolgtrekkings en aanbevelings gemaak.

University of Pretoria etd – Fourie, M (2003)

## SUMMARY

**The nature, extent and impact of micro lending on the social functioning of members of Correctional Services**

**By**

Marelie Fourie

Study leader: Dr. M. Van Heerden

Department of Social Work

For the degree MSD EMPLOYEE ASSISTANCE PROGRAMS

The aim of this study is to investigate the nature, extent and impact of micro lending on the social functioning of members of Correctional Services. The negative implications and involvement of employers in micro lending often surface too late because the borrower is not well enough informed. This study is approached from a systemic perspective, which focuses on the bilateral influence of systems and their role in the individual's everyday life.

Because of the fact that a void has been identified in regard to scientific literature and evidence concerning this problem, an explorative study has been undertaken for data collection. In order to reach the goal, literature studies were undertaken, conversations with experts and individuals who have had first hand experience regarding micro lending. For the purpose of

this study a questionnaire has been used with fourty respondents. This study was undertaken at the Department of Correctional Services Baviaanspoort Management Area.

This study is based on quantitative and developmental research principles, within the exploratory design. From the research findings, several results and recommendations were put forward.

University of Pretoria etd – Fourie, M (2003)

# HOOFSTUK 1:

# NAVORSINGSPROSES: DIE AARD, OMVANG EN IMPAK VAN MIKROLENINGS OP DIE MAATSKAPLIKE FUNKSIONERING VAN LEDE VAN KORREKTIEWE DIENSTE

## INHOUDSOPGAWE

**BLADSY**

**1. Inleiding** **1**

**2. Motivering vir die keuse van die onderwerp** **2**

**3. Probleemformulering** **4**

**4. Doelstelling en doelwitte van die studie** **7**
4.1. Doelstelling **7**
4.2. Doelwitte **7**

**5. Navorsingsvraag vir die studie** **7**

**6. Navorsingsmetodologie** **8**
6.1. Soort navorsing, ontwerp en proses **8**

**7. Vooronderso ek** **10**
7.1. Literatuurstudie **10**
7.2. Konsultasie met kundiges **11**
7.3. Uitvoerbaarheid van die ondersoek **11**
7.4. Toetsing van vraelys **12**

**8. Omskrywing van die universum, afbakening van steekproef en wyse van steekproefneming 12**

**9. Etiese kwessies 14**

**10. Definisies van hoofkonsepte 15**
10.1. Maatskaplike probleem **16**
10.2. Finansiële beplanning **16**
10.3. Mikrolenings (Algemeen) **17**
10.4. Geldleningstransaksie **17**
10.5. Gelduitlener **18**
10.6. Geldopnemer **18**
10.7. Werknemer **19**
10.8. Werknemerhulpprogram **19**

**11. Indeling van navorsingsverslag 20**

## HOOFSTUK 2
## DIE MIKROLEENBEDRYF AS SUID-AFRIKAANSE VERSKYNSEL

## INHOUDSOPGAWE

**BLADSY**

**2.1. Inleiding 22**

**2.2. Voorkoms en verspreiding van die mikroleningbedryf 23**

**2.3. Toetrede tot die mikroleenbedryf** **27**

**2.4. Regulering van die mikroleenbedryf** **30**

**2.5. Regering se betrokkenheid by die mikroleenbedryf** **34**

**2.6. Opvoedersrol ten opsigte van die mikroleenbedryf** **36**
2.6.1. Die Mikrolener 37
2.6.2. Die Werksplek 38
2.6.3. Die Individu 39

**2.7. Samevatting** **40**

## HOOFSTUK 3

## DIE IMPAK VAN FINANSIëLE DRUK OP DIE MAATSKAPLIKE FUNKSIONERING VAN INDIVIDUE

**INHOUDSOPGAWE**

**BLADSY**

**3.1. Inleiding** **42**

**3.2. Begripsomskrywings** **42**
3.2.1. Maatskaplike Funksionering 42
3.2.2. Maatskaplike Probleem 43
3.2.3. Sisteem 44
3.2.4. Sisteemteorie 44

University of Pretoria etd – Fourie, M (2003)

**3.3. Die implikasies van finansiële druk en swak finansiële beplanning 45**

3.3.1. Maatskaplike en sosiale Implikasies 46

3.3.1.1. Middelafhanklikheid 46

3.3.1.2. Gesinsgeweld 48

3.3.1.3. Ontoereikende voorsiening van basiese behoeftes 50

3.3.1.4. Maatskaplike en sosiale implikasies van finansiële druk op die werkgewer 52

3.3.1.4.1. Swak of ongereelde werksbywoning weens finansiële druk op die werknemer 53

3.3.1.4.2. Afname in produktiwiteit weens finansiële druk op die werknemer 54

3.3.1.4.3. Finansiële implikasies op interpersoonlike verhoudings 55

3.3.1.4.4. Gesondheidskwessies 56

**3.4. Werknemerhulpprogramme as hulpmiddel vir die aanspreek van maatskaplike en sosiale probleme onder werknemers 57**

**3.5. Samevatting 59**

# HOOFSTUK 4

# EMPIRIESE ONDERSOEK NA DIE AARD, OMVANG EN IMPAK VAN MIKROLENINGS OP DIE MAATSKAPLIKE FUNKSIONERING VAN LEDE VAN KORREKTIEWE DIENSTE

## INHOUDSOPGAWE

**BLADSY**

| | | |
|---|---|---|
| **4.1.** | **Inleiding** | **60** |
| **4.2.** | **Resultate en bevindinge van die navorsing** | **63** |
| **4.2.1.** | **Afdeling A: Demografiese inligting** | **64** |
| 4.2.1.1. | Geslag | 64 |
| 4.2.1.2. | Ouderdom | 64 |
| 4.2.1.3. | Huistaal | 65 |
| 4.2.1.4. | Huwelikstatus | 66 |
| 4.2.1.5. | Afhanklikes van respondente | 67 |
| 4.2.1.6. | Huishoudelike inkomste | 69 |
| 4.2.1.7. | Vlak van dienslewering | 70 |
| 4.2.1.8. | Hoogste opvoedkundige vlak | 70 |
| 4.2.1.9. | Dienstydperk van respondente | 71 |
| 4.2.1.10. | Samevatting | 72 |
| **4.2.2.** | **Afdeling B: Leningsbesonderhede** | **72** |
| 4.2.2.1. | Terme vir terugbetaling van mikrolening | 73 |
| 4.2.2.2. | Leningsbedrag | 75 |
| 4.2.2.3. | Aflosbedrag op mikrolenings | 76 |

4.2.2.4. Samevatting 76

**4.2.3. Afdeling C: Motivering vir toetrede tot die mikroleenbedryf 77**

4.2.3.1. Redes vir toetrede tot die mikroleningsbedryf 77

4.2.3.2. Alternatiewe vir toetrede tot die mikroleningsbedryf: Banksektor 80

4.2.3.3. Alternatiewe vir toetrede tot die mikroleningsbedryf: Familie 83

4.2.3.4. Dokumentasie verbonde aan die leningstransaksie 85

4.2.3.5. Samevatting 87

**4.2.4. Afdeling D: Impak van mikrolenings op die respondent se maatskaplike funksionering 87**

4.2.4.1. Finansiële begrotings van respondente 87

4.2.4.2. Toetrede tot die mikroleenbedryf (MLB) 89

4.2.4.3. Finansiële posisie na toetrede tot MLB 91

4.2.4.4. Impak van toetrede tot die MLB 93

4.2.4.5. Impak van MLB op alledaagse lewe 97

4.2.4.6. Gevoelens en emosies van respondente 99

4.2.4.7. Oorsaaklike faktore van betrokke emosies en gevoelens 102

4.2.4.8. Opleidingsmoontlikhede en vereistes 106

4.2.4.9. Samevatting 107

University of Pretoria etd – Fourie, M (2003)

# HOOFSTUK 5

# ALGEMENE SAMEVATTINGS, GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS VAN DIE ONDERSOEK

## INHOUDSOPGAWE

**BLADSY**


**5.1. Inleiding** **109**

**5.2. Bereiking van doelstellings en doelwitte, asook die navorsingsvraag rakende die ondersoek** **109**

**5.3. Hoofstuk Een** **112**

5.3.1. Samevatting 112
5.3.2. Gevolgtrekkings 113
5.3.3. Aanbevelings 113

**5.4. Hoofstuk Twee** **114**

5.4.1. Samevatting 114
5.4.2. Gevolgtrekkings 115
5.4.3. Aanbevelings 116

**5.5. Hoofstuk Drie** **116**

5.5.1. Samevatting 116
5.5.2. Gevolgtrekkings 118
5.5.3. Aanbevelings 118

University of Pretoria etd – Fourie, M (2003)

**5.6. Hoofstuk Vier** **119**
5.6.1. Samevatting 119
5.6.2. Gevolgtrekkings 120
5.6.3. Aanbevelings 121

**6. Bronnelys** **123**

University of Pretoria etd – Fourie, M (2003)

## OPGAWE VAN BYLAES

Bylae A: Toestemmingsbrief

Bylae B: Vraelys

Bylae C: Tabulêre resultate

## OPGAWE VAN FIGURE

| | | BLADSY |
|---|---|---|
| FIGUUR 2.1. | Geografiese verspreiding van Mikroleners in Suid-Afrika | 26 |
| FIGUUR 4.1. | Redes vir toetrede tot MLB | 77 |
| FIGUUR 4.2. | Alternatiewe vir toetrede tot die MLB – Familie | 83 |
| FIGUUR 4.3. | Impak van MLB op alledaagse lewe | 97 |
| FIGUUR 4.4. | Gevoelens en emosies van respondente | 99 |
| FIGUUR 4.5. | Oorsaaklike faktore vir gevoelens en emosies van respondente | 102 |

University of Pretoria etd – Fourie, M (2003)

# OPGAWE VAN TABELLE

**BLADSY**

**TABEL 4.1.** **Geslagsverspreiding van respondente** **64**
TABEL 4.2.a. Ouderdomsverspreiding van respondente 64

**TABEL 4.2.b.** **Ouderdomsverspreiding van respondente** **65**
TABEL 4.3. Huistaal van respondente 66
TABEL 4.4. Huwelikstatus van respondente 66
TABEL 4.5.a. Afhanklikes van respondente 67
TABEL 4.5.b. Hoeveelheid afhanklikes 67
TABEL 4.5.c. Hoeveelheid afhanklikes 68
TABEL 4.5.d. Hoeveelheid afhanklikes 68
TABEL 4.6.a. Huishoudelike inkomste 69
TABEL 4.6.b. Huishoudelike inkomste 69
TABEL 4.7. Vlak van dienslewering 70
TABEL 4.8. Hoogste opvoedkundige vlak 70
TABEL 4.9. Aantal jare in diens van Korrektiewe Dienste 71
TABEL 4.10. Begindatum van mikrolening 72
TABEL 4.11. Terme vir terugbetaling 74
TABEL 4.12. Leningsbedrag 75
TABEL 4.13. Aflosbedrag op mikrolenings 76
TABEL 4.14. Alternatiewe vir toetrede tot MLB – Banke 80
TABEL 4.15. Dokumentasie verbonde aan leningstransaksie 85
TABEL 4.16. Maandelikse begroting 88
TABEL 4.17. Tipe begroting 88
TABEL 4.18. Finansiële besluitneming 89
TABEL 4.19. Finansiële posisie van respondente 91
TABEL 4.20. Opleidingsmoontlikhede en vereistes 106

# KEY TERMS

**EMPLOYEE**

This is an individual who is lawfully employed by an employer, either part-time, permanent or on a temporary base**.**

**EMPLOYEE ASSISTANCE PROGRAM**

This is a service rendered by employers to employees in order to address, prevent, relieve and solve work related and social problems, employees experience.

**MICROLOAN**

The lending of smaller amounts of money to consumers and are repayable to the moneylender within a relative short period of time.

**MONEY BORROWER**

This is the individual, who is borrowing money from another individual or agency, according to a prearranged money lending transaction.

**MONEYLENDER**

This is the individual or agency that is lending the amount of money requested, according to a money lending transaction, to the potential borrower.

**MONEY LENDING TRANSACTION**

This is a transaction between two parties regarding money lending, where the related stipulations and responsibilities are set out. Both parties have to sign this transaction.

**SOCIAL FUNCTIONING**

The complete role performance of an individual on all levels of his/her existence and in interaction with other systems, in his/her environment in totality.

**SOCIAL PROBLEM**

A situation, in which the social functioning of an individual, group or community is impeded by obstacles in the environment, that prevents the meeting of basic needs and satisfactory role performance.

**SYSTEM**

A system is an entity that possesses unique characteristics that are standing in relation to one another. Continuous interaction and interrelated influence characterize the relation.

**SYSTEMS THEORY**

By means of the systems theory, a framework is set for the gathering of information regarding the total set of elements that have an impact on social problems.

University of Pretoria etd – Fourie, M (2003)

# HOOFSTUK 1

## NAVORSINGSPROSES: DIE AARD, OMVANG EN IMPAK VAN MIKROLENINGS OP DIE MAATSKAPLIKE FUNKSIONERING VAN LEDE VAN KORREKTIEWE DIENSTE

## 1. INLEIDING

Die algemene eskalerende gebruikmaking van, asook die betrokkenheid deur die arbeidsmag in die mikroleningsbedryf, is daadwerklik besig om 'n stempel op die Suid-Afrikaanse arbeidsmag af te druk. Die negatiewe implikasies en die betrokkenheid by die mikroleningsbedryf tree dikwels te laat op die voorgrond as gevolg van oningeligtheid, gebrekkige kennis, asook vroegtydige en ontoereikende voorligting aan die kant van die lener.

Enkele aspekte wat hier uitgelig kan word is byvoorbeeld onrealistiese rentekoerse, vereffeningstydperke, addisionele en versluierde administratiewe kostes, bindende prosedures en voortspruitende wetlike gevolge aan die kant van die gelduitlener, asook die behoefte aan sekuriteit en basiese behoeftebevrediging aan die kant van die geldopnemer. Garver (2000:119) huldig die volgende:
" When a potential borrower arrives with financial records in a shoebox and has borrowed only from streetcorner prestamista – a loan shark – who charged 20% interest a month, measuring creditworthiness involves far more art than science."

Mikrolenings as sulks is geskoei op Woekerwet, No.73 van 1968. Gedurende 1992 het die owerheid na aanleiding van Kennisgewing 3451 vergunning verleen om klein bedrae geld geredeliker tot die beskikking van individue en ondernemings te stel om sodoende groter toegang tot finansiering vir die sakesektor te bewerkstellig. Hierdie kennisgewing van

University of Pretoria etd – Fourie, M (2003)

1992 het daartoe gelei dat die mikroleningsbedryf 'n ongekende florerende bloeityd betree het. Gedurende 1994 het die destydse minister in Kennisgewing 15836 met betrekking op die vermelde woekerwet, kennis gegee om kennisgewing 3451 van 1992 te herroep, maar tot op datum het dit nog nie gerealiseer nie (Venter,1998:1).

Dit wat aanvanklik as 'n moontlike kitsoplossing vir 'n bepaalde persoonlike finansiële krisis gesien is, ontaard in 'n onhanteerbare situasie met uiters negatiewe uitwerking en gevolge vir die geldopnemer. Die geldopnemer is nie langer in beheer van sy/haar persoonlike finansiële bestuur nie en gevolglik ook nie hul eie leefwyse nie. Te laat besef die oningeligte werknemer en geldopnemer dat die verskaffer van die "kitslening" oor 'n dikwels eensydige houvas en vervolgingsmag beskik teen wie hy geen bedingingsmag of verweer het nie.

Die navorser gaan poog om 'n studie te loods wat gaan fokus op die impak wat mikrolenings op geldopnemers en hul maatskaplike funksionering het. Voortspruitend uit die bevindinge van die voorafgaande sal spesifieke afleidings gemaak kan word, wat sal kan dien as riglyne vir die ontwikkeling van werknemerhulpprogramme in hierdie verband.

## 2. MOTIVERING VIR DIE KEUSE VAN DIE ONDERWERP

Die intrinsieke aard en die impak van die mikroleningsbedryf asook die gepaardgaande finansiële implikasies, hoofsaaklik as gevolg van die bestaande oningeligtheid en onkunde rakende hierdie bedryf, dien as hoofmotiveringsbron vir die beoogde studie.

Ten einde die mikroleningsbedryf en die implikasies daaraan verbonde te konseptualiseer en aan te spreek, is dit nodig om die verskynsel in wese te verstaan en te begryp. As Maatskaplike Werker binne die Departement van Korrektiewe Dienste,

University of Pretoria etd – Fourie, M (2003)

is die navorser daagliks in aanraking met werknemers wat slagoffers van mikrolenings is. Weens die gebrek aan inligting rakende finansiële beplanning, is dit nodig om hierdie verskynsel van nader te ondersoek. As toekomstige Werknemerhulpprogram-praktisyn moet 'n poging aangewend word om die negatiewe gevolge daaraan verbonde, binne die werksopset, teen te werk en te probeer beperk.

Hierdie navorsing hou verder ook voordele in vir die onderskeie belangegroepe, wat as volg voorgehou en uiteengesit gaan word:

- **Die Navorser**

  Dit word as 'n leergeleentheid, waarvoor daar behoefte bestaan asook waaraan die student blootgestel word, gesien. Die student word dus die geleentheid gebied om optimaal binne die rol van navorser en toekomstige Werknemerhulpprogram-praktisyn te kan funksioneer.

- **Die Teikengroep**

  Die betrokke arbeidsmag behoort die grootste voordeel uit hierdie navorsing te trek, omrede daar aandag gegee gaan word aan werknemers se finansiële behoeftes en kennisuitbreiding ten opsigte van mikrolenings. Werknemers se gebrek aan hulpbronne is 'n struikelblok en verhinder die optimale bereiking van hul lewenskwaliteit en persoonlike selfbestuur van finansies. Bemagtiging op verskeie terreine, byvoorbeeld sinvoller finansiële beplanning en die aanleer van uitgebreide en onderlegde vaardighede kan verhoog word.

- **Die Maatskaplike Werkprofessie**

  Tydens die navorser se soeke na moontlike literatuur is daar gevind dat daar beperkte literatuur in hierdie spesifieke studieveld beskikbaar is. Die student se navorsing kan dus bydra tot die voorsiening en uitbouing van verdere wetenskaplike kennis in die betrokke veld, naamlik Werknemerhulpprogramme, waarvoor daar 'n behoefte bestaan. Ander maatskaplike werkers en professies kan die

University of Pretoria etd – Fourie, M (2003)

inligting eweneens met groot vrug benut ten einde hul eie studies en dienslewering te vergemaklik en in die praktyk aan te wend. Die feit dat die navorser die verworwe bevindinge en resultate bekend maak, verbreed daardeur ander individue se kennisspektrum en insig rakende die onderwerp – wat dus ook koste- en tydsbesparend van aard sal wees.

## 3. PROBLEEMFORMULERING

Dit dien vermeld te word dat daar beperkte inligting bestaan, insluitend relevante ondersoeke, wat fokus op die huidige probleme rakende mikrolenings as Suid-Afrikaanse verskynsel.

Die aangaan van **formele mikrolenings** by wettige en erkende instansies met definitiewe voorskrifte en werkswyses is nie leners se werklike probleem nie. Die werklike en ingewikkelde probleemsituasies by mikrolenings ontstaan wanneer geldopnemers (leners) 'n mikrolening aangaan by **informele gelduitleners** sonder 'n vaste adres, voorskrifte en/of beginsels/ werkswyses, soos voorgelê deur die reguleringsraad, wat moeilik opspoorbaar is en heel dikwels 'n houvas en mag oor sy slagoffers uitoefen.

Vanuit hierdie probleemstelling ag die navorser dit nodig dat verdere ondersoeke in hierdie verband geloods moet word ten einde 'n duideliker beeld rakende die omvang en impak van mikrolenings op die Suid-Afrikaanse arbeidsmag daar te stel.

Om hierdie verskynsel effektief en sinvol aan te spreek meld Garver (2000:3) dat mikroleningsagente, asook hul personeel, sodanig opgelei en/of heropgelei moet word, veral ten opsigte van hulle vaardighede om bestaande leemtes en probleemareas aan te spreek en te oorbrug. Die opleiding gaan in hooftrekke oor die vroegtydige, korrekte en volledige aanwending en oordrag van inligting om aan alle voornemende kliënte,

University of Pretoria etd – Fourie, M (2003)

en veral oningeligte werknemers in nood, voor te berei en op te lei rakende die totale omvang, invloed en uitwerking van mikrolenings op die individu. Opleiding in terme van finansiële beplanning rakende aftrede was feitlik die enigste fokuspunt van talle werkgewers waartydens die voor- en nadele van pensioenfondse deur menslike- hulpbronafdeling verduidelik en benadruk is (Tiras, 1997:119).

Laasgenoemde outeur onderskryf dan ook dat daar in die teenswoordige samelewing egter veel wyer gekyk moet word, omrede basiese opvoeding rakende aftrede nie langer voldoende is nie. 'n Opname wat onlangs uitgevoer is, dui daarop dat 85% van die huidige arbeidsmag finansiële advies en gepaardgaande inligting binne die werkplek verlang en wil ontvang (Tiras, 1997:119).

Die navorser ag dit nodig om klem te lê op die probleme wat voortspruit uit die werknemers se onkunde rakende hul persoonlike finansies en die bestuur daarvan. Ontoereikende beplanning en wanbesteding van finansies lei tot negatiewe gevolge vir die werknemers en hul gesinne veral ten opsigte van hul maatskaplike funksionering (Bezuidenhout, 1998:6). Hierdie nadelige gevolge kan ingedeel word in terme van maatskaplike en sosiale gevolge.

Maatskaplike gevolge fokus op enkele aspekte soos byvoorbeeld middelafhanklikheid, gesinsgeweld en die ontoereikende versorging en voorsiening van noodsaaklike lewensmiddele aan kinders en eggenotes.
Bezuidenhout (1998:94) is van mening dat individue neig om hewig te drink in gevalle waar gevoelens van magteloosheid ervaar word. Die navorser is van mening dat 'n hoë mate van finansiële druk ook gevoelens van magteloosheid kan aanwakker, wat gevolglik middelafhanklikheid bevorder. Volgens Bezuidenhout (1998:91) kan middelafhanklikheid verbind word met stresvolle lewensgebeurtenisse, in hierdie geval kan na 'n finansiële krisis verwys word, waartydens werknemers hulself tot alkohol en dwelms wend as kitsoplossing vir hul probleme.

Hierdie "tydelike oplossing" verstrengel die werknemers in 'n veel groter mate binne sy probleemsituasie, en maak dit dus moeliker om die siklus te verbreek alvorens die betrokke werker breekpunt bereik.

Gesinsgeweld is 'n bykomende faktor wat kan eskaleer in omstandighede waar finansiële druk voorkom. Ross (1997:53) is van mening dat ekonomiese druk 'n bydraende faktor en stressor is wat lei tot negatiewe verandering in gesinspatrone. Gelles & Cornell (1990:107) gaan verder van die standpunt uit dat ekonomiese druk 'n bydraende faktor is tot geweld binne die huishouding. Die werknemer kan emosies van minderwaardigheid en ongeskiktheid ervaar en dan deur middel van gesinsgeweld daarin poog om steeds 'n gesagsrol te vertolk en sy mag of gesag op negatiewe wyses op sy ondergeskiktes of afhanklikes oor te dra.

Beide voorafgaande gevolge dra daartoe by dat die ontoereikende en negatiewe versorging van die gesinsopset na vore tree en groepskohesie in gesinsverband beïnvloed en selfs vernietig. Bezuidenhout (1998:6) bevestig dat degenerering van die gesin veral volg op gevalle waar rolvervulling swak is en waartydens die algemene behoeftes van die gesin nie voldoende bevredig word nie.

Onkunde en onbetrokkenheid aan die kant van die werkgewer lei dikwels tot verskeie implikasies met nadelige uitwerking op beide die werkgewer en die werknemer. Die werkgewer kan byvoorbeeld ook winsverlies ervaar as gevolg van verlaagde produksie weens die afwesigheid van werknemers as gevolg van middelmisbruik, gesinsgeweld en onbepaalde stresverlof. Werknemers se maatskaplike en sosiale probleme is onafwendbare aspekte en het 'n waarneembare invloed op die uitvoering van hul pligte en produktiwiteit binne die werksopset (Dickman, 1988:116).

Ter samevatting is dit dus duidelik dat daar 'n leemte en behoefte in die Suid-Afrikaanse arbeidsmag bestaan wat betref doeltreffende persoonlike finansiële selfbestuur en onoordeelkundige betrokkenheid by die

University of Pretoria etd – Fourie, M (2003)

mikroleningsbedryf. Hierdie geïdentifiseerde aangeleenthede kan slegs doeltreffend aangespreek en teëgewerk word deur die sinvoller en omvattender opvoeding rakende die nadelige implikasies daarvan op die maatskaplike funksionering vir die Suid-Afrikaanse arbeidsmag.

## 4. DOELSTELLING EN DOELWITTE VAN DIE STUDIE

### 4.1. DOELSTELLING

Die doel van hierdie studie is om die aard, omvang en impak van mikrolenings op die maatskaplike funksionering van lede van Korrektiewe Dienste te ondersoek.

### 4.2. DOELWITTE

Ten einde bogenoemde doelstellings te bereik, sal daar op die volgende doelwitte gefokus word:

- Om die voorkoms en beskikbaarheid van mikrolenings en mikroleningsinstansies in Suid-Afrika te eksploreer;
- om die impak van finansiële druk op die maatskaplike funksionering van individue te eksploreer;
- om deur middel van ‘n empiriese ondersoek die aard, omvang en impak van mikrolenings op die maatskaplike funksionering van lede van Korrektiewe Dienste te eksploreer;
- om aanbevelings vir die werknemerhulpprogram-praktisyn te formuleer vir toekomstige programontwikkeling.

## 5. NAVORSINGSVRAAG VIR DIE STUDIE

Beperkte navorsing is uitgevoer rakende die effek van die Mikroleningsbedryf op die maatskaplike funksionering van werknemers in Suid-Afrika. Daar bestaan dus ‘n behoefte om die bedryf te verken, te konseptualiseer en as verskynsel te onderskryf. Hierdie behoeftes dui

University of Pretoria etd – Fourie, M (2003)

daarop dat die studie ‘n **verkennende ontwerp** sal aanneem. Weens die aard van die studie, word die formulering van hipoteses nie verlang nie (Grinnel & Williams, 1990:140).

Die volgende navorsingsvraag kan aangaande die studie geformuleer word:

- Wat is die aard, omvang en impak van mikrolenings op die maatskaplike funksionering van lede van Korrektiewe Dienste ?

# 6. NAVORSINGSMETODOLOGIE

## 6.1. SOORT NAVORSING, ONTWERP EN PROSES

Die navorsing sal van ‘n **toegepaste aard** wees, met ‘n duidelike fokus op die ontwikkeling van kennis en die betekenisvolle benutting daarvan. Kennisontwikkeling is gebaseer op **empiriese navorsing**, waarvolgens die kennisbasis van die geïdentifiseerde probleem ontwikkel word. Die kennis wat versamel word deur middel van die navorsing word benut deur die toepassing daarvan (De Vos, 1998:11). ‘n Bykomende aspek wat Bailey (1987:22) voeg tot toegepaste navorsing dui daarop dat dit van toepassing kan wees op ‘n wye verskeidenheid van onderwerpe binne die grense van geesteswetenskappe.

**Kwantitatiewe navorsing** volgens Epstein (1988:185) is geskik om die voorkoms van verskynsels te kwantifiseer en te kontroleer. Die navorsing kan ook aangewend word om verlangde data met behulp van ‘n weldeurdagte vraelys te versamel deur ‘n spesifieke aantal persone binne ‘n bepaalde tydsbestek daardeur te betrek of daaraan te onderwerp. Volgens Arkava & Lane (1983); Grinnel (1988) en Babbie (1998) kan ‘n verskeidenheid doelstellings met vraelyste as hulpmiddel behaal word. Dit kan onder andere daartoe bydra dat die betrokke studie ‘n vaste noteringsvorm vir waarneming daar stel, ‘n standaardiseringsgrondslag kan neergelê word en dit kan weer dien as onderhoudsgids wat

University of Pretoria etd – Fourie, M (2003)

vervolgens die nodige rigting en struktuur verskaf wat nodig mag wees vir verdere ondersoek en/of latere implementering tydens opleiding.

Grinnel & Williams (1990:139-140) plaas die beskikbaarheid van relevante kennis en inligting rakende 'n onderwerp op 'n kontinuum, ten einde hierdie navorsing uit te wys en te onderskryf. Volgens laasgenoemde outeurs regverdig die navorser se studie 'n **verkennende** tipe van navorsing as gevolg van beperkte gepubliseerde inligting wat beskikbaar is. As gevolg van beperkte en ontoereikende literatuur word 'n verkennende studie volgens Arkava & Lane (1983:190-191) en Babbie (1998:90) ook as die toepaslikste beskou.

Die proses van data-insameling lei as volg:

**STAP 1**: Plasing van plakkate by die onderskeie afdelings ter inligting en uitnodiging aan lede van Korrektiewe Dienste rakende die ondersoek.

**STAP 2**: Die toespreek van lede tydens oggendparade. Lede sal ingelig word rakende die volgende:

- Doel van die ondersoek
- Waarde van die ondersoek
- Konfidensialiteit verbonde aan die ondersoek
- Beskerming ten opsigte van deelname aan die ondersoek
- Voltooiing van vraelyste vir data insameling
- Kontak en skakeling met navorser vir deelname

Daar sal ook tyd/geleentheid vir vraagstelling verleen word ten einde onduidelikhede uit die weg te ruim.

**STAP 3**: Respondente sal voorsien word van persoonlike toestemmingsbriewe vir deelname.

**STAP 4**: Vraelyste moet deur 40 respondente voltooi word vir doeleindes van hierdie ondersoek. Vraelyste sal individueel of groepsgeadministreerd voltooi word, afhangende van respondente se voorkeur.

University of Pretoria etd – Fourie, M (2003)

**STAP 5**: Vraelyste sal in die teenwoordigheid van die navorser voltooi word. Die navorser sal deurentyd respondente op hul gemak stel. Geen vraelys sal sodanig gemerk word dat respondente identifiseerbaar sal wees nie.

**STAP 6**: Data sal per handstelsel verwerk word. Resultate sal in 'n navorsingsverslag vervat word.

**STAP 7**: Navorsingsresultate sal aan Korrektiewe Dienste beskikbaar gestel word in die vorm van 'n navorsingsverslag. Verdere terugvoer aan respondente en belanghebbendes sal verskaf word soos deur Korrektiewe Dienste verlang sou word.

Die data-insamelingsproses kan as volg skematies voorgestel word:

**STAP 1:**

**OPENBARE UITNODIGING VAN LEDE**

**STAP 2:**

**TOESPREEK VAN LEDE TYDENS OGGENDPARADE**

**STAP 3:**

**VOLTOOIING VAN TOESTEMMINGSBRIEWE**

**STAP 4:**

**VOLTOOIING VAN VRAELYSTE**

**STAP 5:**

**DATA-INSAMELING**

**STAP 6:**

**VERWERKING VAN DATA**

**STAP 7:**

**BEKENDMAKING VAN DATA**

# 7. VOORONDERSOEK

## 7.1. LITERATUURSTUDIE

Sowel plaaslike as internasionale literatuur sal vir doeleindes van die literatuurstudie geraadpleeg word. Beperkte studies rakende die onderwerp is op plaaslike vlak uitgevoer, wat gevolglik plaaslike bronne beperk. Dis nodig om melding te maak dat die navorser literatuur sal benut wat strek oor 'n verskeidenheid van dissiplines, dit sluit onder andere in: ekonomie, menslike hulpbronbestuur en maatskaplike werk. Die internet sal ook as bron van toepaslike inligting gebruik word.

## 7.2. KONSULTASIE MET KUNDIGES

Kundiges sal deur die navorser gekontak en betrek word om te dien as deurslaggewende en belangrike bronne van inligting ten opsigte van die beoogde studie. Die volgende kundiges sal genader word: werknemerhulpprogramme – Mnre. P.Boodram (Direkteur van WHP – Korrektiewe Dienste), asook regslui – Mnr Derick De Beer sal deur die navorser genader en betrek word om noodsaaklike wetlike insette te lewer. Aan die kant van die mikroleningsbedryf self sal Mnr. S Duvenage van Vegas Financial Services genader word.

## 7.3. UITVOERBAARHEID VAN DIE ONDERSOEK

Die behoefte om mikrolenings as Suid-Afrikaanse verskynsel te ondersoek is geïdentifiseer deur die navorser self. As Maatskaplike Werker wat deel uitmaak van die Departement van Korrektiewe Dienste se arbeidsmag is die navorser in direkte kontak met 'n groot aantal lede wat volgens aanname en gespreksvoering betrokke is by mikrolenings. Die aard van kontak met respondente sal dus die navorser geredelik in kontak bring met werknemers om die gevolglike impak van mikrolenings op hul maatskaplike funksionering en dienslewering binne die

University of Pretoria etd – Fourie, M (2003)

werksopset te ondersoek. Bogenoemde sal dus die uitvoerbaarheid van die ondersoek vergemaklik omrede dit tyd- en kostebesparend sal wees.

Aangesien die navorser deel uitmaak van Korrektiewe Dienste, en die steekproef in hoofsaak sal bestaan uit lede van die Departement van Korrektiewe Dienste, sal respondente geredelik beskikbaar wees. Die respondente is almal geletterd, wat nie die voltooiing van vraelyste sal belemmer nie. Toestemming in hierdie verband sal verkry word van die betrokke Hoofde van Gevangenisse asook die teenswoordige Area Bestuurder waar lede van Korrektiewe Dienste betrek sal word.

## 7.4. TOETSING VAN VRAELYS

De Vos (1998:183) konstateer dat die voorondersoek van groot waarde is, omrede dit die graad van sukses dikwels verhoog en bydra tot die effektiwiteit van die beoogde studie. Die outeur meld verder dat die navorser die beplande vraelys deur middel van 'n voorondersoek deeglik sal eksploreer en deurgrond, waartydens moontlike probleme vooraf of tydig uit die weg geruim kan word en noodsaaklike amendemente aangebring kan word. Die geldigheid, betroubaarheid en sensitiwiteit van die vraelys sal ook terselfdertyd ondersoek word deur middel van bestudering van die data wat verkry is (De Vos, 1998:184). 'n Voorondersoek sal geloods word ten einde die geslaagdheid van die vraelys te eksploreer in terme van data wat noodsaaklik is vir die beoogde studie. Dit sal geskied deur opgestelde vraelyste aan vyf respondente te gee vir voltooiing. Die nodige regstellings of aanpassings sal vervolgens gemaak word ten einde 'n goed deurdinkte eindproduk daar te stel vir gebruik in die beoogde studie.

University of Pretoria etd – Fourie, M (2003)

## 8. OMSKRYWING VAN DIE UNIVERSUM, AFBAKENING VAN STEEKPROEF EN WYSE VAN STEEKPROEFNEMING

Vir doeleindes van hierdie studie sal die navorser volstaan met Arkava & Lane (1983:27) se teoretiese definiëring en omskrywing van die term **universum** as, die benodigde totale aantal geskikte potensiële subjekte, wat beskik oor die nodige eienskappe en voldoen aan die bepaalde vereistes verbonde aan die studie.

Die universum vir die beoogde navorsing sal dus sentreer op werknemers van die Departement van Korrektiewe Dienste. Die populasie sal fokus op lede van Korrektiewe Dienste by die Baviaanspoort Bevelsarea. Meer spesifiek sal dit saamgestel word uit werknemers ongeag van hulle aantal diensjare in die departement, rang, senioriteit, ras, geslag en/of godsdiensoortuiging, wat beskik oor die karaktereienskappe relevant vir die studie, naamlik:

- Lede van Korrektiewe Dienste wat gebruik gemaak het, of tans gebruik maak van mikrolenings

Die navorser beoog om 40 vraelyste te gebruik vir doeleindes van hierdie studie.

De Vos (1998:193) beklemtoon die belangrikheid van 'n verteenwoordigende steekproef veral weens die volgende redes:

- 'n groter mate van veralgemening sal gemaak kan word indien die steekproef verteenwoordigend is;
- die steekproef moet oor die nodige karaktereienskappe beskik van die totale populasie wat relevant is tot die betrokke navorsing.

Vir doeleindes van die navorsing sal daar van **nie-waarskynlikheidsteekproeftrekking** gebruik gemaak word, omrede daar nie van ewekansige steekproeftrekking gebruik gemaak kan word nie.
Daar sal meer spesifiek van **doelgerigte-steekproeftrekking (target sampling)** gebruik gemaak word ten einde die werkswyses en metodes

University of Pretoria etd – Fourie, M (2003)

doelgerig te kan uitvoer. Doelgerigte-steekproeftrekking word gedefinieer as 'n sistematiese en doelgerigte metode waarby lyste van spesifieke populasies binne geografiese areas ontwikkel word en waartydens gedetailleerde planne ontwerp word ten einde toepaslike hoeveelheid respondente te werf (De Vos, 1998:199). De Vos (1998:199) bevestig dat hierdie tipe nie-waarskynlikheidstrekking aangewend word in ondersoeke wat 'n aanpasbare benadering volg ten opsigte van steekproeftrekking – geen pertinente stel reëls kan voorgeskryf word nie. Kriteria vir doeleindes van hierdie studie is reeds genoem.

Hierdie tipe is geskik vir doeleindes van die studie omrede die navorser omvattende pogings gaan aanwend, onder andere openbare uitnodigings in die vorm van plakkate, asook die toespreek van lede tydens oggendparades ten einde die noodsaaklike aantal respondente te werf. De Vos (1998:199) bevestig geskiktheid: " Great effort is put into an attempt to involve a sufficient number of respondents by carefully explaining the purpose and value of the study. In target sampling the emphasis is on investigation of hidden problems in hidden populations."

## 9. <u>ETIESE KWESSIES</u>

Etiek volgens Grinnel (1988:78) is veel meer as bloot etiket, maar sluit ook die oortuigings van professionele persone in en verskaf riglyne (sedelike norme en wette) ten einde hierdie oortuigings te realiseer en verwesenlik. Navorsingsetiek moet deurlopend voor oë gehou word en verskaf 'n raamwerk asook riglyne vir die uitvoering van hierdie studie, waartydens die respondent en die professie geensins benadeel mag word nie.

Grinnel(1988:67) hou riglyne voor vir die uitvoering van navorsing, wat nou verband hou met 'n omvattende etiese kode van NASW, naamlik:

- Die uitsonderlike konsekwensies en nawerking van beoogde navorsing op menslike individue moet deurlopend deur die navorser in gedagte

University of Pretoria etd – Fourie, M (2003)

gehou word. Die navorser sal sensitief wees vir moontlike gevoelens van minderwaardigheid en depressie wat uit navorsing kan spruit, en sal gevoelens moet ventileer en individuele gevalle verwys na Werknemerhulpprogram-praktisyn indien nodig. Die navorser sal bogenoemde kan deurvoer omrede die navorser teenwoordig sal wees wanneer lede die vraelyste voltooi.

- Die navorser moet bewus wees van die feit dat alle respondente vrywillig deelneem aan die ondersoek ter tafel en dat hulle ingeligte besluite daaromtrent kan en/of mag neem. Die navorser sal van anonieme vraelyste gebruik maak ten einde die respondente se identiteit en vertroue te beskerm. Geen merke wat identifisering van vraelyste moontlik maak, sal toegelaat word nie. Alle respondente sal van 'n persoonlike toestemmingsbrief voorsien word, wat deur die betrokke respondente onderteken word ten einde hulself bereid te verklaar vir vrywillige deelname aan die ondersoek.
- Die navorser moet respondente beskerm teen enige fisiese en/of geestelike ongemak, spanning, gevaar en deprivasie. Gevoelens van respondente sal deurentyd geëksploreer word, hulle sal ook die geleentheid gebied word om gevoelens te ventilleer. Die navorser sal fisies teenwoordig wees ten einde diegene te identifiseer wat ongemak ervaar.
- Die navorser bespreek evaluering slegs vir professionele doeleindes en dan slegs met persone wat direk en professioneel belang het daarby. Geen inligting sal deur die navorser met ander persone bespreek word nie, slegs met diegene wat direk betrokke is met hierdie ondersoek.
- Alle inligting wat deur die navorser oor respondente versamel word moet streng konfidensieel hanteer word. Die navorser sal geen merke op vraelyste aanbring ten einde identiteit van respondente te kan bepaal nie, vraelyste sal ses maande na voltooiing vernietig word of geberg word soos voorgeskryf mag word deur Korrektiewe Dienste.

Die navorser sal deurentyd bogenoemde etiese kodes respekteer deur bewus te bly van respondente se menseregte asook selfbeskikkingsreg, en

bogenoemde navolg met die verloop en tydens afhandeling van die voorgenome studie. De Vos (1998:35) huldig die mening dat die reg om navorsing te doen gepaard gaan met die verantwoordelikheid daaraan verbonde waartydens alle etiese vereistes deurlopend aangespreek en gehuldig moet word.

## 10. DEFINISIES VAN HOOFKONSEPTE

Vir doeleindes van die navorsingsvoorstel sal enkele sleutelterme geanaliseer en vollediger omskryf en/of gedefinieer word. Bykomende konsepte wat dit sou regverdig sal afsonderlik en aanvullend in die onderskeie hoofstukke aangespreek en bygewerk word.

### 10.1 MAATSKAPLIKE PROBLEEM

Volgens die Nuwe Woordeboek vir Maatskaplike Werk (1995:38) dui hierdie begrip op 'n situasie waar 'n individu, groep of gemeenskap se maatskaplike funksionering belemmer word deur struikelblokke in die omgewing en/of in daardie individu, groep of gemeenskap wat vervulling van basiese behoeftes, verwesenliking van waardes en bevredigende rolvervulling verhoed.

Smith & Fontana (1981: 7) omskryf die begrip as 'n kondisie wat bestaan wanneer 'n aansienlike getal persone of 'n aantal invloedryke individue dit as onaanvaarbaar beskou in teenstelling met bestaande aanvaarde sosiale norme en waardes, wat gevolglik ook daarvan oortuig is dat die kondisie kan en moet verander. Die navorser omskryf maatskaplike probleme as situasies wat, in teenstelling met sosiaal aanvaarbare gedrag, negatiewe implikasies uitoefen op individue, groepe en gemeenskappe en gevolglik ook hul daaglike funksionering beïnvloed.

University of Pretoria etd – Fourie, M (2003)

## 10.2. FINANSIëLE BEPLANNING

Kaye (1994:2) definieer hierdie konsep vanuit 'n besigheidsgrondslag as 'n proses van analise, voorspelling van gevolge weens teenswoordige en relevante besluite, die oorweging van alternatiewe en gevolglik ook die meting van resultate in terme van doelstellings wat neergelê is.

Vir die doeleindes van hierdie studie sal hierdie definisie nie beskrywend en toereikend van aard wees nie, omrede bogenoemde definisie bedryfsgeorïenteerd is en nie die alledaagse persoon op straat (die werknemer in hierdie geval) insluit en/of voldoende aanspreek nie.

Die navorser omskryf die begrip as die prioriteitsbeplanning en bestuur van die individu se finansiële inkomstes en uitgawes ten einde 'n bevredigende lewensbestaan te kan voer, asook om te voorsien in die basiese behoeftes en bestaansmiddele van afhanklikes.

## 10.3. MIKROLENINGS (ALGEMEEN)

Mikrolenings kan gesien en omskryf word na aanleiding van die **Woekerwet, No 73 van 1968** en gepaardgaande kennisgewings, as die leen (opneem) van klein bedrae geld met 'n maksimum van R 6000, terugbetaalbaar aan die gelduitlener binne 'n kort termyn wat gewoonlik strek tussen 30 – 90 dae.

Die Micro Finance Regulatory Council (MFRC) (2002) omskryf die begrip as 'n omvattende term vir die beskrywing van gelduitlening op 'n klein skaal aan verbruikers om 'n klein besigheid te begin; studente gelde te betaal; boumateriaal aan te koop; meubels te koop ensovoorts.
Vir doeleindes van hierdie studie omskryf die navorser mikrolenings deur te verwys na die leen van geld op 'n klein skaal, deur nie-bankinstellings, aan enige lid van die samelewing, teen 'n hoë rentekoers oor 'n korttermyn tydperk.

## 10.4. GELDLENINGSTRANSAKSIE

Dit is volgens wet 'n beslote transaksie, onderhewig aan bepaalde neergelegde ooreenkomste en voorskrifte tussen ten minste twee partye, in watter vorm die lening ook al mag wees, en ongeag daarvan of dit deel uitmaak van 'n ander transaksie, wesenlik een van geldleen is (Woekerwet, no. 73 van 1968:204).

Die navorser omskryf die begrip as 'n transaksie tussen betrokke partye ten opsigte van geldleen, waarvolgens voorwaardes en leenpligte uiteengesit en onderteken word.

## 10.5. GELDUITLENER

**Mikroleeninstansies, handelsbanke en/of enige ander finansiële instansie**, **persoon of persone** wat gelduitleningstransaksies met **geldopnemers** (leners/kliënte) aangaan, ressorteer onder hierdie opskrif. Die **gelduitlener** is dus onder andere:

- Iemand wat die lening **van 'n som geld** ingevolge 'n **gelduitleningstransaksie** aan 'n voornemende geldopnemer of 'n geldnemer (lener) toestaan en/of toegestaan het;
- Iemand op wie die regte of die **regte en verpligtinge** van 'n gelduitlener ten opsigte van 'n geldleningstransaksie, hetsy **deur oordrag, sessie** of **andersins oorgegaan** het;
- Die **houer van 'n skuldakte** wat in verband met 'n **geldleningstransaksie** verkry is (Woekerwet, No. 73 van 1968: 204(i)).

Na die mening van die navorser dui hierdie begrip op 'n persoon, groep of instansie wat oor kapitaal beskik en gevolglik teen variërende voorwaardes finansiële hulp aan persone beskikbaar stel op 'n leenbasis.

University of Pretoria etd – Fourie, M (2003)

## 10.6. GELDOPNEMER

Die wet omskryf die iemand, **die lener** as 'n **geldopnemer**. Die **geldopnemer** is dus die iemand aan wie die lening van 'n **som geld** deur 'n **gelduitlener** ingevolge 'n **geldleningstransaksie** toegestaan is of iemand op wie die **regte en verpligtinge** van 'n geldopnemer ten opsigte van 'n geldleningstransaksie, hetsy deur die oordrag, sessie of andersins oorgegaan het (Woekerwet, No. 73 van 1968: 204(i)).

Die navorser is van mening dat die geldopnemer verwys na die betrokke individu wat geld leen by 'n individu of instansie wat finansiële bystand verleen.

## 10.7. WERKNEMER

EAPA-SA (1999: 5) verskaf 'n teoreties gefundeerde beskrywing eerder as definisie van 'n werknemer, naamlik dat 'n werknemer 'n persoon is wat wetlik in diens geneem is deur 'n werkgewer – hetsy deeltyds, permanent of slegs tydelik.

Die navorser omskryf hierdie konsep as enige persoon wat in diens staan en spesifieke take moet verrig ten einde kompensasie in ruil daarvoor te ontvang. Die wesenlike waarde wat werksverrigting en taakvervulling vir elke individu inhou, mag daadwerklik van persoon tot persoon verskil en moet of mag dus onder geen omstandighede ooit geringgeag of onderskat word nie.

## 10.8. WERKNEMERHULPPROGRAM

Volgens EAPA-SA (1999: 5) word 'n beskrywing, eerder as 'n definisie verskaf ten einde duidelikheid ten opsigte van die begrip te verseker, as 'n persoon – nie noodwendig 'n professioneel opgeleide persoon nie, wat

University of Pretoria etd – Fourie, M (2003)
dienste - spesifiek rakende werknemerhulpprogramme lewer byvoorbeeld berading; opleiding en verwysing.

Meer spesifiek verklaar die Nuwe Woordeboek van Maatskaplike Werk (1995: 72) werknemerhulpprogramme as dienste wat deur werkgewers aan werknemers verskaf word, ten einde werk- en maatskaplike probleme te voorkom, te verlig en uit die weg te ruim. Die doel daarvan is om werksbevrediging te bevorder, asook produktiwiteit te verhoog en algemene maatskaplike probleme teen te werk. Die navorser omskryf die begrip as dienste wat deur werkgewers aan werknemers gebied word ten einde maatskaplike probleme onder werknemers aan te spreek en gevolglik produktiwiteit van die instansie te verhoog. Hierdie dienste word deur professionele en semi-professionele persone gelewer na gelang van die behoeftes wat deur middel van behoeftebepaling geïdentifiseer is.

## 11. INDELING VAN NAVORSINGSVERSLAG

Die voorgenome navorsingsverslag sal bestaan uit vier hoofstukke.

**Hoofstuk 1: Inleiding en oriëntering ten opsigte van navorsingsverslag**

- Motivering vir keuse van onderwerp
- Probleemformulering
- Doelstelling van studie
- Aannames rakende studie
- Navorsingsmetodologie met die fokus op die tipé navorsing, ontwerp en proses
- Universum, steekproewe en metodes van steekproefneming
- Definisies van hoofkonsepte
- Indeling van die navorsingsverslag

**Hoofstuk 2: Die Mikroleenbedryf as Suid-Afrikaanse verskynsel**

- Hierdie hoofstuk sal daarop fokus om die mikroleningsbedryf as Suid-Afrikaanse verskynsel te analiseer en te omskryf. Die aard en omvang van die mikroleningsbedryf sal ondersoek word.

**Hoofstuk 3: Impak van finansiële druk op die maatskaplike funksionering van individue**

- Die omvang en impak van finansiële druk op individue se maatskaplike funksionering sal in hierdie hoofstuk uitgelig word.

**Hoofstuk 4: Empiriese ondersoek na die gebruikmaking van mikrolenings onder werknemers binne die Korrektiewe Dienste opset**

- Volgens die navorser se siening berus empiriese navorsing in hoofsaak op ondervinding en ervaringsleer. Samevattend en opsommend handel empiriese navorsing dus op:
  - **Kennisverwerwing** betreffende spesifieke konsep/te, probleme en/of leemtes;
  - **Kennisversameling** en data wat direk daarmee verband hou;
  - **Kennisbenutting** en die aanwending en toepassing daarvan in die praktyk.
- Voortspruitend uit die voorafgaande interpretasie sal vraelyste benut, versprei en voltooi word deur die universum, soos uiteengesit en aangebied deur die navorser. Ontleding van vraelyste en verdere verwerking van statistieke sal ook voortvloeiend hieruit geskied. Gevolgtrekkings en bevindinge sal voortspruitend uit die ondersoek saamgevat en voorgehou word.

**Hoofstuk 5: Gevolgtrekkings, aanbevelings & samevatting van ondersoek**

- Aanbevelings vanuit die ondersoek sal onomwonde voorgehou word. Samevattings ten opsigte van die ondersoek en studie in totaliteit, sal ter tafel gelê word.

# HOOFSTUK 2

# DIE MIKROLEENBEDRYF AS SUID-AFRIKAANSE VERSKYNSEL

## 2.1 INLEIDING

Venter (1998:1) is van mening dat, daar in teenstelling met die formele mikroleningbedryf (MLB) wat 'n redelike nuwe verskynsel in Suid-Afrika is, dit alombekend is dat die informele MLB lank reeds bedrywig is en dat hul ondernemings floreer. Venter (1998:1) onderskryf dan ook dat met die uitsondering van stokvels en informele mikrolenings, die eerste formeel gestigte mikroleningsprogramme in die vroeë negentiger jare ontstaan het. Mikrolenings word vervolgens ook na aanleiding van die Woekerwet, No. 73 van 1968, omskryf as die leen van kleiner bedrae geld met 'n maksimum van R 6000, terugbetaalbaar aan die gelduitlener binne 'n kort termyn wat gewoontlik strek tussen 30 – 90 dae.

Die MLB word in hoofsaak gereguleer deur die Woekerwet (Afdeling 15 A, Wet 73 van 1968) asook die Mikrofinansieringsreguleringsraad (MFRC) en die nuwe wetgewing wat onlangs in werking getree het (Young, 2001:8). 'n Aspek wat ten nouste gekoppel word met mikrolenings, is die rentekoerse daaraan verbonde. Young (2001:9) bevestig dan ook dat gelduitleners hoër rente kan vorder as wat deur die Woekerwet se kennisgewing en bepalings neergelê word. Die Woekerwet lê die maksimum rentekoerse neer vir ander instellings – hetsy vir die gebruik van lenings, rekeninge of private besighede. Die implikasie hiervan is dat die onus op die skouers van die geldlener rus om homself teen buitengewone hoë rentekoerse en ander nadelige implikasies te beskerm, deur voldoende ingelig te wees ten opsigte van geskrewe reëls en voorskrifte verbonde aan die MLB.

University of Pretoria etd – Fourie, M (2003)

Venter (1998:2) tref 'n onderskeid tussen drie groepe mikroleners, naamlik die informele sektor, die semi-formele sektor en die formele sektor.

Die **formele** sektor dui op daardie ondernemings en instansies wat redelik openlik funksioneer. Hulle beskik gewoonlik oor kantore in besigheidsareas met behoorlike adresse, telefoonnommers en amptelike werksure. Meeste van hierdie instansies word bedryf as beslote korporasies of privaat ondernemings (Venter,1998:5). Die **semi-formele** sektor is volgens Venter (1998:4) minder gestruktureerd as die formele sektor. Hierdie sektor word heel dikwels onder die formele sektor ingedeel aangesien hulle min of meer dieselfde produkte en dienste verskaf as die formele sektor. Venter beskryf hul motiewe en werksmetodes egter as minder deursigtig van aard (1998:4). Die **informele** sektor beskik volgens die laasgenoemde outeur nie oor vaste adresse en besigheidsure nie en ontmoet kliënte dikwels by voorafbepaalde plekke en tye. Minder gesofistikeerde metodes word dan ook gebruik om die waarskynlikheid van wanbetalings te verminder of na te spoor.

Die MFRC word beskou as een van die mees bekende en leidinggewende organisasies ten einde struktuur en voorskrifte te verskaf ten opsigte van die MLB. Meer omvattender inligting rakende hierdie spesifieke instelling word later in hierdie hoofstuk voorgehou. Vir die doeleindes van hierdie hoofstuk en die studie sal daar in hoofsaak op die formele sektor binne die MLB gefokus word. Die aard, omvang en regulering van die MLB sal dan ook van nader beskou word.

## 2.2. VOORKOMS EN VERSPREIDING VAN DIE MIKROLENINGBEDRYF (MLB)

Die MLB is lank reeds nie meer 'n rykwordskema van enkele individue nie (aldus die mening van Mnr. Ryno van Ellerwee van die Trade Conferences International, Sake-Beeld: Mei 2002:6).

Hy is verder van mening dat daar belangrike en baie positiewe ontwikkelinge binne die MLB plaasgevind het. Gepaardgaande daarmee is die belangrikheid van mikrolenings beklemtoon as feitlik die enigste bron van finansiering vir ‘n groot sektor van die bevolking, wat nie andersins toegang tot die gebruiklike banksektor sal of sou hê nie.

Na aanleiding van MILOC Holdings Ltd. (2000) is die oornames, asook die toetrede van MLB tot die formele finansiële sektor, lysting op die Johannesburgse Effektebeurs (JSE), die afname van minder effektiewe instansies en opportuniste wat slegs korttermyn wins in gedagte het, van die vernaamste en belangrikste strukturele veranderinge wat plaasgevind het. Die meerderheid oorblywende rolspelers het langtermyn doelwitte, maar wil ook iets teruggee aan die bepaalde omgewings waaruit voordeel getrek word (MILOC Holdings Ltd, 2000).

Van der Walt (1998:61) meld dat die MLB na raming R15 miljard jaarliks uitleen. In Suid-Afrika was daar reeds in 1998 sowat 30 000 instansies wat mikrolenings toegestaan het, van wie 5 000 formeel en semi-formeel was, die res het ressorteer binne die raamwerk van die informele sektor.

Venter (1998:6) is van mening dat daar binne die breë spektrum van leners ‘n verskeidenheid van professionele persone aangetref word waaronder prokureurs, sakemanne, geoktrooieerde rekenmeesters, onderwysers en gegradueerdes wat uit verskeie dissiplines ressorteer. Boere, polisielede, taxi-eienaars en nog vele ander individue word eweneens binne die profiel van die MLB aangetref. Vervolgens vermeld Venter dat entrepreneurs, wat dikwels nie oor ‘n formele werksloopbaan of behoorlike opleiding en bevoegdheid beskik nie, toenemend binne die MLB aangetref word. Die gevolgtrekking kan dus gemaak word dat daar ‘n geil teelaarde bestaan vir wanpraktyke binne die huidige vrye arbeidsmag en meer spesifiek die terrein van die informele MLB, omdat

University of Pretoria etd – Fourie, M (2003)
die rol van aanbod en aanvang, nog vir baie jare nie 'n versadigingspunt sal of gaan bereik nie.

Venter (1998:5) identifiseer die volgende kenmerke rakende die formele mikroleenbedryf, naamlik:


- Gespesialiseerde vaardighede, deskundigheid, bestuursinligting en beheer- en kontrolestelsels is nodig om die MLB op 'n lewensvatbare manier te bedryf.
- Kliënte kan oor die algemeen nie materiële of monetêre beleggings of voldoende bewyse as sekuriteit verskaf nie, wat beteken dat lenings toegestaan word sonder die normale aanvaarbare en gewaarborgde sekuriteit.
- Rentekoerse is hoër as wat deur die formele banksektor gehef word, juis as gevolg van die relatiewe klein geldbedrag van die gemiddelde lening en die groter risiko daaraan verbonde.
- Ondernemers in die bedryf is oor die algemeen nie depositonemende instellings nie. Gevolglik woeker hulle dikwels met hul eie kapitaal, met gesubsidieerde fooie of as tussengangers vir owerheidsgeborgde klein besigheids- of huisleningskemas.
- Ondernemers handel op 'n lae oorhoofse, nie-burokratiese werkswyse.
- Daar word van ondernemers vereis om groot volumes klein lenings te bedryf ten einde die oorhoofse kostes te dek en nogtans 'n wins ook te bewerkstellig.

Addisioneel meld Mogase, in Venter (1998:6), kenmerke wat ook inherent tot die MLB is, naamlik:

- Die MLB raak meer mededingend op die gebied van rentekoerse.
- Kommunikasie met kliënte is 'n belangrike faktor.
- Vinnige beskikbaarstelling van geld is 'n sleutelfaktor vir kliënte.
- Moraliteit en etiek is spesifiek meer belemmerende faktore vir mededinging in sektorsegmente van die mikroleningsmark.

University of Pretoria etd – Fourie, M (2003)

Figuur 2.1. Geografiese verspreiding van mikroleners in Suid-Afrika




Die voorkoms en verspreiding van formele mikrolenings varieer binne die grense van Suid-Afrika. Na aanleiding van statistiek (MFRC, 2002: webblad) word aangedui dat die meerderheid mikroleningsinstansies in Gauteng voorkom (25%), gevolg deur die Wes-Kaap (13%), Oos-Kaap en Kwazulu Natal met 12% elk asook die Vrystaat met 10%; die Noordelike Provinsie (Limpopo), Noord-Wes Provinsie asook Mpumalanga met 8% elk en laastens die Noord-Kaap met 4%. Hierdie verspreiding hou waarskynlik nou verband met die hoeveelheid beskikbare werksgeleenthede asook die bevolkingsdigtheid in die onderskeie gebiede.

Binne die grense van Gauteng is die bevolkingsdigtheid veel hoër as in die Noord-Kaap weens 'n verskeidenheid redes. Daar is byvoorbeeld meer werksgeleenthede in Gauteng, die hulpbronne en infrastruktuur is ook beter en hoër as in die Noord-Kaap. Die algemene peil van lewenstandaarde en eise wat daagliks aan die bevolking gestel word, is ook hoër in Gauteng. Hierdie aspekte het dus 'n beslissende invloed ten opsigte van die aanvraag en gebruikmaking van mikroleningsinstansies. Venter (1998:7) meld dat die ligging van mikroleningsinstansies, gewoonlik binne stapafstand van 'n verskeidenheid werkgewers en werknemers, een van die sterk verkoopspunte ten opsigte van die bedryf is.

University of Pretoria etd – Fourie, M  (2003)

Die verspreiding kan volgens Venter (1998:7) verbind word aan die feit dat die bedryf plaasvind in enige area waar daar 'n samedromming of toevloei van mense is. Dit is dus duidelik dat formele mikroleenkantore en fasiliteite aangetref kan word binne 'n verskeidenheid van sakesentrums, luukse kantoorkomplekse tot in swakker buurte en agterstrate (Venter, 1998:7). Namate die onsekerheid oor die toekoms en voortbestaan van die mikroleningbedryf afneem kan daar verwag word dat mikroleners hul kantore al hoe meer sal opgradeer.

Op die internasionale front meld MILOC Holdings Ltd (2000), dat die mikroleningbedryf ook aktief in die buiteland is en dat lande waar mikrolenings voorkom, die nodige wetgewing daarstel wat sterk daarop fokus om veral die belange van die geldlener en algemene publiek te beskerm. Die noodsaaklikheid en die groeiende behoefte aan die mikroleningbedryf word wyd erken en sal dus vervolgens verder in die toekoms uitgebou word. MILOC Holdings Ltd. (2000) bevestig ook dat die Suid-Afrikaanse regering deur hul aksies getoon het dat hul nie van plan is om mikroleningbedryf 'n nekslag toe te dien nie. Daar wag dus 'n blink toekoms op verantwoordbare, deursigtige en professionele rolspelers ten opsigte van die mikroleningbedryf in Suid-Afrika.

## 2.3. **TOETREDE TOT DIE MIKROLEENBEDRYF**

African Bank (1999:3) meld in hul inligtingsblad dat toetrede tot dienste van mikroleenagentskappe impliseer dat die individu geldelike probleme ondervind. Talle individue staar huidiglik finansiële probleme in die gesig weens die feit dat die inkomstes nie kan tred hou met die eskalerende lewenskostes nie. Ter ondersteuning hiervan meld Mnr. Gabriel Davel, uitvoerende hoof van die MFRC (Beeld, Mei 2002:6), dat huidige skuldstatistiek nie 'n noemenswaardige toename aandui in mikrolenings of kleinhandelskuld onder laer-inkomstegroepe nie, maar statistiek toon wel dat lenings en skuld in die meeste gevalle onder middel en hoër inkomste-groepe voorkom wat by dagvaardigings en/of –veroordelings betrokke is. Hierdie verskynsel kan veral toegeskryf word aan die feit dat

individue uit die middel - en hoër inkomstegroepe 'n bepaalde lewenstandaard gevestig het. Voortspruitend uit die alledaagse stygings, word knelpunte ervaar ten einde die lewenstandaarde te handhaaf en gevolglik word lenings aangegaan om die volhoubaarheid daarvan deur te sien. Vervolgens is hierdie statistiek 'n bewys vir die algemene publiek dat dit ook met diegene moeiliker gaan met wie dit op die oog af altyd goed gaan.

Die ekonoom, Mnr. Dawie Roodt (Beeld, Januarie 2002:6) is van mening dat verbruikers nie onnadenkend moet geld leen, bloot omdat iemand die fasiliteit aanbied nie. Indien 'n individu se begroting nie klop nie, moet sy uitgawes eerste besnoei en selfs beperk word. Dit word algemeen aanvaar dat niemand 'n individu die reg mag weerhou om 'n leningstransaksie aan te gaan nie, tensy dit deur bepaalde wetgewing anders bepaal word. Dit bly dus die individu se grondwetlike reg om self hieroor te besluit en om na goeddunke te funksioneer. Ongelukkig blyk dit ongetwyfeld in die praktyk dat veral bejaarde persone en/of ongeletterde individue, dikwels die onderspit delf as gevolg van gebrekkige inligting rakende die mikroleningsbedryf. Die vraag wat hier na vore tree, is die rede of dryfveer vir aansoek / toetrede tot 'n leningstransaksie. Mnr. Dawie Roodt (Beeld, Januarie 2002:6) huldig egter die mening dat dit geen fout is om geld te leen vir middele soos byvoorbeeld 'n rekenaar, waarmee inkomste verdien kan word nie. Die probleem wat egter na vore tree is wanneer geld geleen word om byvoorbeeld kruideniersware te koop. Hierdie tipe lening gaan gevolglik ook 'n besliste invloed uitoefen op die individu se kontantvloei oor die volgende paar maande.

Venter (1998:30) hou die volgende faktore voor wat belemmerend inwerk op die toetrede tot die mikroleningbedryf. Hierdie faktore sluit onder andere in:

- Onkunde oor die aard en wese van die mikroleenbedryf kan as die grootste enkele probleem uitgesonder word. Die negatiewe persepsies word dikwels gekoppel aan die handelinge van instansies binne die

University of Pretoria etd – Fourie, M (2003)

semi-formele en informele mikroleensektore. Hierdie negatiewe persepsies lei gevolglik tot ongeregverdigde problematiek vir die formele mikroleenbedryf wat betref positiewe uitbouing, uitbreiding en positiewe groei van die mikroleenbedryf.

- Die sekuriteit van die mikrolener weerhou beleggers om te belê weens die veiligheidsrisiko verbonde aan die bedryf. Gewapende rooftogte as gevolg van die hoeveelhede kontant wat hanteer word, bly 'n groot risiko. Die voortbestaan van die mikroleenbedryf word bedreig deur hierdie rooftogte. As gevolg van vermelde veiligheidsfaktor, sal daar verhoed word dat die formele mikroleenbedryf agtergeblewe gemeenskappe bereik.

Die gevolgtrekking kan dus gemaak word dat die aard en wese van dienslewering in die belang van verbruikers is, mits die regulering van die mikroleenbedryf streng toegepas word. Vir toetrede tot die mikroleenbedryf deur die verbruiker, stem verskeie outeurs ooreen dat die verbruikers ingelig en selektief moet wees tot presies watter mikrolener hy homself wil verbind – die verbruiker moet dus rondsoek na die mees ekonomiese en toereikendste opsie wat die individu se sak sal pas (Beeld, Januarie:2002 en Young, 2001:9). Motiewe vir toetrede tot die mikroleenbedryf deur verbruikers blyk uit navorsing legio te wees. Elke individu se behoeftes en problematiek verskil asook die prioriteite verbonde aan die aanspreek van die betrokke behoefte. Die tyd van die jaar kan ook 'n bydraende faktor wees wat 'n bepalende invloed kan uitoefen op die verbruiker se toetrede tot die mikroleenbedryf.

Mnr. Dawie Roodt bevestig hierdie aanname deur te meld dat Januarie tradisioneel 'n baie lang maand vir die meeste verbruikers is, aangesien baie geld gedurende Desember bestee word as gevolg van Kersgeskenke, vakansies en in die voorsiening van skoolklere en skoolgeld vir die nuwe jaargang. 'n Alternatiewe rede wat deur Roodt voorgehou word is verbruikers se inherente vrese dat pryse in die nuwe jaar aansienlik sal styg (Beeld, Januarie,2002:6).

University of Pretoria etd – Fourie, M (2003)

Statistiek van die MFRC (2000) dui die verspreiding aan waarop lenings in hoofsaak spandeer word, naamlik:

- 24% Noodfinansies, byvoorbeeld vir begrafnisse en onvoorsiene mediese omstandighede soos hospitalisasie en/of noodoperasies
- 21% Verbruiksfinansies, byvoorbeeld kruideniersware en geld vir vakansie
- 15% Onderwys en opvoedingsaangeleenthede
- 10% Huishoudelike - en boumateriale vir reparasies en instandhouding
- 7% Huishoudelik ander, byvoorbeeld betaling van rekeninge of ander skuld
- 6% Meubels
- 5% Klerasie
- 4% Besigheidsfinansiering

Die strewe na onmiddellike behoeftebevrediging, blyk verbruikers te dryf na die mikroleenbedryf. Onvoorsienne omstandighede lei dus dikwels daartoe dat vinnige en ondeurdagte besluite geneem word, wat nadelige invloede en uitwerking op die langertermyn funksionering van die individu en gesin uitoefen. Van der Walt (1998:63) bevestig ook dat navorsing aangedui het dat een derde van lenings gebruik word vir die betaling van rekeninge, terwyl daar 'n groot aanvraag bestaan na lenings vir die betaling van onderwys- en skooluitgawes.

## 2.4. REGULERING VAN DIE MIKROLEENBEDRYF

Die Mikrofinansieringreguleringsraad (MFRC), is byeengeroep om kontrole uit te oefen ten opsigte van die mikroleenbedryf in Suid-Afrika (MFRC, webblad:2002). Hierdie mag is aan die MFRC verleen deur wetgewing wat bepaal is deur die Minister van Handel en Nywerheid. Die mikroleenbedryf word vrygestel van die bepalings van die Woekerwet (Van der Walt, 1998:63). Die MFRC is 'n nie-winsgewende organisasie wat

goedgekeur is deur die Minister van Handel en Nywerheid om te verseker dat ooreenstemming geskied ten opsigte van die kenninsgewing van vrystelling van die Woekerwet. In terme van voorafgaande kennisgewings en bepalings dek die MFRC se mandaat die volgende, naamlik:

- Die positiewe bevordering en uitbouing van die mikroleenbedryf.
- Ondersteuning aan die bedryf ten opsigte van deurlopende groei en ontwikkeling.
- Verleen vertrouenswaardige aansien aan die bedryf.
- Voorsiening in die kredietbehoeftes van Suid-Afrikaanse burgers, wat nie normaalweg toegang tot die formele banksektor het nie.
- Beskerming van verbruikers teen wanpraktyke en uitbuiting deur mikroleners.
- Opleiding van verbruikers asook gelduitleners ten opsigte van hul regte en verpligtinge.

Die hoofdoel van die MFRC is om te verseker dat alle mikroleners by die betrokke raad geregistreer is, asook om sover moontlik te verseker dat mikroleners wetlik funksioneer in terme van spesifieke reëls en ten einde laaste om die algemene publiek teen wanpraktyke te beskerm (MFRC webblad:2002).

Die MFRC vervul die volgende funksies soos uitgestip in hul webblad (2002):

- Registrasie en akkreditering van mikroleners by die raad in ooreenstemming met neergelegde kriteria wat daargestel is deur die Minister van Handel en Nywerheid.
- Om te verseker dat mikroleners funksioneer volgens wetgewing in ooreenstemming met die vrystelling van die Woekerwet en reëls verbonde aan die raad.
- Hantering van klagtes van verbruikers op regverdige en toereikende basis.
- Inspeksie van geakkrediteerde mikroleners en implementering van wetgewing en reëls soos neergelê deur die raad.

University of Pretoria etd – Fourie, M (2003)

- Opvoeding, kommunikasie en inligting van geldleners, mikroleners en alle lede van die publiek ten opsigte van die MFRC, sy rol en funksies.

Van der Walt (1998:63) meld dat die Mikroleners Assosiasie (MLA) van mening is dat markdinamiek die rentekoerse bepaal. Meeste mikroleners vra tussen 20% en 30% rente per maand. Indien die terugbetalingstermyn oor ‘n paar maande strek, sal die rentekoers nader aan 20% wees. Dis nodig om te beklemtoon dat mikroleners egter enige rentekoers kan hef – daar bestaan geen wetlike beperkinge nie. Die gevolg hiervan is dat die algemene publiek moet rondsoek na die bes moontlike opsie alvorens ‘n lening aangegaan word.

Baie aandag word geskenk aan die beeld van die MLB. Nuusberigte, artikels en verklarings dui pertinent daarop dat die beskerming van die algemene publiek wat betrokke is by mikrolenings, hoë prioriteit geniet. Nuwe reëls en voorskrifte van die MFRC het op 1 Julie 2002 in werking getree, na afloop van die Southern African Micro Finance Summit, wat in Gauteng plaasgevind het. Die belangrikste veranderinge handel oor die nasionale uitleningsregister, roekelose uitleenprosedures en mikroleningsagente. Volgens die Sake-Beeld (Mei 2002:6) is hierdie reëls nie net ontwikkel om bestaande struikelblokke uit die weg te ruim nie, maar verleen dit ook aan die MFRC meer mag as voorheen om doeltreffend op te tree teen mikroleners wat die voorgeskrewe reëls oortree. Verder meld Sake-Beeld dat die nuwe voorskrifte daarop gemik is om te verhinder dat mense in die laer en middelinkomstegroepe in ‘n “skuldstrik” verval (Mei 2002:6).

Voorskrifte oor die nasionale uitleningsregister kontroleer en reguleer ‘n databasis met relevante inligting van mikroleners. Die nasionale uitleningsregister kan ‘n besliste verskil bewerkstellig aangesien verbruikers doelgerig beskerm word en om te verhoed dat verbruikers as gevolg van skuld, die onderspit delf. Met behulp van hierdie register kan

University of Pretoria etd – Fourie, M (2003)

gelduitleners vooraf bepaal wat die verbruiker se skuldlas is en alternatiewe voorhou, alvorens 'n lening goedgekeur of toegestaan word.

Hierdie nuwe bepalings sal ook die beeld van die MLB verbeter, omrede dit bestaande kritiek teen die MLB sal teenwerk. Hierdie vernuwing van hersiene reëls sal ook die verbruikers daadwerklik tot voordeel strek en groter beskerming bied. Die reëls oor roekelose uitlening verwag van mikroleners om die aansoeker se stand van skuld en sekere ander finansiële verpligtinge soos byvoorbeeld agterstallige skuld aan munisipaliteite en onderhoudverpligtinge te kontroleer, alvorens 'n lening toegestaan word (Beeld, Junie 2002:6). Boetes van tot R 25 000 kan opgelê word in gevalle waar geld onoorwoë uitgeleen word. Verdere kontrolemaatreëls wat voorgehou word fokus op die agente wat werksaam is by mikroleeninstansies. Daar word vervolgens van mikroleners vereis om 'n volledige register by te hou van sy agente wat aangewys is. Agente moet positief beskik oor identifikasiekaarte, waarop die kentekens van beide die betrokke mikorleningsinstansie en MFRC aangedui is. Hierdie maatreël sal dus daartoe bydra dat mikroleners groter verantwoordelikheid moet aanvaar vir optredes van hul agente en makelaars (Beeld, Junie 2002:6).

Dit is dus duidelik dat die MFRC as statutêre liggaam doelwitte en mikpunte daarstel vir die korrekte en effektiewe regulering van die mikroleningsbedryf. Deur middel van die nuwe reëls en voorskrifte kan daar verwag word dat optredes van mikroleners positief kan verbeter, asook dat verbruikers doeltreffender beskerm sal word. Alle veranderinge en hersiening van regulasies en die toepassing daarvan kan die mikroleningbedryf se beeld ten goede beïnvloed. Daar sal regenerasie moet geskied van die bestaande negatiewe beeld verbonde aan die mikroleenbedryf, na afloop van die implementering van nuwe reëls en regulasies. Hierdie veranderinge sal ook 'n verhoogde mate van vertroue by die publiek vestig rakende die funksionering en dienslewering van mikroleeninstansies.

University of Pretoria etd – Fourie, M (2003)

## 2.5. REGERING SE BETROKKENHEID BY DIE MIKROLEENBEDRYF

Van der Walt (1998:61) maak melding dat bestaande Suid-Afrikaanse finansiële instellings oorwegend ingestel is op die Eerstewêreld-ekonomie, wat gevolglik verder daartoe bydra dat miljoene behoeftige mense en die sub-werkersklas, nie deur die bestaande finansiële instellings ondersteun word nie. Daar moet dus alternatiewe oplossings gesoek word ten einde hulle nood te verlig – daarom is veral hulle blootgestel aan moontlike uitbuiting en wanpraktyke in die proses van probleemoplossing. Die Departement van Handel en Nywerheid het omvattende maatreëls saamgestel vir die regulering van die mikroleenbedryf. Hierdie maatreëls is daarop gemik om beter beskerming te bied aan verbruikers wat noodgedwonge klein lenings buite die banksektor moet aangaan.

Soos reeds vermeld deur MILOC Holdings Ltd. (2000) het die regering geen voornemens of planne om die mikroleenbedryf in Suid-Afrika te kelder nie. Die risiko verbonde aan ongeregverdigde teenkanting sal dus daartoe bydra om die bedryf weer te dwing na 'n ondergrondse beweging te dwing, waar onder andere geen invloed op byvoorbeeld rentekoerse, werkwyses, regulering en kontrole uitgeoefen kan word nie. MILOC Holdings Ltd (2000) is daarvan oortuig dat die regering, met inagneming van die huidige ontwikkelinge en veranderinge wat plaasvind, oor talle geleenthede beskik wat nodig is om verbruikers van mikrolenings te beskerm en terselfdertyd ook te kan toesien dat die mikroleningsbedryf na wense funksioneer en reguleer word. Die mikroleningsbedryf in Suid-Afrika het reeds bewys gelewer dat hulle saam met die regering wil werk, insluitende die SA Reserwe Bank, die finansiële sektor in totaliteit, asook die aangewese beskermers van die openbare publiek.

Die gevolgtrekking kan dus gemaak word dat die regering 'n fyn balans moet handhaaf ten einde die verbruikers en publiek se belange te beskerm, asook om die mikroleenbedryf as sodanig in Suid-Afrika uit te

bou. Dit is belangrik dat die Regering, in samewerking met die bankwese en versekeringsmaatskappye, met oplossings vorendag moet kom ten einde onder andere Staatsamptenare by te staan om sodoende beter beheer en delegering oor hul finansies uit te oefen.

Mongi Mali (2001) bevestig en onderskryf 'n aksieplan van die Regering wat in werking gestel is om Staatsamptenare te beskerm teen aftrekkings op die Persal-sisteem – die aftrek van goedgekeurde betalings direk vanaf die individu se salaris. Nuwe voorskrifte in hierdie verband sien as volg uit:

- Nie meer as 15% van 'n werknemer se basiese salaris mag afgetrek word vir versekeringspremies nie.
- Nie meer as 25% van 'n werknemer se basiese salaris mag afgetrek word vir die betalings van lenings nie.
- Staatsamptenare mag byvoorbeeld nie minder as R 750 per maand van sy basiese salaris, na aftrekkings huis toe neem nie.

Mongi Mali (2001) onderskryf die volgende siening van die regering ten sterkste:

"The Government of South Africa
has a vision of a prosperous nation,
which works together for the good of the whole country.

To make this vision a reality,
We need a strong, motivated public service.
This means public servants who are happy
And do their jobs well, set an example to the country
Both in the way they earn their money
and in the way they manage it."

Die regering kan dus nie passief staan ten opsigte van die MLB nie, en moet dus 'n doeltreffende sisteem ontwikkel ten einde in die belang van beide die publiek en die MLB te kan optree.

University of Pretoria etd – Fourie, M (2003)

## 2.6. OPVOEDERSROL TEN OPSIGTE VAN DIE MIKROLEENBEDRYF

Mittner (Beeld, Mei 2002) meld dat Bankseta, die opleidingsinstelling van die banksektor, sy hersiene opleidingsinisiatief vir die mikrofinansieringsbedryf bekend gestel het. Die inisiatief is gegrond op die gebrek aan sakekennis by mikroleners wat groei in die bedryf kniehalter.

Mikroleners beskik dus oor 'n verantwoordelikheid teenoor die verbruikers om hulle deeglik in te lig rakende hul dienste ten einde die verbruiker in staat te stel om 'n ingeligte besluit te neem. Wanneer die individu hom tot mikroleners wend, ontstaan die vermoede dat die individu reeds ander alternatiewe oorweeg het en voel dat hy/sy oor geen ander oplossingsmeganisme beskik het nie. Die aanvoeling van die mikrolener dat die individu nie van hul dienste sal gebruik maak indien hulle kennis maak met die fyner detail verbonde aan die lening nie, sal dus afgemaak word omrede die individu reeds desperaat is.

Tiras (1997:119) is van mening dat werknemers ook by hul werksplek omvattende opleiding ten opsigte van finansies verlang. Ten einde finansiële selfstandigehid en sekuriteit te verwesenlik, is 'n komplekse proses wat nie algaande makliker word nie. Tiras (1997:119) is oortuig daarvan dat talle werknemers ernstige finansiële krisisse ondervind, maar nie die werklike realiteit daarvan besef nie. Opleiding ten opsigte van mikrolenings kan nie uitgesonder word as bloot die taak van 'n individu, organisasie of spesiefieke groep nie. Opleiding in hierdie verband is die taak van drie hoofrolspelers, naamlik die mikroleners, die werksplek, asook die individu self, ten einde 'n weldeurdagte en goedingeligte openbare vebruikersisteem te vestig. Verantwoordelikheid word dus gekategoriseer vir doeltreffender gebruikmaking van mikrolenings asook die bestuur van persoonlike finansies.

University of Pretoria etd – Fourie, M (2003)

## 2.6.1.DIE MIKROLENER

Die mikrolener is na aanleiding van voorskrifte verantwoordelik vir die oordra van noodsaaklike inligting aan die verbruiker. Hierdie aspekte sluit volgens Young (2001:9) die volgende in:

- Klagte-prosedures moet tot beskikking van die verbruiker wees.
- Die transaksie moet in totaliteit aan die verbruiker verduidelik en uiteengesit word in ‘n voertaal wat vir die betrokke verbruiker ten volle verstaanbaar is.
- ‘n Afskrif van die kontrak moet in geheel voorsien word alvorens daar enige oorhandiging van finansies plaasvind.
- Die ooreenkoms is onderhewig aan ‘n drie (3) werksdae afkoelperiode waartydens die verbruiker die kontrak kan of mag kanselleer – al is die kontrak reeds onderteken.
- Dit is onwettige optrede en misbruik van mikroleners om die PIN-kode, ‘n bankkaart of identiteitsdokument te neem of op te eis as sekuriteit vir terugbetaling.

Hierdie is enkele aspekte waarop die mikrolener kan fokus en die verbruiker voortydig kan inlig ten einde ‘n duidelike beeld te skep van die transaksie waaroor onderhandel word en waarvoor die lener homself inlaat.

Opleiding aan mikroleners is eweneens ‘n belangrike aspek waaraan die Bankseta tans aandag gee. Mittner (Beeld, Mei 2002) verklaar dat die gebrek aan vaardighede aan die kant van die mikroleners dikwels bydra tot die negatiewe persepsies wat bestaan jeens die mikroleningbedryf. Hy meld verder dat opleiding sal fokus op die bestuur van risiko. Rakende opleiding het Bankseta vyf (5) areas geïdentifiseer waarop daar gefokus sal word, naamlik:

- Informasie tegnologie en verbandhoudende vaardigheidsontwikkeling
- Bestuur en leierskapvaardigheidsontwikkeling
- Kliënte kontak/vehoudingsvaardigheidsontwikkeling
- Spesialis finansiële vaardigheidsopleiding

University of Pretoria etd – Fourie, M (2003)

- Interne kantoor prosesse en ondersteuningsvaardigheidsopleiding

Hierdie areas dek 'n wye spektrum beskermende aspekte waarby die mikroleners sal baat vind ten einde die verbruikers 'n ingeligte keuse te laat maak. Hierdie beoogde opleiding van mikroleners hou nie slegs voordeel in vir die geldleners of verbruikers nie, maar die MLB sal ook direk daarby baatvind, omrede die beeld van die bedryf in geheel meer verbruikersvriendelik daarna sal uitsien. Die negatiewe persepsies wat omtrent die bedryf bestaan sal positief teengewerk kan word, omrede die aanvanklike winsmotief meer op die agtergrond sal skuif en daar sterker gefokus sal word op verbeterde kliëntediens. Uiteindelik sal hierdie benadering wedersydse belange van beide kliënt en mikroleningsinstansie positief uitbou en beskerm.

### 2.6.2. DIE WERKSPLEK

Knight & Knight (2000:61) hou dan ook voor dat die volgende aspekte oorsaaklik kan wees ten opsigte van finansiële probleme waarop werkgewers attent en voorbereid moet wees, naamlik:

- Uitermatige gebruik van kredietfasiliteite 39%
- Verminderde inkomste / werkloosheid 24%
- Swak finansiële bestuur 15%
- Egskeiding / vervreemding 8%
- Mediese uitgawes 7%
- Ander 7%

Met behulp van werknemerhulpprogramme en vroeë identifisering van probleme kan finansiële probleme voorkom word. Tiras (1997:119) meld dat dit nie net van belang is dat werknemers moet weet hoe om hul geld te belê of te bestee nie, maar dis ook van wesenlike belang dat hulle moet weet hoe om finansiële beplanning deur te voer. Laasgenoemde outeur is van mening dat die werkgewer homself in 'n besonder geskikte posisie

University of Pretoria etd – Fourie, M (2003)

bevind om opleiding rakende finansiële aangeleenthede aan werknemers te verskaf. Die werkgewer het direkte kontak met die werknemer se salaris omdat hy dit administreer en probleemareas kan identifiseer. Menslike hulpbronafdelings, volgens Tiras (1997:119), is geskik om 'n soliede grondslag daar te stel ten opsigte van persoonlike finansiële bestuur en die beginsels daaraan verbonde. Ter ondersteuning hiervan meld die Mikrofinansieringreguleringsraad (Beeld, September 2002) dat riglyne aan werkgewers verskaf gaan word oor hoe om werknemers te bestuur wat hulself in te veel skuld gedompel het. Werkgewers moet ook baie versigtig wees indien hulle self geld uitleen, omrede dit botsende belange tot gevolg kan hê in gevalle waar rondgekyk moet word vir die beste pryse. Volgens die MFRC moedig hierdie riglyne werkgewers aan om raad te gee aan die werknemers met baie skuld asook om die nodige verwyssings te kan doen vir verdere kundige advies aan diegene wat hulp benodig.

Die werkgewer speel dus 'n belangrike en deurslaggewende rol ten opsigte van die opleiding van werknemers rakende mikrolenings asook algemene finansiële selfbestuur. Werkgewers is daagliks met diegene in kontak wat met skuldlaste sit wat moeilik oorbrugbaar is. Die werkgewer moet dus mede-verantwoordelikheid aanvaar vir beter finansiële bestuursopleiding van sy werknemers omrede dit ook die organisasiekultuur en produktiwiteit as geheel positief sal en kan bevorder.

### 2.6.3. <u>DIE INDIVIDU</u>

Dit blyk uit ervaring dat die mens verantwoordelikheid vir sy eie dade moet aanvaar. Indien die individu dus spesifieke terreine wil betree en by sekere aktiwiteite wil inskakel, hy daarmee vertroud moet wees of die inisiatief moet neem en sy kennis daaromtrent verbreed. Presies dieselfde benadering geld vir verbruikers wat by mikroleners aanklop vir gebruikmaking van dienste wat vrylik bemark word.

University of Pretoria etd – Fourie, M (2003)

Young (2001:9) identifiseer verskeie aspekte waarvan die verbruiker homself moet vergewis alvorens hy by 'n mikroleningsinstansie betrokke raak, naamlik:

- Die verbruiker moet uitkyk en navraag doen vir 'n registrasiesertifikaat by die MFRC.
- Mikroleners mag nie BTW las op die rente wat hulle aan die verbruikers hef nie.
- Daar mag van die verbruiker verwag word om 'n lewenspolis uit te neem ten einde die lening te dek ingeval van dood, ongeskiktheid of werkloosheid.
- Mikroleners mag nie vooruitbetalings vereis vir dienste aan verbruikers in gevalle waar transaksies nie toegestaan is of waar geld nie uitbetaal is nie – uitsluitend kostes vir evaluering of voorbereiding van besigheidsplanne.
- Mikroleners mag geen deposito's neem vanaf die algemene publiek nie, tensy hulle as 'n bank geregistreer is nie.

Elke individu moet homself sodanig bekwaam en vergewis ten einde die beste waarde vir sy/haar geld te kry. Dit is ook die plig van 'n onkundige persoon, in hierdie geval ten opsigte van mikrolenings, om homself voor te berei vir uitdagings en versoekinge wat hom in die gesig staar. Basiese inligting rakende die mikroleningsbedryf is beskikbaar ten einde te verhoed dat die verbruiker gekul word, maar dit bly sy individuele verantwoordelikheid vir omvattende inligtingversameling.

## 2.7. SAMEVATTING

Ter samevatting is dit duidelik dat die mikroleenbedryf as Suid-Afrikaanse verskynsel daadwerklik 'n groeiende bedryf is. Die instelling van statutêre liggame soos die MFRC is van groot belang ten einde te verseker dat die verbruiker asook die bedryf beskerm kan word. Hierdie reguleringsmaatreëls dra daartoe by dat effektiewe en doeltreffende werkswyses gevestig word vir mikroleners om wettiglik hul sake te bedryf

University of Pretoria etd – Fourie, M (2003)

met inagneming van die regte van die verbruikers asook die algemene publiek.

Die mikroleenbedryf as groeiende sektor is besig om vlerke te sprei en uit te brei dwarsoor Suid-Afrika. Huidiglik dui die verspreiding daarop dat mikroleners veral floreer in stedelike gebiede, naby besigheidssentra en waar groot hoeveelhede mense saamtrek. Namate die mikroleenbedryf groei en duidelike riglyne gestel word vir gebruikmaking en funksionering van mikroleeninstansies, sal meer plattelandse streke ook van dienste voorsien word.

Toetrede tot mikroleeninstansies is vrywillig en hang af van die individu se prioriteite en behoeftes. Regulering van die mikroleenbedryf geskied streng volgens die Mikrofinansieringreguleringsraad (MFRC) asook etlike wetgewing daargestel deur die Departement van Handel en Nywerheid en belanghebbende rolspelers.

As verbruiker word betroubare dienste verlang. Ten einde te verseker dat weldeurdagte keuses in hierdie verband gemaak word, moet die individu self ook verantwoordelikehid neem vir doeleindes van kennisversameling. Opvoeding ten opsigte van mikrolenings moet in ‘n ernstige lig beskou word en sterk in oorweging geneem word, ten einde verbruikers se belange na beste te kan beskerm. Die werkgewer in hierdie verband moet ‘n groot en bydraende rol speel omdat dit deel uitmaak van gesonder finansiële selfbestuur.

In die hieropvolgende hoofstuk sal die impak van die mikroleningbedryf op die maatskaplike funksionering van individue van nader ondersoek word. Die mikroleenbedryf sal dus ook as verskynsel beter verstaan word ten einde enige oorblywende probleme en kwellinge te oorbrug en uit die weg te ruim.

# HOOFSTUK 3

## DIE IMPAK VAN FINANSIëLE DRUK OP MAATSKAPLIKE FUNKSIONERING VAN INDIVIDUE

### 3.1. INLEIDING

In hierdie hoofstuk sal daar in hoofsaak gefokus word op die impak en uitwerking wat finansiële druk en ontoereikende persoonlike finansiële beplanning moontlik op die maatskaplike funksionering van mense kan uitoefen. In die voorafgaande hoofstuk is 'n breedvoerige uiteensetting betreffende die mikroleenbedryf voorgehou, wat as vertrekpunt beskou kan word vir daaropvolgende hoofstukke. In hierdie hoofstuk sal inligting voorgehou word ten opsigte van maatskaplike en sosiale implikasies wat kan voortspruit uit swak finansiële beplanning en finansiële druk.

### 3.2. BEGRIPSOMSKRYWINGS

#### 3.2.1. MAATSKAPLIKE FUNKSIONERING

Volgens die Nuwe Woordeboek vir Maatskaplike Werk (1995:37) word die begrip gedefinieer as die geheel van 'n individu se rolvervulling op alle bestaansvlakke in wisselwerking met ander individue, gesinne, groepe en gemeenskappe of situasies.

Vir doeleindes van hierdie ondersoek word hierdie begrip dan ook in kort beskou as die individu se alledaagse interaksies of handelinge, ten einde sy of haar take na die beste van hul vermoë te verrig, asook om hul rolverwagtinge te bemeester. Johnson (1995:13) meld dat maatskaplike funksionering twee belangrike komponente insluit naamlik: menslike hanteringsvaardighede asook omgewingseise. Die wisselwerking tussen bogenoemde twee komponente moet gebalanseerd geskied ten einde 'n mate van ekwilibrium binne die persoon se verwysingsraamwerk te

University of Pretoria etd – Fourie, M (2003)

verseker. ‘n Staat van ekwilibrium is die uiteindelike resultaat wat elke individu moet nastreef.

### 3.2.2. MAATSKAPLIKE PROBLEEM

Etzioni (1976:1) is van mening dat die kriteria vir besluitneming ten opsigte van wat as ‘n maatskaplike probleem bestempel kan word baie kan varieer. Wat vir ‘n individu of groep as ‘n probleem bestempel word, mag deur ‘n ander individu of groep teengestaan word as ‘n ongegronde probleem as gevolg van verskille aangaande normes en waardes. Eersgenoemde outeur illustreer hierdie opinie deur te verwys na stakings as ‘n maatskaplike probleem. Stakings verwys na die gevaarlike konsentrasiegroepering van mag in die hande van ‘n groep – maar in teenstelling daarmee word die magteloosheid van werknemers in groepsverband as ‘n maatskaplike probleem beskou.

Ter uitbreiding hierop omskryf die Nuwe Woordeboek vir Maatskaplike Werk (1995:38) die begrip as ‘n situasie waar ‘n individu, groep of gemeenskap se maatskaplike funksionering belemmer word, weens die teenwoordigheid van struikelblokke in die omgewing wat vervulling van basiese behoeftes, verwesenliking van waardes en bevredigende rolvervulling teenstaan of verhoed.

Smith & Fontana (1981:7) beskou ‘n maatskaplike probleem as ‘n situasie wat gesien word as onaanvaarbaar en in teenstelling is met bestaande norme en waardesisteme. Hierdie situasie moet dus essensiële verandering ondergaan.

Ter samevatting is dit dus duidelik dat ‘n maatskaplike probleem in die weg staan van individue, groepe en gemeenskappe om optimale maatskaplike funksionering te bewerkstellig.

University of Pretoria etd – Fourie, M (2003)

### 3.2.3. SISTEEM

Sisteem verwys, na aanleiding van die Nuwe Woordeboek vir Maatskaplike Werk (1995:39), na die geheel van komplekse eenhede in 'n bepaalde interaksionele verhouding, waar wedersydse beïnvloeding plaasvind. Om hierdie rede is ordelikheid en gereguleerdheid ook kenmerkend van 'n sisteem.

Die omskrywing van hierdie begrip blyk noodsaaklik te wees, omrede verskeie sisteme teenwoordig is binne die verwysingsraamwerk van 'n enkele individu, groep of gemeenskap, wat gevolglik weens wedersydse beïnvloeding op alle vlakke, funksionering kan beïnvloed.

### 3.2.4 SISTEEMTEORIE

Johnson (1995:10) is oortuig dat menslike behoeftes nie oorweeg kan word afsonderlik van groter sisteme binne die persoon se verwysingsraamwerk nie. Verder is die outeur van mening dat elke sisteem omgewingseise aan die individu stel, wat besef moet word ten einde behoeftes sinvoller te kan identifiseer.

Daar sal ook vir doeleindes van hierdie studie gefokus word op die bilaterale beïnvloeding van sisteme en die rol wat sisteme in die alledaagse lewe van die individu illustreer. 'n Voordeel van die sisteemteorie wat deur Compton & Galaway (1994:130) aangevoer word, dui daarop dat die sisteemteorie 'n raamwerk daarstel vir die byeenbring van data aangaande die totale reeks elemente wat inwerk op sosiale probleme.

University of Pretoria etd – Fourie, M (2003)

## 3.3. DIE IMPLIKASIES VAN FINANSIëLE DRUK EN SWAK FINANSIëLE BEPLANNING

" What we represent – although this is not always apparent – is man become aware of mankind. It is on the level of human awareness that virtually all solutions to the great problems must now lie" – C. Wright Mills

Hierdie stelling beklemtoon die belangrikheid om bewus te raak van mense, asook hul kwellinge en tekortkominge, binne die onmiddellike milieu waarin individue hulle bevind. Waarneming en bewuswording is selde voldoende, en vereis dikwels van finansiële diensverskaffers om handelend op te tree. Samewerking oor grense heen, byvoorbeeld finansiële instansies en werkgewers, is belangrik en moet daadwerklik nagestreef word.

'n Knelpunt wat in hierdie navorsing onder die soeklig geplaas word, is die impak van mikrolenings op die maatskaplike funksionering op lede van die Departement van Korrektiewe Dienste. Weens gebrek aan relevante literatuur ten opsigte van hierdie spesifieke onderwerp, sal daar gefokus word op die meer algemene gevolge wat finansiële druk tot gevolg kan hê. Die aangaan van, en toetrede tot lenings word dikwels verbind aan oorsaaklike faktore, veral armoede. Johnson & Schwarts (1994:54) beskou armoede egter as 'n ernstige sosiale probleem wat bydra tot individue se onvermoë om in hul basiese behoeftes te voorsien. Ander alternatiewe redes vir toetrede tot die mikroleenbedryf is reeds in die voorafgaande hoofstuk uiteengesit.

Die implikasies verbonde aan finansiële druk en moontlike betrokkenheid by die mikroleenbedryf kan na beste beskryf word binne die raamwerk van maatskaplike en sosiale implikasies.

University of Pretoria etd – Fourie, M (2003)

### 3.3.1. MAATSKAPLIKE EN SOSIALE IMPLIKASIES

‘n Verskeidenheid maatskaplike en sosiale implikasies kan voortspruit uit individue se onvermoë om hulle persoonlike finansies suksesvol te bestuur. Dis juis as gevolg van onkunde en die wanbesteding van finansies dat oplossings gesoek en nagestreef word om finansiële ongemak te verlig wat uiteindelik lei tot toetrede van die mikroleenbedryf. Moontlike probleme wat hieruit kan voortspruit sal vervolgens bespreek word.

#### 3.3.1.1. MIDDELAFHANKLIKHEID

Verslaafdheid, volgens Bezuidenhout (1998:87), dui op die herhaaldelike gebruik van ‘n dwelmmiddel wat ‘n periodieke of chroniese vergiftiging tot gevolg het wat uiteindelik die geaffekteerde individu en samelewing nadelig beïnvloed. Die invloed wat middelafhanklikheid op alle sisteme binne die individu se integrale verwysingsraamwerk uitoefen, het ook ‘n impak op sy of haar maatskaplike funksionering.

Bezuidenhout (1998:90) hou verskeie redes en oorsake voor vir dwelm- en / of alkoholmisbruik. Enkele van hierdie moontlike oorsake sal bespreek word as gevolg van die relevansie daarvan binne hierdie betrokke studie. Dit blyk egter dat middelafhanklikheid ‘n voorloper en uiteindelik die oorsaak kan wees van toetrede tot en betrokkenheid by die mikroleenbedryf. Hierdie aangeleentheid sal deurlopend in gedagte gehou word.

Bezuidenhout (1998:94) huldig die mening dat gevoelens van magteloosheid individue kan dryf om ‘n drankprobleem te ontwikkel. Alkohol verskaf aan so ‘n verbruiker die nodige stimulus en selfvertroue om te kan voortgaan met sy daaglikse take en ander omgewingseise. Die gevolgtrekking word dus gemaak dat finansiële onkunde en wanbesteding grootskaalse finansiële druk plaas op individue en gevolglik bydra en

aanleiding gee tot gevoelens van magteloosheid. Die alkohol laat die individu egter voel dat hy/sy in beheer van omstandighede is.

Die werksomgewing is 'n bykomende aspek wat gevoelens van magteloosheid kan aanwakker. Die werksopset en/of omgewing kan gevolglik bydra tot 'n verhoogde mate van alkohol-inname en misbruik. Bezuidenhout (1998:90) verklaar dat die tipe werk wat die individue moet verrig ook gevoelens van angstigheid, spanning, frustrasie en spanningsdruk verhoog.

Die effek van middelafhanklikheid, volgens Bezuidenhout (1998:94), het ook 'n gewisse invloed op die individu, sy of haar gesin, asook die betrokke gemeenskap. Vir doeleindes van hierdie studie word daar gefokus op die interpersoonlike verhoudings en ekonomiese aspekte hieraan verbonde. Die individu van wie alkohol of dwelms 'n integrale deel van sy/haar lewe geword het, vind dit moeilik om sy werk te behou en plaas dienooreenkomstig bykomende finansiële druk op homself. Afdankings en werkloosheid kan ernstige uitwerking en nagevolge uitoefen op die persoon se rolvervulling en bevrediging van sy of haar basiese behoeftes, veral weens die gebrek aan vaste inkomste.

Middelafhanklikheid het tweedens ook 'n invloed op die individu se interpersoonlike verhoudings. Ontrekking van die persoon uit vorige vriendekringe vind gewoonlik plaas indien alkohol of dwelms algaande beheer van die individu se lewe oorneem. Isolasie en onttrekking, aggressie en selfs selfmoord is moontlike eindresultate van middelafhanklikheid waarvan die invloed uitkring tot by alle sisteme binne die persoon se verwysingsraamwerk.

Ter samevatting kan die gevolgtrekking gemaak word dat middelafhanklikheid nadelige invloed kan bewerkstellig op alle sisteme teenwoordig in die individu se daaglikse lewe. Bezuidenhout (1998:98) verklaar dat talle faktore bydra tot middelafhanklikheid. Elke middel, hetsy dwelms of alkohol, het sy eiesoortige effek en variërende uitwerking

University of Pretoria etd – Fourie, M (2003)

wat die lewenskwaliteit van die individu, die gesin, gemeenskap en sy/haar werksopset affekteer.

### 3.3.1.2. GESINSGEWELD

Gelles & Cornell (1990:75) ondersteun die stelling dat gesinsgeweld meer geneig is om voor te kom onder lae-inkomstegroepe en binne gesinne met 'n laer sosio-ekonomiese status. Dit is belangrik om te meld dat gesinsgeweld nie in hoofsaak net binne bogenoemde areas van die samelewing aangetref word nie. Bogenoemde outeurs huldig die mening dat ekonomiese bekommernis 'n bydraende faktor is tot geweld binne die huishouding. Sowel ekonomiese faktore as sosiale faktore is dikwels aanleidend tot die geweld. Ross (1997:53) beklemtoon en ondersteun bogenoemde stelling en verklaar dat ekonomiese druk 'n stresfaktor is wat lei tot negatiewe en nadelige verandering in die bestaande gesinspatrone. Bezuidenhout (1998:57) ondersteun bogenoemde outeurs en meld ter ondersteuning dat dit reeds bewys is dat ekonomiese faktore gekoppel word en positief staan in verhouding tot gesinsgeweld.

Smith & Fontana (1981:228) verklaar dat nie alle families in liefde en harmonie saamleef nie. Hierdie outeurs hou verskeie verduidelikings voor vir die voorkoms van gesinsgeweld, naamlik: die hulpbronne-teorie; kultuur van geweldteorie en die frustrasie-aggressie-teorie. Gelles (1993:37) stem ooreen met die eersgenoemde twee teorieë as moontlike verklarings vir gesinsgweld. Die teorieë word vervolgens bespreek.

- Die **hulpbronne-teorie** dui daarop dat lede van die samelewing 'n verskeidenheid middele aanwend ten einde verwagte uitkomste te realiseer. Gelles (1993:37) ondersteun hierdie teorie en bevestig dit met behulp van die volgende voorbeeld. 'n Man wat dominansie in die gesin wil projekteer, maar oor gebrekkige opleiding beskik, 'n lae-inkomsteberoep beoefen asook 'n gebrek aan sinvolle interpersoonlike

vaardighede het, geweld kan gebruik ten einde sy posisie van dominansie te behou.

- Die **kultuur van geweldteorie** dui daarop dat laer sosio-ekonomiese groepe aggressie, hipermanlikheid en kragdadigheid aanmoedig. Geweld onder laer sosio-ekonomiese groepe blyk 'n unieke manier van lewe te wees. Gelles (1993:39) beskou hierdie teorie as die mees eksterne faset ten einde gesinsgweld te verduidelik. Hierdie teorie verduidelik die rede waarom sekere gemeenskappe meer ingestel is op geweldadigheid as ander, veral indien kultuurreëls bepalend is en geweld gebied of vereis.

- Die **frustrasie-aggressie-teorie** hou voor dat verskeie frustrasies byvoorbeeld polities, ekonomies en seksueel kan aanleiding gee tot geweldadige gedrag binne die gesinverband.

Geld en respek word veral deur Smith & Fontana (1981:230) voorgehou as belangrike hulpbronne vir oorlewing binne die gesin. Hier kan dus aanvaar word dat finansies en die gebrek daaraan gesinsgeweld kan bevorder. Bogenoemde teorieë bied moontlike verklarings vir die voorkoms van gesinsgeweld en die aanleidende faktore daaraan verbonde. Dit kan dus moontlik wees dat 'n gesin se onvermoë om toepaslike finansiële hulpbronne en sekuriteit te bewerkstellig, probleemsituasies kan ontlok vir gesinslede asook die groter gemeenskap.

Bezuidenhout (1998:172) meld dat ontoereikende finansies ook sielkundige gevolge kan genereer, veral by die persoon wat as die broodwinner funksioneer. Gevoelens van minderwaardigheid, 'n lae selfbeeld asook verwerping en veroordeling kan ontwikkel. Daar kan dus van die veronderstelling uitgegaan word dat diegene wat bogenoemde gevoelens beleef en ervaar op alternatiewe wyses sal poog om respek en mag te herwin. Hierdie alternatiewe optredes mag gevolglik ook lei tot geweld teenoor gesinslede.

Gelles (1993:35) meld dat daar ooreenstemming is ten opsigte van karaktereienskappe wat 'n gesin blootstel vir geweld. Dis egter ook dieselfde eienskappe wat warmte, ondersteuning en 'n intieme milieu vir die gesin daarstel. Indien die sisteemteorie gebruik word om gesinsgeweld te verklaar, meld Gelles verder dat geweld gesien kan word as 'n produk van die sisteem, eerder as resultaat van individuele patologie. Die gesinsisteem kan geweld in stand hou, dit laat eskaleer, asook die voorkoms van geweld verminder.

Voortvloeiend uit die voorafgaande inligting is dit moontlik dat daar 'n verband kan bestaan tussen finansiële druk en die teenwoordigheid van gesinsgeweld. Die teorieë wat voorgehou is ter verduideliking, slaag daarin om oorsaaklike en aanleidende faktore tot gesinsgweld uit te lig. Vir doeleindes van hierdie studie word die hulpbronne-teorie aangehang, aangesien daar van die veronderstelling uitgegaan word dat die tekort aan voldoende hulpbronne, met die fokus op finansies, 'n bydraende faktor tot gesinsgeweld kan wees.

### 3.3.1.3. ONTOEREIKENDE VOORSIENING VAN BASIESE BEHOEFTES

Die afleiding kan gemaak word dat beide eersgenoemde maatskaplike implikasies, by name middelafhanklikheid en gesinsgeweld, bydra tot ontoereikende voorsiening ten opsigte van basiese behoeftes. Bezuidenhout (1998:171) bevestig dat minimale asook ongereelde inkomste, swak gesondheid en verhoogde mortaliteit tot gevolg kan hê. Volgens die Nuusbrief van die National Urbanisation & Health Research Programme (1994:86) sluit basiese behoeftes verkeie aspekte in waaronder:

- Opvoeding
- Behuising & dienste

- Voeding & klerasie
- Gesondheidsorg
- Sosiale welsyn & sekuriteit
- 'n Veilige omgewing
- Grondhervorming
- Water & sanitasie
- Energie en elektrisiteit
- Telekommunikasie
- Vervoer

Johnson & Schwarts (1994:4) is van mening dat geen definitiewe lys van behoeftes verskaf kan word nie, omrede behoeftes van persoon tot persoon verskil en dit vervolgens weer afhanklik is van die spesifieke persoon en die situasie waarbinne die individu hom of haar bevind.

As gevolg van finansiële druk, kan daar van die veronderstelling uitgegaan word dat basiese behoeftes nie na behore bevredig kan word nie. Diegene wat verantwoordelik is vir finansiële inkomste gaan dus gebuk onder die druk om in vermelde basiese behoeftes te voorsien. Veranderinge binne die algemene gesinsfunksionering tree al hoe meer na vore as gevolg van sosiale veranderinge wat impakteer op die funksionering van gesinslede (Johnson & Schwarts, 1994:46). Hierdie outeurs meld verder dat daar 'n korrelasie blyk te wees tussen ekonomiese sekuriteit van gesinne en die funksionering van markte. Hierdie verskynsels veroorsaak ekonomiese spanningsdruk op die gesinsisteem. Johnson & Schwarts (1994:46) verklaar dat in gevalle waar daar nie toereikende finansies is nie, rol-oorlading binne die gesin kan plaasvind. Met hierdie konsep word bedoel dat daar uitermatig baie energie spandeer moet word om te verseker dat daar voldoende hulpbronne teenwoordig is vir die gesin se bestaan. Voortspruitend uit die rol-oorlading gebeur dit dan dikwels dat minimale emosionele ondersteuning en onvoldoende gesinsleiding in die hand gewerk word.

University of Pretoria etd – Fourie, M (2003)

Volgens die nuusbrief van die National Urbanisation (1994:85) word bevestig dat daar tans in die Wes-Kaap nie in 'n groot persentasie van basiese behoeftes voorsien word nie. Ten einde hierdie probleem aan te spreek, word dit in die bogenoemde nuusbrief duidelik gestel dat daar deur middel van die voorsiening van basiese behoeftes, aksies geloods kan word ten einde gesinsisteme te herstruktureer, asook om algemene verbetering te bewerkstellig binne die betrokke gemeenskappe. Die gevolgtrekking kan dus gemaak word dat, indien daar in basiese behoeftes voorsien word, daar beter funksionering binne gesinsverband verwag kan word. Die eindresultaat sal dus 'n gesonder en meer funksionele gemeenskap tot gevolg hê.

Ter samevatting huldig Van Staden (1998:222) die mening dat behoeftebevrediging as 'n wesenkenmerk van maatskaplike funksionering beskou kan word, omrede onbevredigde behoeftes tot swak maatskaplike funksionering kan lei. Die ekonomiese druk wat deur gesinslede ervaar word, bemoeilik hul taak en rolverwagting om in die behoeftes van hul gesinslede te voorsien. Johnson & Schwarts (1994:4) voeg die volgende by: " Human needs are those resources people need to survive as individuals and to function appropriately in their society. "

### 3.3.1.4. MAATSKAPLIKE EN SOSIALE IMPLIKASIES VAN FINANSIëLE DRUK OP DIE WERKGEWER

Smith & Fontana (1981:288) meld dat 'n groot aantal werknemers huidiglik nie langer betekenis en bevrediging van hul werksaamhede verkry nie. In teenstelling daarmee eis dieselfde werknemers verhoogde finansiële vergoeding asook korter werksure. Die vraag kan ook gevra word waarvoor werknemers hierdie bykomende finansiële vergoeding aanwend ?

Die invloed van sosiale probleme, in hierdie geval finansiële probleme, manifesteer in 'n reeks van verskillende reaksies as gevolg van die feit dat

University of Pretoria etd – Fourie, M (2003)
individue verskillend reageer ten opsigte van spanning en ander probleme. Belangrik is ook die feit dat elke individu oor 'n eie unieke aard beskik. Finansiële probleme aan die kant van die werknemer het nie net 'n nadelige invloed op die individu as persoon en sy gesin nie, maar dit beïnvloed ook sy of haar werkverrigting en interaksie met die werksplek. Die impak van sosiale probleme op die werkgewer kan volgens Roman (2001:8) afgebaken word binne vyf kategorieë, naamlik:

- Swak of ongereelde werksbywoning
- Afname in produktiwiteit
- Degenerering van interpersoonlike verhoudings
- Gesondheidstendense
- Tendense vir die samelewing

Hierdie kategorieë word kortliks bespreek.

### 3.3.1.4.1. SWAK OF ONGEREELDE WERKSBYWONING WEENS FINANSIëLE DRUK OP DIE WERKNEMER

Afwesigheid by die werk kan beskou word as 'n relatief algemene reaksie ten opsigte van onstabiele sosiale probleme. Rhodes & Steers (1991:297) verklaar afwesigheid deur middel van toeliggende teorieë, as volg:

a) Die pyn-vermydingsmodel: Afwesigheid word hier gesien as 'n vlugreaksie, weg van negatiewe werkservarings.
b) Die aanpassing tot werkmodel: Hiervolgens word afwesigheid beskou as die resultaat van werknemers se negatiewe reaksie ten opsigte van veranderde werksomstandighede wat lei tot herhaalde onderhandelings met die werkgewer ten opsigte van die dienskontrak.
c) Die besluitnemingsmodel: Afwesigheid word primêr beskou as rasionale besluit ten einde geslaagder resultate te verkry.
d) Die geïntegreerde modelle: Afwesigheid word omskryf in drie vertakkings, naamlik:
    - hoofinvloede op bywoningsmotivering;

University of Pretoria etd – Fourie, M (2003)

- invloede ten opsigte van moontlike bywoning teenoor ware bywoning en
- die rol van die gemeenskap en noemenswaardige verhoudings wat bywoning kan beïnvloed.

Afwesigheid kan volgens Roman (2001:9) op verskillende vlakke binne die werksplek gereflekteer word. Hierdie vlakke word kortliks voorgehou:

- Laatrapportering van werknemers: Enkelouers is dikwels werknemers wat laat kom vir werk omrede hulle alle noodsaaklike pligte self moet afhandel. Hierdie tipe probleme kan aangespreek en werknemers ondersteun word deur moontlike beleid wat fleksie-ure toelaat.
- Uitermatige gebruik van siekteverlof: Indien werknemers misbruik maak van beskikbare siekteverlof het dit 'n direkte koste-implikasie vir die werkgewer. Daar moet dus gewaak word teen roetine-afwesigheid waartydens naspeurbare patrone opgemerk kan word.
- Langnaweek-sindroom: Siekteverlof word dikwels deur werknemers op 'n Maandag of Vrydag geneem ten einde 'n langnaweek te skep. Daar word van die veronderstelling uitgegaan dat in hierdie gevalle alkohol misbruik of ander middelafhanklikheid teenwoordig kan wees.
- Tydelike afwesigheid vanaf die werksplek: Hier is die verlengde middagetes ter sprake, asook die voorkoms van sogenaamde snelopkikkers (quick fixes) wat die werknemer in staat sal stel om weer te kan konsentreer. Slaap aan diens mag ook aangespreek word as afwesigheid van die werksplek.

#### 3.3.1.4.2. AFNAME IN PRODUKTIWITEIT WEENS FINANSIëLE DRUK OP DIE WERKNEMER

Die afname in die werknemer se produktiwiteit manifesteer in 'n verskeidenheid van aspekte, naamlik:

- Onvermoë om te konsentreer: Preokkupasie met persoonlike probleme bemoeilik die werknemer se taak om te konsentreer op sy of haar betrokke taak. Die implikasie is dat take langer neem om te voltooi – dit wil sê, die individu se produktiwiteit neem af.
- Wisselvallige werksverrigting: Hierdie aspek, meld Roman (2001:10), hou dikwels verband met middelafhanklikheid. Indien die afhanklike persoon sy/haar "regmaker" gehad het, is produktiwiteit hoogs bevredigend tot en met die tyd net voor die volgende "regmaker" benodig word. Op hierdie tydstip is die werknemer rusteloos, geïrriteerd en sukkel om te konsentreer. Hierdie tipe gedrag word gekenmerk deur hoë en lae fluktuasies ten opsigte van produktiwitieit.
- Klagtes van kollegas: Indien 'n werknemer gepreokkupeerd is met persoonlike probleme, kom dit dikwels op die mede-kollegas neer om in te gryp ten einde te verseker dat werksaamhede betyds voltooi word. Klagtes van mede-werkers moet ernstig opgeneem en oorweeg word veral indien klagtes uit verskillende oorde na vore tree.
- Klagtes van kliënte: Ontoereikende dienslewering asook die kwaliteit van werksverrigting is probleemareas vir kliënte. Aangesien die werknemer met probleme dikwels vergeetagtig is weens die preokkupasie met sy/haar finanisiële probleem , hou die werknemer dikwels nie by keerdatums nie en hierdie situasies lei daartoe dat klagtes teen werknemers ingedien word.

#### 3.3.1.4.3. FINANSIëLE IMPLIKASIES OP INTERPERSOONLIKE VERHOUDINGS

Voortslepende persoonlike probleme affekteer werknemers se verhoudings en interaksie met medewerknemers. Die Sentrum vir Menslike Ontwikkeling, in Roman (2001), identifiseer 'n reeks interpersoonlike probleme wat binne die werksplek mag voorkom, naamlik:

- Oormatige reaksies ten opsigte van kritiek: Werknemers met probleme is dikwels oorsensitief en is daarvan oortuig dat hulle voortdurend veroordeel en benadeel word. Hulle reaksies ten opsigte van enige opdragte, vereistes of take is dikwels nadelig ten opsigte van die verhoudings met kollegas.
- Ondeurdagte, ongeregverdigde optredes en griewe: Die sensitiwiteitsvlak van werknemers met probleme is opmerklik en waarneembaar ten opsigte van hul hoë irritasievlakke, onverdraagsaamheid en rusteloosheid ten opsigte van kollegas en bestuur. Hierdie gevoelens word dikwels deur die werknemer tot uiting gebring deur ongeregverdigde griewe teenoor kollegas in te dien. Die probleme wat deur 'n enkele werknemer ervaar word kan, indien dit nie vroegtydig aangespreek word nie, die moraal van die totale groep werkers negatief stem.

Die moontlikheid kan dus bestaan dat finansiële druk onder werknemers hul verhoudings met mede-kollegas negatief kan beïnvloed, omrede finansiële druk moontlike gevoelens van byvoorbeeld irritasie en aggressie kan ontlok.

### 3.3.1.4.4. GESONDHEIDSKWESSIES

Probleme wat verband hou met persoonlike en/of familie of gesinslede se gesondheidstoestand weens maatskaplike en sosiale probleme, byvoorbeeld finansiële druk, impakteer negatief op die werknemer se werksverrigting:

- Depressie: Hierdie toestand tree na vore veral in gevalle waar die werknemer totaal oorweldig word met sy reeks sosiale probleme. Hierdie persone ervaar dikwels 'n algemene gebrek aan lus vir die lewe en funksioneer dienooreenkomstig nie naastenby optimaal nie weens kroniese moegheid.

University of Pretoria etd – Fourie, M (2003)

- Fisiese siektes: Die uitgerekte siekte van 'n kind of eggenoot vereis aansienlike aandag en energie, en plaas gevolglik baie finansiële kommernis op die werknemer. Hierdie toestand waaraan die werknemer onderwerp word is fisies en emosioneel baie veeleisend. Omrede die werknemer fisies moeg is en as gevolg van verdeelde aandag kan dit die oorsaak wees dat ongelukke by die werk plaasvind. Vir die werkgewer beteken die verhoogde voorkoms van ongelukke, verlies aan inkomste asook onvoorsiene uitgawes.

Gesonde werknemers is 'n aanwins vir enige werkgewer en daarom is dit van belang dat enige belemmerende fisiese en/of emosionele toestand wat finansiële druk by werkers in die hand werk, spoedig aangespreek moet word.

## 3.4. WERKNEMERHULPPROGRAMME AS HULPMIDDEL VIR DIE AANSPREEK VAN MAATSKAPLIKE EN SOSIALE PROBLEME ONDER WERKNEMERS

Werknemerhulpprogramme beskik oor die vermoë om finansiële probleme en die gevolglike druk daarvan op werknemers aan te spreek, weens die toereikende opleiding en kwalifikasies van die praktisyns wat dienste lewer. Le Blanc; De Jonge & Schaufeli (2000:173) omskryf die doel van werknemerhulpprogramme (WHP) as 'n poging om produktiwiteitsprobleme te identifiseer en aan te spreek. Hierdie geïdentifiseerde probleme word dan in samewerking met die werknemers se persoonlike probleme, insluitend gesondheid, huweliksprobleme, finanisiële asook middelafhanklikheid, emosionele probleme en stres wat ervaar word, gekoppel of geassosieer. Hulle is van mening dat voorkoming, identifisering en behandeling van die betrokke individue met hul onderskeie probleme, WHP se hooffunksies insluit. Du Plessis

(1990:211) is van mening dat 'n duidelik omvattende beleid noodsaaklik is vir die effektiwiteit van WHP binne die werksplek.

Binne hierdie beleid is dit van wesenlike belang dat alle praktiese administratiewe prosedures geïnkorporeer word. Opvoeding en opleiding is ook komponente binne WHP waarmee deeglik rekening gehou moet word.

Die konfidensialiteitsaspek verbonde aan WHP is van allergrootste belang ten einde die aktuele volhoubaarheid daarvan te verseker. Mnr. Bhoodram (2001) stel dit duidelik dat praktisyns funksioneer volgens die gedragskodes van alle professies waarby hulle onderskeidelik geregistreer is. In die geval van 'n Maatskaplike Werker binne 'n WHP-pos, is die praktisyn genoodsaak om volgens die gedragskode van beide die Suid-Afrikaanse Raad vir Maatskaplike Diensberoepe asook die EAPA-SA gedragskode, dienste te verrig.

Die Departement van Korrektiewe Dienste beskik oor WHP-dienste wat tot beskikking is van lede binne die departement asook hul direkte afhanklikes. Hierdie fasiliteit is 'n relatiewe nuwe diens wat tot beskikking van die lede gestel is en spreek 'n verskeidenheid van probleme aan. Die WHP-beleid verskaf duidelike riglyne en prosedures vir die lewering van dienste. Mnr. Bhoodram (2001) het dit ook duidelik gestel dat die praktisyns deurgaans blootgestel moet word aan verdere opleiding in 'n verskeidenheid van probleemareas ten einde dienste van hoogstaande en maksimale gehalte te lewer. Die navorser wil dit egter duidelik stel dat hierdie gespesialiseerde diens nog relatief nuut is en dat groei, ontwikkeling en hulpverlening algaande eers tot sy werklike reg sal ontplooi.

Die gevolgtrekking kan dus gemaak word WHP noodsaaklike dienste lewer aan werknemers van verskillende organisasies. Persoonlike en sosiale probleme is onlosmaaklik deel van elke persoon se lewe, en die

University of Pretoria etd – Fourie, M (2003)

mate waartoe die werkgewer ook bystand, opleiding en hulp verleen sal 'n bepalende faktor wees ten opsigte van die werknemers se lojaliteit en dienslewering ten opsigte van die betrokke organisasie.

## 3.5. SAMEVATTING

Uit die voorafgaande blyk dit dat die negatiewe impak van finansiële druk 'n belemmerende uitwerking in die hand werk sowel binne as buite die grense van die maatskaplike en sosiale opsette. Die navorser onderskryf verder ook die aspek dat finansiële druk die lewe van die individu in totaliteit, sy rolvervulling op alle bestaansvlakke, asook wisselwerking en interaksie met ander individue, gesinne, groepe en gemeenskappe of situasies dikwels negatief raak en nadelig beïnvloed.

Op grond hiervan het die navorser dan maatskaplike probleme asook maatskaplike funksionering van nader beskou en wil dit voorkom dat, onvoldoende ingeligtheid betreffende mikrolenings en die voorspruitende implikasies daarvan, 'n bydraende faktor tot negatiewe maatskaplike funksionering kan wees. Omrede die individu voortdurend binne 'n bepaalde verwysingsraamwerk funksioneer, kan of mag die sisteem en of sisteme waarbinne die individu hom bevind nooit onderskat word nie. Die sisteemteorie is dan spesifiek daargestel vir die insameling van noodsaaklike data aangaande die onderlinge verhoudings, uitwerking en veranderinge daarvan. Hierdie aspekte beklemtoon ook die belangrikheid van noodsaaklike en voortdurende navorsing en die soeke na moontlike oplossings om probleemareas en –situasies suksesvol die hoof te kan bied.

In die hieropvolgende hoofstuk sal die empiriese ondersoek voorgelê en uiteengesit word, ten einde die impak van mikrolenings op die maatskaplike funksionering van lede van Korrektiewe Dienste te verduidelik.

# HOOFSTUK 4

# EMPIRIESE ONDERSOEK NA DIE AARD, OMVANG EN IMPAK VAN MIKROLENINGS OP DIE MAATSKAPLIKE FUNKSIONERING VAN LEDE VAN KORREKTIEWE DIENSTE

## 4.1. INLEIDING

Die doel van die navorsing, soos reeds genoem in hoofstuk een, was om ondersoek in te stel na die aard, omvang en impak van mikrolenings op die maatskaplike funksionering van lede van die Departement van Korrektiewe Dienste. Hierdie hoofstuk het ten doel om die empiriese data voor te lê, asook om die data te omskryf en waardes daaraan te heg. Die metodologie wat toegepas is, asook die prosesse wat gevolg is word vervolgens voorgehou ten einde 'n beter geheelbeeld op die studie te vestig. Aspekte wat voorgehou word is die soort navorsing, ontwerp en proses, steekproeftrekking, toetsing en benutting van vraelyste, asook verwante etiese kwessies. Navorsingsmetodologie verleen meer geloofwaardigheid aan die totale ondersoek, omrede die wetenskaplike aard daarvan uitgebou word. Al hierdie aspekte het 'n belangrike en bydraende rol gespeel rakende die sukses van die studie.

### ➢ SOORT NAVORSING, ONTWERP EN PROSES

Die navorsing was van 'n toegepaste aard, met die spesifieke fokus op kennisontwikkeling, betekenisvolle benutting en toepassing daarvan (De Vos, 1998:11). Die navorsing beskik ook oor kwantitatiewe eienskappe wat volgens Epstein (1988:185) geskik is vir die kwantifisering en kontrolering van verskynsels. Plaaslike sowel as internasionale literatuur

University of Pretoria etd – Fourie, M (2003)

is bestudeer en daar is bevind dat beperkte literatuur op plaaslike vlak bestaan en gevolglik die studie bemoeilik.

Volgens Grinnel en Williams (1990:139-140) regverdig die navorser se studie 'n verkennende tipe van navorsing, juis as gevolg van beperkte gepubliseerde literatuur rakende die betrokke studieveld. Bevindinge is per rekenaarstelsel verwerk en is kwantitatief weergegee met tabelle en persentasies, ten einde waarde en betekenis aan die resultate te verleen. Die navorsingsproses is soos vervat in hoofstuk een noukeurig nagevolg. 'n Enkele wysiging wat wel ingetree het is die feit dat data nie per hand verwerk is nie, maar per rekenaar. Die rede hiervoor is dat dit tydbesparend was en meer akkurate data weergegee kon word.

## ➢ STEEKPROEFTREKKING

Die werknemers van die Departement van Korrektiewe Dienste was die universum vir die betrokke studie. Verdere afbakening het plaasgevind en daar is gefokus op die werknemers van die Baviaanspoort Bestuursarea, buite Pretoria. Die steekproef is saamgestel uit werknemers ongeag van hul aantal diensjare, rang, senioriteit, ras, geslag en/of godsdiensoortuiging, met die addisionele kriteria dat respondente al 'n mikrolening moes gehad het of tans oor 'n mikrolening moet beskik asook dat respondente geletterd moet wees. Die navorser het van doelgerigte steekproeftrekking gebruik gemaak, wat deur De Vos (1998:199) gedefinieer word as 'n doelgerigte en sistematiese metode waartydens gedetailleerde planne ontwerp word ten einde die toepaslike hoeveelheid respondente te werf.

Weens die sensitiewe aard van die onderwerp, moes daar van strategiese werkswyses gebruik gemaak word om die werwing van respondente te vergemaklik.

Respondente is tydens oggendparades in kennis gestel van die ondersoek wat geloods is, en volledig ingelig ten opsigte van die doel van die

ondersoek, die waarde daarvan, konfidensialiteit en anonimiteit verbonde aan die ondersoek, asook ten opsigte van vrywillige deelname aan die ondersoek. Plakkate is op kennisgewingborde aangebring wat respondente verder aangemoedig het tot deelname. Die totale en finale steekproef het bestaan uit veertig (40) respondente soos aangedui word in hoofstuk een.

## ➢ TOETSING EN BENUTTING VAN VRAELYSTE

Die gegewens vir die navorsing is bekom deur gebruik te maak van vraelyste wat individueel of binne groepsverband deur veertig respondente voltooi is. Na die mening van Grinnel (1988) en Babbie (1998:90) beskik vraelyste oor die vermoë om 'n vaste noteringsvorm daar te stel vir waarneming, asook om riglyne en struktuur te verleen wat nodig mag wees vir verdere ondersoek en/of latere implementering tydens opleiding. Alvorens die finale vraelys aan respondente verskaf is, was 'n voorondersoek geloods waartydens die geldigheid en betroubaarheid van vraelyste verhoog is en onduidelikhede en problematiek aangespreek is. Nodige regstellings in hierdie verband is aangebring. Vier vraelyste is vooraf deur respondente voltooi vir doeleindes van die voorondersoek. Hierdie respondente is nie ingesluit by die totaal van veertig respondente wat die finale vraelys voltooi het nie. Aangeheg by die vraelys was 'n toestemmingsbrief (sien Bylae A) wat individueel deur die navorser aan respondente verduidelik is en indien hulle tot deelname ingestem het, deur hulle onderteken is. Vraelyste is individueel asook groepsgeadministreerd voltooi afhangend van respondente se versoek. Al veertig vraelyste is volledig voltooi en ingedien vir verwerking – alle voltooidevraelyste was bruikbaar. Die vraelys word aangeheg as Bylae B.

## ➢ ETIESE KWESSIES

Navorsingsetiek is deurlopend nagestreef ten einde die studie , die navorser en respondent te beskerm. Daar is gefokus op die gemak van die

University of Pretoria etd – Fourie, M (2003)
respondent deur die navorser wat vooraf in gesprek gestaan het met respondente ten einde byvoorbeeld gevoelens van minderwaardigheid en angstigheid te verhoed. Geen merk of naam is aan die vraelyste aangebring ten einde identiteit van respondente te beskerm en anonimiteit te verseker. Alle respondente het vrywillig aan die ondersoek deelgeneem en het 'n toestemmingsbrief onderteken as verklaring dat hulle bewus is van alle aspekte verbonde aan die studie. Alle respondente het ook 'n afskrif van die toestemmingsbrief ontvang. Die navorser was deurentyd teenwoordig tydens die voltooiing van die vraelyste, wat bygedra het dat vraelyste volledig en korrek voltooi is. Respondente is deurlopend verseker van hul veiligheid met betrekking tot viktimisering en etikettering rakende hul deelname.

Bogenoemde inligting rakende die navorsingsmetodologie het deurgaans die nodige struktuur en rigting aan die studie verleen. Navorsing vereis deeglike beplanning ten einde die ondersoek in totaliteit te laat slaag. Die korrekte samestelling en selektering van vrae vir die opstel van vraelyste in hierdie verband, dra by tot doelgerigte wetenskaplike ondersoeke. Vervolgens gaan die resultate en bevindinge wat uit die vraelyste verkry is uiteengesit en omskryf word ten einde navorsingsvraag en doelstellings van die ondersoek te beantwoord.

## 4.2. RESULTATE EN BEVINDINGE VAN DIE NAVORSING

Die data wat vervolgens voorgehou word is verkry van die vraelyste wat deur veertig respondente voltooi is. Die resultate en bevindinge word voorgelê in vier onderskeie afdelings, naamlik

- Afdeling A: Demografiese inligting
- Afdeling B: Leningsbesonderhede
- Afdeling C: Motivering vir toetrede tot mikroleningsbedryf
- Afdeling D: Impak van Mikrolenings op die persoonlike lewe van respondente.

## 4.2.1. AFDELING A: DEMOGRAFIESE INLIGTING

### 4.2.1.1. GESLAG

**TABEL 4.1. GESLAGSVERSPREIDING VAN RESPONDENTE**

| GESLAG | n | % |
|---|---|---|
| Manlik | 35 | 87,5 |
| Vroulik | 5 | 12,5 |
| Totaal | 40 | 100 |

Tabel 4.1. toon dat 87,5 % van die respondente manlik was teenoor die 12,5 % vroulike respondente. Hierdie dominansie van manlike respondente mag toegeskryf word daaraan dat Baviaanspoort Bestuursarea slegs manlike gevangenes in aanhouding huisves en gevolglik oor meer manlike lede beskik. Vroulike werknemers, binne die gevangenisopset, is 'n nuwer verskynsel wat besig is om toe te neem binne die Departement van Korrektiewe Dienste. Manlike werknemers blyk ook gemakliker te gewees het vir toetrede tot die ondersoek as vroulike werknemers. 'n Aspek wat na vore tree is dat, weens die oneweredige verspreiding kan, daar nie voor-die-hand-liggende vergelykings ten opsigte van geslag gemaak kon word betreffende hieropvolgende data nie. Mans kan nie teenoor vroue geplaas word ten einde verskille uit te wys nie.

### 4.2.1.2. OUDERDOM

**TABEL 4.2. a. OUDERDOMSVERSPREIDING VAN RESPONDENTE**

| IN JARE | n | % |
|---|---|---|
| 18 – 24 | 2 | 5,0 |
| 25 – 34 | 27 | 67,5 |
| 35 – 49 | 11 | 27,5 |
| TOTAAL | 40 | 100 |

Tabel 4.2.a. toon dat 67,5 % van die respondente in die groep 25 – 34 jaar kategoriseer en ook die grootste persentasie van respondente insluit,

University of Pretoria etd – Fourie, M (2003)

gevolg deur 27,5 % van die 35 – 49 jaar ouderdomsgroep, met die 18 – 25 jaar kategorie as die laagste verteenwoordigende groep.

**TABEL 4.2.b. OUDERDOMSVERSPREIDING VAN RESPONDENTE**

| IN JARE | n | % |
|---|---|---|
| 18 - 34 | 29 | 72,5 |
| 35 - 49 | 11 | 27,5 |
| TOTAAL | 40 | 100 |

Tabel 4.2.b dui op 'n samevoeging van twee kategorieë, naamlik die hoogste en die laagste verteenwoordigende groepe soos voorgehou in tabel 4.2.a. Volgens tabel 4.2.b. bevind die grootste persentasie respondente hulle binne die vroeë-volwassenheid (20 – 40 jaar). Volgens Gerdes (1988:341) word dit algemeen aanvaar dat 'n persoon vroeë volwassenheid bereik het wanneer hulle emosioneel onafhanklik is van hul ouers, wanneer hulle in staat is om hulself te onderhou en die verantwoordelikhede van volwasse-rolle soos 'n beroep, huwelik en ouerskap aanvaar het. Louw (1991:455) en Gerdes (1988:342) het ooreenstemmende ontwikkelingstake geïdentifiseer wat die volwassene binne die vroeë volwasse lewensfase moet bemeester ten opsigte van die self, die gesin, die werk, asook die gemeenskap. Individue binne hierdie lewensfase is dus jong getroudes met jong kinders. Die eise wat dus aan diegene gestel word ten einde hulself te bewys aan die self, die gesin en die gemeenskap, plaas bykomende finansiële druk op die betrokke individu wat toetrede tot die mikroleningsbedryf mag laat toeneem.

### 4.2.1.3. <u>HUISTAAL</u>

Taalverspreiding word volgens tabel 4.3 (sien volgende bladsy) uiteengesit na gelang van hoogste persentasie verteenwoordiging tot die laagste, naamlik Afrikaans 35%, Sepedi 25%, IsiZulu 12,5%, Engels 10%, Xitsonga 5%, IsiNdebele 5%, Sestwana 2,5%, Sesotho 2,5% en IsiXhosa 2,5%. Vanuit die data blyk Afrikaans die dominante taal te wees van respondente wat aan die ondersoek deelgeneem het.

**TABEL 4.3. HUISTAAL VAN RESPONDENTE**

| HUISTAAL | N | % |
|---|---|---|
| Afrikaans | 14 | 35,0 |
| Sepedi | 10 | 25,0 |
| IsiZulu | 5 | 12,5 |
| Engels | 4 | 10,0 |
| Xitsonga | 2 | 5,0 |
| IsiNdebele | 2 | 5,0 |
| Sestwana | 1 | 2,5 |
| Sesotho | 1 | 2,5 |
| IsiXhosa | 1 | 2,5 |
| TOTAAL | 40 | 100 |

Hierdie tabel dien ook as 'n aanwyser ten opsigte van die etniese verspreiding van respondente. Laasgenoemde aspek blyk 'n basis te lê vir die fasilitering van veralgemenings ten opsigte van die ervarings van respondente rakende die mikroleningsbedryf. Die aantal Afrikaanssprekende respondente kan toegeskryf word aan die ooreenstemming in etnisiteit met die navorser, hulle kon hulself dus meer geredelik met die navorser vereenselwig. Die byna gelyke persentasie van Sepedi-sprekende respondente kan moontlik geografies verklaar word. Die area waarin Baviaanspoort geleë is, blyk geografies die oorheersende woongebied te wees van Sepedi-sprekende respondente.

## 4.2.1.4. <u>HUWELIKSTATUS</u>

**TABEL 4.4. HUWELIKSTATUS VAN RESPONDENTE**

| HUWELIKSTATUS | n | % |
|---|---|---|
| Getroud | 23 | 57,5 |
| Enkel | 14 | 35,0 |
| Geskei | 2 | 5,0 |
| Vervreemd | 1 | 2,5 |
| TOTAAL | 40 | 100 |

Tabel 4.4. dui aan dat 57,5% van die respondente gestroud is, 35% is enkellopendes, 5% is geskei en 2,5% van respondente is tans vervreem van hul eggenoot. Meer as die helfte van die respondente het dus nie net

verantwoordelikheid teenoor hom of haarself nie, maar ook ten opsigte van 'n gesin.

## 4.2.1.5. AFHANKLIKES VAN RESPONDENTE

**TABEL 4.5.a. AFHANKLIKES VAN RESPONDENTE**

| AFHANKLIKES | N | % |
|---|---|---|
| Ja | 35 | 87,5 |
| Nee | 5 | 12,5 |
| TOTAAL | 40 | 100 |

Tabel 4.5.a. bevestig dat 87,5% van die respondente oor afhanklikes beskik wat hulle moet versorg. Slegs 12,5% het aangedui dat hulle oor geen afhanklikes beskik. Hierdie verskynsel dui daarop dat huwelikstatus nie bepalend is ten opsigte van die feit dat hulle oor afhanklikes beskik nie. Afhanklikes kan dus ook insluit ouers en of ander familielede.

**TABEL 4.5.b. HOEVEELHEID AFHANKLIKES**

| AANTAL AFHANKLIKES: OUER AS 18 JAAR | n | % |
|---|---|---|
| 0 | 26 | 65,0 |
| 1 | 5 | 12,5 |
| 2 | 6 | 15,0 |
| 4 | 3 | 7,5 |
| TOTAAL | 40 | 100 |

Tabel 4.5.b. dui op die hoeveelheid afhanklikes ouer as 18 jaar gebonde aan die betrokke respondente. Die meerderheid respondente (65%) beskik oor geen afhanklikes ouer as 18 jaar. Hierdie verskynsel kan moontlik verklaar word deur die feit dat die meerderheid responsdente (72,5%) (sien Bylae C: 1) binne die vroeë volwasse lewensfase is, waartydens hulle meer emosioneel onafhanklik is van ouers, asook omrede hul ouers en ander familie steeds werkend is en onafhanklik van respondente funksioneer. Onderskeidelik beskik 12,5% van respondente oor een afhanklike, 15% van respondente oor twee afhanklikes en slegs 7,5% van respondente oor 4 afhanklikes.

**TABEL 4.5.c. HOEVEELHEID AFHANKLIKES**

| AANTAL AFHANKLIKES: JONGER AS 18 JAAR | n | % |
|---|---|---|
| 0 | 8 | 20,0 |
| 1 | 9 | 22,5 |
| 2 | 15 | 37,5 |
| 3 | 5 | 12,5 |
| 4 | 2 | 5,0 |
| 5 | 1 | 2,5 |
| TOTAAL | 40 | 100 |

Tabel 4.5.c. Bevestig dat 20% van respondente nie oor afhanklikes jonger as 18 jaar beskik nie. Daar word ook aangedui dat 22,5% van respondente oor slegs een afhanklike beskik, 37,5% beskik oor twee afhanklikes, 12,5% beskik oor drie afhanklikes, 5% beskik oor vier afhanklikes. Slegs een respondent beskik oor vyf afhanklikes wat jonger as 18 jaar is. Hierdie uiteensetting bevestig 'n vroeër aanname dat die meerderheid respondente (72,5%) (sien Bylae C:1) binne die vroeë volwasse lewensfase kategoriseer, wat gevolglik jong getroudes is met jonger kinders of selfs omsien na hul eie jonger broers of susters.

**TABEL 4.5.d. HOEVEELHEID AFHANKLIKES**

| TOTALE AANTAL AFHANKLIKES | N | % |
|---|---|---|
| 0 | 5 | 12,5 |
| 1 | 7 | 17,5 |
| 2 | 11 | 27,5 |
| 3 | 7 | 17,5 |
| 4 | 6 | 15,0 |
| 5 | 3 | 7,5 |
| 7 | 1 | 2,5 |
| TOTAAL | 40 | 100 |

Tabel 4.5.d. dui op die totale aantal afhanklikes waarteenoor respondente 'n verantwoordelikheid het. Hierdie tabel dui aan dat 12,5% van respondente geen afhanklikes het nie, 17,5% het een afhanklike, 27,5% het twee afhanklikes, 17,5% het drie afhanklikes, 15% het vier afhanklikes, 7,5% het vyf afhanklikes en 2,5% het sewe afhanklikes. Hierdie data kan daarop dui dat die samelewing se boodskap ten opsigte van kleiner gesinne impakteer op die hoeveelheid afhanklikes waarna 'n

individu moet omsien. Een respondent dra die las van sewe afhanklikes wat groot finansiële druk op die individu kan plaas.

### 4.2.1.6. HUISHOUDELIKE INKOMSTE

**TABEL 4.6. a. HUISHOUDELIKE INKOMSTE**

| HUISHOUDELIKE INKOMSTE | N | % |
|---|---|---|
| Tot en met R2 500 | 3 | 7,5 |
| R2 501 – R5 000 | 15 | 37,5 |
| R5 001 – R7 500 | 12 | 30,0 |
| R7 501 – R10 000 | 5 | 12,5 |
| Meer as R10 000 | 5 | 12,5 |
| TOTAAL | 40 | 100 |

Tabel 4.6.a. is dui aan dat 7,5 % van respondente tot en met R2500 verdien, die meerderheid van respondente (37,5%) verdien tussen R2 501 en R5 000, 30 % verdien R5 001 – R7 500 en 12,5% van respondente verdien onderskeidelik R7 501 – R10 000 en meer as R10 000. Vanuit die tabel is dit duidelik dat die meerderheid respondente (37,5%) 'n gemiddelde inkomste verdien. Hierdie verskynsel kan moontlik verklaar word deur te verwys na die ouderdomsgroep waarbinne die meerderheid respondente hulle bevind. Hierdie respondente is moontlik nog nie lank deel van die aktiewe arbeidsmag nie. Daar is dus steeds geleentheid vir moontlike bevorderings en salarisverhogings.

**TABEL 4.6.b. HUISHOUDELIKE INKOMSTE**

| AANTAL PERSONE WAT BYDRAE TOT HUISHOUDELIKE INKOMSTE | N | % |
|---|---|---|
| 0 | 0 | 0 |
| 1 | 24 | 60 |
| 2 | 16 | 40 |
| TOTAAL | 40 | 100 |

Tabel 4.6.b. bevestig dat 60 % van respondente die broodwinner is, teenoor 40 % van respondente wat aandui dat twee persone bydrae tot die totale huishoudelike inkomste. Die feit dat meer as die helfte van die respondente 'n broodwinnerstatus beklee en gevolglik ook die versorging

van afhanklikes moet behartig, plaas addisionele finansiële druk op die betrokke individue.

#### 4.2.1.7. VLAK VAN DIENSLEWERING

**TABEL 4.7. VLAK VAN DIENSLEWERING**

| VLAK VAN DIENSLEWERING | n | % |
|---|---|---|
| Korrektiewe Beampte Graad III | 14 | 35,0 |
| Korrektiewe Beampte Graad II | 8 | 20,0 |
| Korrektiewe Beampte Graad I | 16 | 40,0 |
| Senior Korrektiewe Beampte | 2 | 5,0 |
| TOTAAL | 40 | 100 |

Tabel 4.7. dui daarop dat 35 % van respondente op KB I –vlak funksioneer, 20 % op die KB II – vlak, 40 % op die KB I –vlak en slegs 5% van respondente funksioneer op die SKB – vlak. Ongeveer vier uit elke tien respondente (40 %) val binne die KB I -vlak. KB III is die laagste (produksiewerker) vlak van respondente wat deelgeneem het, teenoor slegs twee senior korrektiewe beamptes wat toegetree het tot die ondersoek. SKB maak deel uit van middelvlak bestuur van die betrokke inrigting. Daar sou van die middelbestuursvlak dalk verwag kan word om beter finansiële dissipline te handhaaf, maar hulle leen moontlik geld om sodoende luukshede te bekom, bloot as behoeftebevrediging.

#### 4.2.1.8. HOOGSTE OPVOEDKUNDIGE VLAK

**TABEL 4.8. HOOGSTE OPVOEDKUNDIGE VLAK**

| OPVOEDKUNDIGE VLAK | n | % |
|---|---|---|
| Matriek | 34 | 85,0 |
| Sertifikaat | 2 | 5,0 |
| Diploma | 3 | 7,5 |
| Graad | 1 | 2,5 |
| TOTAAL | 40 | 100 |

Tabel 4.8. dui aan dat 85% van die respondente slegs oor 'n matriek-sertifikaat beskik, wat ook die minimum vereiste is vir toetrede tot die

University of Pretoria etd – Fourie, M (2003)

Departement van Korrektiewe Dienste. In teenstelling daarmee is daar 15% wat oor verdere kwalifikasies beskik, naamlik:

- 5 % beskik oor bykomende sertifikate
- 7,5 % beskik oor diplomas
- 2,5 % beskik oor 'n Graad

Die rede waarom so 'n geringe aantal van respondente oor addisionele kwalifikasies beskik is onbekend. Ondersoeke na die motiveringsvlakke van respondente ten opsigte van verdere studies kan insiggewende data verskaf in hierdie verband.

## 4.2.1.9. DIENSTYDPERK VAN RESPONDENTE

**TABEL 4.9. AANTAL JARE IN DIENS VAN KORREKTIEWE DIENSTE**

| AANTAL DIENSJARE | n | % |
|---|---|---|
| 1 – 4 jaar | 13 | 32,5 |
| 5 – 10 jaar | 14 | 35,0 |
| Langer as 10 jaar | 13 | 32,5 |
| TOTAAL | 40 | 100 |

Bogenoemde tabel dui daarop dat 35% van respondente tussen vyf en tien jaar diens het, daarenteen beskik 32,5% van respondente oor een tot vier jaar diens en langer as tien jaar diens onderskeidelik. Die gemiddelde aantal diensjare per respondent is nege jaar. Volgens Gerdes (1988:377) betree meeste persone binne die vroeë volwassenheid hul eerste voltydse beroep, dit is 'n mylpaal omrede dit 'n volwasse status weerspieël. Die aantal jare in diens kan ook dui op moontlike gemaksones waarbinne respondente hulle bevind weens die voordele binne DKD wat tot hul beskikking is. Die moontlikheid bestaan egter dat hierdie verskynsel tweeledig beskryf kan word. Eerstens kan 'n nege jaar dienstydperk deur ouer persone as 'n prestasie beskou word, omrede die persoon 'n werk het en nie afgedank is nie. Dit kan dus aanvaar word dat die persoon 'n relatiewe goeie werknemer is. Tweedens kan 'n nege jaar dienstydperk deur jonger persone in 'n meer negatiewe lig beskou word as 'n persoon

University of Pretoria etd – Fourie, M (2003)

wat nie ambisieus is nie of iemand by wie die dryfkrag ontbreek om sy/haar loopbaan uit te bou.

### 4.2.1.10. SAMEVATTING

Vanuit die voorafgaande kan 'n duidelike profiel van respondente verkry word. Die meerderheid respondente was manlik. Die respondente kan verdeel word binne die vroeë- en middel-volwasse lewensfase, waarvan die meerderheid binne die vroeë-volwassenheid ressorteer. Data het aangedui dat meer as die helfte van die respondente getroud is en oor afhanklikes beskik. Respondente beskik verder oor 'n gemiddelde dienstydperk van nege jaar.

Hierdie data is duidelik uitgewys en verleen toegang tot begripsontwikkeling rakende die respondent en sy/haar persepsies en ervarings ten opsigte van mikrolenings.

### 4.2.2. AFDELING B: LENINGSBESONDERHEDE

#### VRAAG 1.

Alle respondente (100%) moes vir doeleindes van hierdie ondersoek huidiglik oor 'n mikrolening beskik of voorheen oor 'n mikrolening beskik het. Hierdie aspek was 'n kwalifiserende kriteria vir deelname soos in reeds in Hoofstuk een vooraf bepaal is.

**TABEL 4.10. BEGINDATUM VAN MIKROLENING**

| BEGIN DATUM | n | % |
|---|---|---|
| 1997 | 1 | 2,5 |
| 1998 | 2 | 5,0 |
| 1999 | 3 | 7,5 |

| BEGIN DATUM | N | % |
|---|---|---|
| 2000 | 8 | 20,0 |
| 2001 | 8 | 20,0 |
| 2002 | 18 | 45,0 |
| TOTAAL | 40 | 100 |

Tabel 4.10 dui aan dat die meerderheid respondente (45%) die afgelope elf maande mikrolenings aangegaan het. Gedurende 2001 het 20% van respondente tot mikrolenings toegetree, in 2000 het 20% mikrolenings aangegaan, in 1999 het 7,5% van respondente mikrolenings aangegaan, in 1998 het 5% van respondente mikrolenings uitgeneem en in 1997 het slegs een respondent 'n mikrolening aangegaan. Die aanname kan dus gemaak word dat die meerderheid respondente 'n baie resente beeld en ervaringsleer ten opsigte van mikrolenings het. Dit is dus duidelik dat daar ook 'n toename was ten opsigte van toetrede tot die mikroleningbedryf. African Bank (1999:3) is egter van mening dat diegene wat toetree tot die mikroleningbedryf geldelike probleme ondervind en nie noodwendig om 'n gekose lewenstandaard te handhaaf nie. 'n Verdere afleiding wat hieromtrent gemaak kan word dui daarop dat voortdurende prysstygings van byvoorbeeld vervoerkostes en voedsel, asook verhoogde skoolgelde kan lei tot geldelike probleme binne die gesinsisteem.

### 4.2.2.1. TERME VIR TERUGBETALING VAN MIKROLENING

Vir doeleindes van hierdie ondersoek word terme verdeel in drie kategorieë naamlik:

- 1 – 6 maande (K1)
- 7 – 24 maande (K2)
- langer as 24 maande (K3)

University of Pretoria etd – Fourie, M (2003)

**TABEL 4.11. TERME VIR TERUGBETALING**

| TERME VIR TERUGBETALING | N | % |
|---|---|---|
| 1 – 6 maande | 14 | 35,0 |
| 7 – 24 maande | 10 | 25,0 |
| Langer as 24 maande | 16 | 40,0 |
| TOTAAL | 40 | 100 |

Vanuit Tabel 4.11. dui die data wat versamel is daarop dat ongeveer 40% van die respondente K3 verkies. Hierdie kategorie 3 word dan ook as gunsteling geïdentifiseer deur respondente binne die R5 001 – R7 500 inkomstegroep. Verder word dit aangetoon dat 58,3 % (sien Bylae C:5) van hierdie inkomstegroep oor 'n langer termyn terugbetaal. Dit blyk dus dat mense die langtermyn opsie verkies ten spyte van die rente-implikasies. Die helfte (50%) van die respondente wat meer as R7 500 verdien, het korter termyne vir terugbetaling verkies (sien Bylae C:5).

Aanvanklike regulasies aldus die Woekerwet No 73 van 1968, het bepaal dat leningsbedrae terugbetaalbaar is binne 'n tydperk van 30 – 90 dae. Na aanleiding van tabel 4.11, blyk dit egter dat al hoe langer terugbetalingstermyne tot die beskikking van leners gestel word. Langer terugbetalings bied dus geleentheid vir kleiner maandelikse terugbetalings, wat meer haalbaar is vir die lener betrokke. Namate die terme vir terugbetaling uiteengesit word, word 'n duideliker beeld ten opsigte van die aard en omvang van mikrolenings onder lede van Departement van Korrektiewe Dienste geïllustreer, dit wil sê dat ongeveer vier uit elke tien respondente (40%) langer tydperke verkies met kleiner maandelikse paaiemente, maar word egter deur nadelige rente-implikasies verder benadeel.

University of Pretoria etd – Fourie, M (2003)

#### 4.2.2.2. LENINGSBEDRAG

**TABEL 4.12. LENINGSBEDRAG**

| LENINGSBEDRAG | n | % |
|---|---|---|
| Tot R 2000 | 14 | 35,0 |
| R 2000 – R 6000 | 13 | 32,5 |
| Meer as R 6000 | 13 | 32,5 |
| TOTAAL | 40 | 100 |

Tabel 4.12. toon uit 'n min of meer 'n gelyke verspreiding aan dat 35% van respondente kleiner lenings van onder R2 000 aangaan. Onderskeidelik het 32,5 % van respondente het aangedui dat leningsbedrae wissel tussen R2 001 tot R6 000 en meer as R6 000. 'n Verskynsel wat ook na vore tree is dat 50% van respondente wie se inkomste tot R5 000 strek, lenings aangaan tot en met R2 000 (sien Bylae C: 6). Helfte van respondente (50%) met 'n totale inkomste van tussen R5 001 en R7 500, neem lenings tussen R2001 en R6 000. Statistiek toon aan dat 40% van respondente wat meer as R7 500 verdien, lenings uitneem wat meer as R6 000 beloop (sien Bylae C: 6).

Daar blyk dus 'n positiewe verband tussen die leningsbedrag en die totale huishoudelike inkomste van respondente te bestaan. Hoe hoër die respondent se huishoudelike inkomste, hoe hoër is die leningsbedrag. Uit hierdie verwantskap kan ook afgelei word dat die leningsbedrae byna die helfte of selfs meer van die individu se totale huishoudelike inkomste uitmaak. Die respondente se vlak van dienslewering is verteenwoordigend ten opsigte van hul inkomste en bevestig dat die leningsbedrag tot 'n groot mate afhang van die respondent se huishoudelike inkomste. 'n Moontlike afleiding in hierdie verband toon aan dat diegene wat meer verdien groter lenings aangaan omrede hulle lewenstandaarde moontlik hoër mag wees en gevolglik luukshede wil bekom wat van hul inkomstegroep verwag kan word.

### 4.2.2.3. AFLOSBEDRAG OP MIKROLENINGS

**TABEL 4.13. AFLOSBEDRAG OP MIKROLENINGS**

| AFLOSBEDRAG OP LENING | n | % |
|---|---|---|
| Lening is reeds afbetaal | 21 | 52,5 |
| Lening word nog betaal | 19 | 47,5 |
| TOTAAL | 40 | 100 |

Tabel 4.13. dui daarop dat ongeveer 52,5% van respondente se lenings reeds afgelos en klaar afbebetaal is. Verder dui dit daarop dat die res van die respondente (47,5%) steeds maandelikse paaiemente moet betaal. Die veranderlike, hoogste opvoedkundige vlak (sien Bylae C: 7) van respondente toon aan dat 55,9 % van diegene wat slegs matriek het reeds hul lenings klaar betaal het, teenoor die 66,7 % van respondente wat oor verdere kwalifikasies beskik nog maandelikse betalings maak. Hierdie verskynsel kan moontlik verband hou met verhoogde maandelikse inkomstes asook die grootte van die leningsbedrag wat aangegaan is, asook die terme van terugbetaling wat voorkeur geniet. Die groter hoeveelheid respondente wat oor verdere kwalifikasies beskik blyk langer te neem om hul lenings af te betaal, hierdie verskynsel kan toegeskryf word aan 'n lening wat vroeër aangegaan is. Studielenings neem byvoorbeeld langer om terug te betaal as bloot 'n lening om rekeninge te betaal weens die aard van die bedrag wat soveel hoër is.

### 4.2.2.4. SAMEVATTING

Hierdie afdeling verskaf 'n beter begrip ten opsigte van die aard en omvang van mikrolenings wat deur lede van Korrektiewe Dienste aangegaan is. Die terme vir terugbetaling asook voorkeure ten opsigte

University of Pretoria etd – Fourie, M (2003)

van die leningsbedrae is voorgehou. Vervolgens sal Afdeling C fokus op die redes of motiveringsaspekte vir toetrede tot die mikroleningsbedryf.

### 4.2.3. AFDELING C: MOTIVERING VIR TOETREDE TOT DIE MIKROLEENBEDRYF


Volgens Davel (2002:6) dui skuldstatistiek daarop dat lenings en skuld veral toeneem onder die middel en hoër inkomstegroepe, ten einde 'n bepaalde lewenstandaard wat reeds gevestig is te handhaaf. Die grootste persentasie respondente wat aan hierdie ondersoek deelgeneem het ressorteer ook binne die middel en hoër inkomstegroepe. Die toename ten opsigte van toetrede tot mikrolenings soos in Tabel 4.10. aangetoon is, ondersteun dus die mening van die laasgenoemde outeur.

University of Pretoria etd – Fourie, M (2003)

## 4.2.3.1. REDES VIR TOETREDE TOT DIE MIKROLENINGSBEDRYF

### VRAAG 2.

Figuur 4.1. REDES VIR TOETREDE TOT MLB



University of Pretoria etd – Fourie, M (2003)

Die respondente is gevra om die hoofredes te identifiseer wat hulle gemotiveer het vir toetrede tot die mikroleningsbedryf. Die respondente is 'n verskeidenheid keuses gebied. Meer as een keuse kon geselekteer word (sien Bylae C: 8). Figuur 4.1. toon aan dat byna 'n derde (32,5%) van respondente mikrolenings aangaan ten einde ander rekeninge en lenings te betaal. Van der Walt (1998:63) bevestig ook dat 'n derde van lenings onder andere gebruik word vir die betaling van ander rekeninge. Hierdie aksies impliseer dus dat hulle inkomstes reeds nie voldoende is vir bestaande uitgawes nie, en mikrolenings aangaan as laaste uitweg ten einde verligting te bring. Roodt (2002:6) meld ter ondersteuning hiervan dat indien 'n individu se begroting nie klop nie, moet sy/haar uitgawes besnoei en beperk word. Om addisioneel dus geld te leen vergroot net die lener se bestaande probleem. Verder dui die data daarop dat ongeveer 54,5% (sien Bylae C: 8) van die respondente wat mikrolenings aangaan ten einde ander rekeninge en skuld te vereffen, in die middel-volwasse lewensfase is.

Om hul motors te herstel is deur 20% van die respondente aangevoer as rede vir hul toetrede tot mikrolenings. Die skielike ongerief hieraan verbonde dryf mense dus tot onmiddellike behoeftebevrediging, wat indien dit nie weldeurdag is nie verdere probleme tot gevolg kan hê. 'n Persentasie van 7,5 % van die respondente het ook aangevoer dat hul deur middel van die mikrolening in staat gestel is om 'n deposito te bekom vir die aankoop van 'n voertuig. Data dui daarop dat dit die jonger respondente (6,9 %) binne die vroeë volwasse stadium te wees wat hulself makliker om hierdie rede tot 'n mikrolening sal wend. Na bestudering van figuur 4.1. bestaan die moontlikheid dus dat verskeie opsies gekoppel kan word, wat gevolglik die verspreiding van persentasies kan beïnvloed.

Die data dui daarop dat 10% van respondente geld leen ten einde basiese huishoudelike items aan te skaf waaronder ook kruideniersware ingesluit kan word. Roodt (2002:6) is van mening dat indien lenings aangegaan word ten einde kruideniersware aan te koop dit 'n besliste invloed op die

University of Pretoria etd – Fourie, M (2003)

individu en sy gesin sal uitoefen rakende sy/haar kontantvloei vir die daaropvolgende paar maande.

Weens nood en onvoorsiene omstandighede, byvoorbeeld 'n begrafnis, is 15% van die respondente daartoe gedryf om 'n mikrolening aan te gaan. Na aanleiding van statistiek wat deur die Mikrofinansieringsreguleringsraad (MFRC) verskaf is, blyk noodfinansies 'n aspek te wees waarop mikrolenings gespandeer word (MFRC:2000). Die feit dat individue reeds finansiële probleme ondervind en weens die feit dat uitgawes hul inkomstes oorskry, is daar nie finansies beskikbaar in geval van nood nie. Drie respondente (7,5%) het aangedui dat hulle lenings moes maak ten einde opleidingskostes, hetsy vir hulself of hul kinders, te betaal.

Een respondent (2,5%) het aangevoer dat die lening aangegaan is om 'n eie besigheid te begin. Die MFRC (2000) bevestig dan ook deur statistiek dat 4% van alle lenings op besigheidsfinansiering spandeer word. Hierdie lening gebeur veral wanneer die formele banksektor nie 'n applikant se aansoek toegestaan het nie.

Daar het selfs 5% van die respondente aangedui dat hulle met vakansie wou gaan en gevolglik 'n mikrolening aangegaan. Dit blyk interessant te wees dat 10% van die inkomstegroep wat meer as R7 500 verdien, die respondente is wat 'n lening aangaan ten einde met vakansie te gaan. Hierdie aspek kan moontlik verband hou met die feit dat 'n bepaalde lewenstandaard gevestig is en dus gehandhaaf moet word. Hierdie aspek kan respondente dus daartoe dryf om lenings aan te gaan vir hierdie tipe doeleindes.

Dit tree na vore dat 18,2 % van respondente binne die middel volwasse lewensfase mikrolenings aangaan ten einde meubels te koop. In hierdie geval kan daar van die veronderstelling uitgegaan word dat meubels eerder vervang word, omrede die meubels oud en stukkend kan wees.

Respondente binne hierdie lewensfase is ou getroudes met meubels wat lankal reeds gekoop is toe hulle eens huis opgesit het.

Dit kom voor dat 50% van die repsondente met verdere kwalifikasies ook mikrolenings aangaan met die doel om ander rekeninge en skuld te delg. Daar kan van die veronderstelling uitgegaan word dat diegene met tersiêre opleiding beter begrip jeens mikrolenings moet openbaar, maar dit dui weereens daarop dat finansiële dissipline nie noodwendig toeneem met die toename van kennis en vaardighede nie.

### 4.2.3.2. ALTERNATIEWE VIR TOETREDE TOT DIE MIKROLENINGSBEDRYF: BANKSEKTOR

**TABEL 4.14. ALTERNATIEWE VIR TOETREDE TOT MLB - BANKE**

| HOEKOM NIE DIE BANKSEKTOR | N | % |
|---|---|---|
| Het geld onmiddellik nodig gehad | 18 | 45,0 |
| Is op die swartlys- sal nie by bank kwalifiseer nie | 8 | 20,0 |
| Aansoek was onsuksesvol | 7 | 17,5 |
| Beskik reeds oor 'n uitstaande banklening | 2 | 5,0 |
| Rentekoerse is te hoog | 2 | 5,0 |
| Banke vra te veel vrae | 1 | 2,5 |
| Beskik nie oor 'n betaalstrokie nie | 1 | 2,5 |
| Weet nie hoe om aansoek te doen nie | 1 | 2,5 |
| **TOTAAL** | **40** | **100** |

## VRAAG 3.

Die vraag is aan respondente gerig ten opsigte van die rede hoekom hulle nie by gewone banke aansoek om 'n lening gedoen het nie. Hierdie was 'n oop vraag waarop al veertig respondente gereageer het.

University of Pretoria etd – Fourie, M (2003)

Tabel 4.14 toon aan dat hoofsaaklik agt redes aangevoer word vir die feit dat respondente nie formele bankinstellings genader het nie. Byna die helfte van die respondente (45%) het verklaar dat hulle die geld onmiddellik nodig gehad het, bankprosedures neem te lank. Dit blyk dus duidelik dat onmiddellike behoeftebevrediging 'n dryfveer is vir toetrede tot die mikroleningsbedryf. Een respondent het die erns beklemtoon tydens voltooiing van die vraelys: " Sit jy sonder krag en warmwater as jou kind ernstig siek is ? " Vanuit die waarnemings is dit ook duidelik dat die vroulike respondente meer emosioneel reageer op vrae, teenoor die manlike respondente wat meer rasioneel van aard optree. 'n Vroulike respondent het ook gemeld dat as daar nie kos is nie, wat gemaak om jou kind se maag vol te kry? Sy sal haarself later bekommer oor hoe sy die lening gaan terugbetaal. Alle respondente (100%) binne die SKB diensvlak is van mening dat hulle die geld dadelik nodig het en weens die rede nie die banksektor nader nie. Meer as helfte van die respondente (62,5 %) op die KB1 diensvlak bevestig dat die dringendheid van die behoefte 'n sterk motivering is vir die aangaan van 'n mikrolening (sien Bylae C: 11).

As gevolg van die feit dat respondente deeglik ingelig was rakende die ondersoek, was hulle op hul gemak en eerlik tydens voltooiing van die vraelys.'n Persentasie van 20% van die respondente het bevestig dat hulle gesekwistreer is of op die swartlys geplaas is vir skuld. Dit is duidelik dat 36,4 % van die respondente binne die middel-volwasse lewensfase, hierdie rede aanvoer vir hul betrokkenheid by mikrolenings. 'n Persentasie van 37,5 % van die respondente op die KB 2 diensvlak bevestig dat hulle op die swartlys is en nie kan skuld maak nie, maar ook geld nodig het. Sommige van die mikroleningsinstansies leen die geld omrede hulle net die wins daarin raaksien, maar dit is juis in sulke gevalle waar die instansie 'n sterk opvoedersrol behoort vertolk ten einde ook te verseker dat die lener by magte sal wees om wel die geld terug te kan betaal.

University of Pretoria etd – Fourie, M  (2003)
Vervolgens ander redes wat fokus op verdere moontlike behoeftes en probleme aan die kant van die respondente. Ongeveer 17,5 % van die respondente het wel hul opsies oorweeg en aansoeke by die banksektor ingedien, maar hul aansoeke is afgekeur. Hulle het steeds 'n behoefte aan die geld gehad en moes gevolglik hulself tot die mikroleningsbedryf wend vir tydelike oplossing van hul probleem. Dit is duidelik dat dit veral die respondente binne die vroeë-volwasse lewensfase is wat hulle opsies oorweeg het. 20, 7 Persent van die respondente binne hierdie lewensfase het wel 'n aansoek ingedien maar verneem dat dit afgekeur is. Weens huidige persoonlike lenings by die bank het 5% van die repsondente nie weer die bank genader nie. Die feit dat slegs 5% van die respondente van mening is dat bankrentekoerse te hoog is, bevestig die afleiding dat respondente nie besef dat rentekoerse verbonde aan mikrolenings veel hoër is dìe van die banksektor nie.


Die mening dat banke te veel vrae vra het slegs een respondent verhoed om nie die bank te nader nie. Alle instansies het hul prosedures en dit is die keuse van die kliënt of hy daarby wil aanpas of nie. Die feit dat een respondent nie oor 'n salarisstrokie beskik het nie, is as rede aangevoer vir nie gebruikmaking van die banksektor. Dit is egter onduidelik hoe die respondent by 'n mikroleninginstansie reggekom het, omrede 'n salarisstrokie ook daar 'n vereiste is. Opleiding blyk 'n behoefte te wees, omrede 2,5% van die respondente aangedui het dat hy/sy nie bekend is met die prosedures wat gevolg moet word indien 'n banklening aanggegaan wil word nie. Onkunde in hierdie verband blyk 'n behoefte te wees ten einde beter finansiële beplanning en keuses te verseker.

Uit die voorafgaande wat aangevoer is blyk dit dat die dringendheid om die geld te bekom oorheersend is, en tot gevolg het dat alternatiewe nie deeglik oorweeg word nie. Respondente soek die geld so gou moontlik, met die minste moeite en ongerief wat daarmee gepaard gaan.

Young (2001:9) bevestig dat persone moet rondsoek vir die beste, mees ekonomiese opsie beskikbaar – maar dit is selde die prosedure wat gevolg word weens die onmiddellike behoefte wat bestaan en bevredig moet word.

#### 4.2.3.3. ALTERNATIEWE VIR TOETREDE TOT DIE MIKROLENINGSBEDRYF: FAMILIE

**Figuur 4.2. ALTERNATIEWE VIR TOETREDE TOT DIE MLB - FAMILIE**




Voortspruitend uit die alledaagse prysstygings, word knelpunte ervaar ten einde die lewenstandaarde te handhaaf. Hierdie stygings raak die samelewing in totaliteit. Dit is dan ook die kernfaktor wat neergelê is waarop die redes soos aangevoer deur respondente geskoei was.

Ongeveer vier uit elke tien respondente (40%) bevestig dat hulle nie familie oorweeg het vir finansiële steun nie, omrede die familie self nie

finansieel by magte is nie – hulle het nie die geld tot hul beskikking nie. Die families word ook geraak deur die algemene stygings in lewenskostes, wat lenings by families bemoeilik. Dit blyk ook dat dit juis respondente is met laer huishoudelike inkomstes wat hierdie rede bevestig (sien Bylae C: 12). Ongeveer 50% van respondente wat tot en met R5 000 verdien, asook 50% van respondente wat tussen R5 001 en R7 500 verdien, verklaar dat families ook nie oor die fondse beskik wat hulle wil leen nie. Meer as helfte van die respondente (60%) wat meer as R7 500 verdien, wil bloot nie hul familie by geldleen betrek nie. Hierdie respondente wil nie hul familie vanuit die staanspoor om hulp vra nie. ‘n Persentasie van 10% van die totale aantal respondente meld dat hul families ook nie finansieel by magte is om geld te kan uitleen nie.

‘n Strewe na finansiële onafhanklikheid onder 5% van die respondente blyk ook ‘n rede te wees waarom hulle nie hul families nader vir finansiële steun nie. Ongeveer 20% van die inkomstegroep wat meer as R7 500 verdien, handhaaf hierdie opinie en wil eerder op hul eie bene staan.

Sommige van die families het ook voorwaardes vir terugbetaling gehad wat 2,5 % van respondente verhoed het om familie om hulp te vra. Om geld by familielede te leen, bring ook na mening van 2,5 % van respondente ander probleme mee. Hierdie probleme dui op die verswakking van familiebande en agteruitgang van algemene familieverhoudings. Respondente verkies dus om onafhanklik van families te funksioneer, veral op finansiële vlak. Hierdeur skakel hulle onnodige spanning, vernedering en negatiewe familieverhoudings uit die weg. Die finansiële status van die familie self is dikwels ook nie stabiel genoeg ten einde ondersteuning te bied nie.

### 4.2.3.4. DOKUMENTASIE VERBONDE AAN DIE LENINGSTRANSAKSIE

**TABEL 4.15. DOKUMENTASIE VERBONDE AAN LENINGSTRANSAKSIE**

| HET MBL PROSEDURES VERDUIDELIK? | n | % |
|---|---|---|
| Ja | 32 | 80,0 |
| Nee | 8 | 20,0 |
| TOTAAL | 40 | 100 |

### VRAAG 4.

'n Direkte vraag is aan die respondente gerig ten opsigte van dokumentasie verbonde aan die leningstransaksie. Respondente moes aandui watter dokumentasie hulle wel tydens die lening ontvang het, indien wel.

Op die vraag of respondente ingelig is ten opsigte van die leningsbesonderhede, het hulle die volgende openbaar. Die meerderheid van respondente (80%) blyk wel inligting te ontvang het rakende die leningsbesonderhede naamlik: Die rente verbonde aan die lening, leningprosedures, en voorwaardes vir terugbetaling. Dit kom voor dat 20% van die respondente nie ingelig is rakende bogenoemde aspekte nie. Die MFRC is juis tot stand gebring ten einde leners teen wanpraktyke te beskerm. Daar kan dus van die veronderstelling uitgegaan word dat die minderheid van respondente (20%) tot 'n mate nie behoorlik ingelig is volgens voorskrifte en doelstellings van die MFRC nie. Hierdie leningsinstansies het dus nie die nodige leiding aan leners verskaf ten einde 'n beter en ingeligte besluit te neem, of die lener het moontlik nie volkome verstaan wat aan hom voorgehou is nie, en antwoord bloot dat

University of Pretoria etd – Fourie, M (2003)

hy/sy nie ingelig is nie. Hierdie instansies doen dus afbreek aan die algehele beeld van die mikroleenbedryf.

Beskikbare data (sien Bylae C: 13) dui daarop dat 33,3 % van respondente met verdere kwalifikasies ook deurgeloop het en nie die nodige inligting ontvang het nie. Weens hul uitgebreide mate van kennis sou 'n mens reken dat hulle bedag sou wees teen praktyke wat hulle nie van volledige inligting voorsien het nie. Verder blyk dit duidelik dat 27,3% van die ouer respondente nie genoegsaam ingelig is tydens die leningstransaksie nie. Hierdie respondente moes juis hulself voorberei en bedag wees ten opsigte van wat hulle te doen staan in soortgelyke situasies, om te verseker dat hulle ingeligte besluite kan neem. Dit is juis hierdie ouer persone wat dikwels in strikke vasgevang word, as gevolg van hulle goedgelowigheid en vertroue in die geloofwaardigheid en opregtheid van die gelduitlener.

Die opvolgvraag wou bepaal of respondente van 'n kontrak of skriftelike ooreenkoms voorsien is, as bewys van die leningstransaksie. Die meerderheid van respondente, 71,9 % (sien Bylae C: 15) het bevestig dat hulle wel 'n skriftelike dokument ontvang het as bewys van die transaksie. Dit is merkbaar minder as die aanvanklike 80% wat ingelig is rakende die leningsbesonderhede. Dit bevestig weereens dat daar daadwerklik steeds instansies is wat hulle nie aan regulasies en voorskrifte van die MFRC steur nie. 'n Groot persentasie van 28,1 % van respondente het bevestig dat hulle geen bewys of dokument ontvang het nie. Dit blyk dat indien individue van die geld voorsien word, hulle alle ander detail agterweë laat. Hulle teken bloot die kontrak wat aan hul voorgehou is, en laat die res vir later wanneer dit te laat is. Behoorlike en deurdagte opvoeding van leners en leningsinstansies kan negatiewe nagevolge beslis teenwerk en bekamp (Young, 2001:9).

University of Pretoria etd – Fourie, M (2003)

### 4.2.3.5. SAMEVATTING

Roodt (2002:6) bevestig dat toetrede tot die mikroleenbedryf vrywillig is en die keuse van die individu bly. Die redes wat deur individue aangevoer word is legio en fokus sterk op onmiddellike behoeftebevrediging. Die Mikrofinansieringsreguleringsraad het onder andere ten doel om leners te beskerm teen wanpraktyke, maar ook om die beeld van die mikroleenbedryf positief uit te bou. Afdeling D sal vervolgens fokus op die impak van mikrolenings op die funksionering van respondente, soos verkry uit die voltooide vraelyste.

### 4.2.4. AFDELING D: IMPAK VAN MIKROLENINGS OP DIE RESPONDENT SE MAATSKAPLIKE FUNKSIONERING

Johnson (1995:13) is van mening dat omgewingseise 'n belangrike komponent is wat deel uitmaak van die individu se maatskaplike funksionering. Daarom blyk finansiële druk 'n aspek te wees wat impakteer op die individu se maatskaplike funksionering. Hierdie impak mag fisies en/of sosiaal van aard te wees, afhangend van die individu wat daarby betrokke is, asook die mate van finansiële ongemak wat ervaar word. In hierdie afdeling sal die impak van mikrolenings op die maatskaplike funksionering verklaar word as doelstelling van hierdie ondersoek.

### 4.2.4.1. FINANSIëLE BEGROTINGS VAN RESPONDENTE

**VRAAG 5.**

Die vraag is aan die respondente gerig ten einde te bepaal of hulle oor 'n finansiële begroting beskik. Verder was die doel van hierdie vraag in die vraelys om te bepaal of huishoudelike begrotings opgestel word asook om

University of Pretoria etd – Fourie, M (2003)

vas te stel of hulle binne hul inkomste funksioneer en of 'n mate van finansiële beplanning wel nagevolg word.

**TABEL 4.16. MAANDELIKSE BEGROTING**

| MAANDEDELIKSE BEGROTING | n | % |
|---|---|---|
| Ja | 32 | 80 |
| Nee | 8 | 20 |
| TOTAAL | 40 | 100 |

Volgens tabel 4.16. tree die volgende navore: Die meerderheid respondente (80%) het bevestig dat hulle wel oor 'n maandelikse begroting beskik. Daarteenoor dui dit dat 20% van die respondente sonder begrotings funksioneer. Laasgenoemde persentasie (sien Bylae C: 16) bestaan hoofsaaklik uit 20,7 % van die respondente binne die vroeë-volwasse lewensfase, asook die 27,8 % van respondente binne die laagste inkomstegroep wat tot en met R5 000 maandeliks verdien. Verder toon dit duidelik dat dit 30,8 % van die respondente vervat wat tussen een en vier jaar in diens van Korrektiewe Dienste is. Bogenoemde resultate bevestig dus dat respondente wat relatief min verdien, vir 'n korter tydperk in diens staan en binne die vroeë-volwasse lewensfase is deel uitmaak van die 20% respondente wat sonder begrotings funksioneer. Hierdie verskynsel kan verklaar word aan die hand van gebrekkige ervaring en moontlike rolmodelle in hierdie verband.

**TABEL 4.17. TIPE BEGROTING**

| TIPE BEGROTING | n | % |
|---|---|---|
| Begroting is op papier | 13 | 40,6 |
| Begroting bestaan alternatiewelik | 19 | 59,4 |
| TOTAAL | 40 | 100 |

University of Pretoria etd – Fourie, M (2003)

Vervolgens met die opvolgvraag moes respondente die formaat van hierdie begrotings aandui, hetsy hul begroting skriftelik is of nie. Volgens tabel 4.17 word die meerderheid van respondente (59,4 %) se begrotings op alternatiewe wyses bestuur. Die data (sien Bylae C: 17) bevestig dat 60,9 % van jonger respondente begrotings volgens alternatiewe maniere navolg. In teenstelling met 62,5 % van respondente wat meer as R7500 verdien en hul begrotings op papier het, blyk dit dat 84,6 % van respondente wat tot R5 000 verdien, nie oor gespesifiseerde begrotings op papier beskik nie. Hier kan dus van die veronderstelling uitgegaan word dat hoe meer geld 'n individu verdien, hoe versigtiger gaan hy/sy met finansies te werk. Talle respondente het tydens voltooiing van die vraelys gemeld dat hulle die begroting in hul kop het, en dat hulle weet wat hulle uitgawes behels – hulle ag dit nie nodig om dit op te skryf nie.

Die minderheid van respondente (40,6%) beskik oor vasgestelde begrotings op papier. Diegene wie se begrotings op papier aangebring is bestaan in hoofsaak uit 44,4% van ouer respondente (middel-volwassenheid), asook uit 62,5% van respondente wat meer as R7 500 per maand verdien (sien Bylae C: 17). Dit blyk dus dat ouer persone, wat 'n groter inkomste verdien, sinvoller met hul finansies te werk gaan en gevolglik 'n beter beplanning handhaaf.

### 4.2.4.2. TOETREDE TOT MIKROLEENBEDRYF (MLB)

**VRAAG 6.**

**TABEL 4.18. FINANSIëLE BESLUITNEMING**

| REGTE FINANISëLE BESLUIT | n | % |
|---|---|---|
| Ja | 8 | 20,0 |
| Nee | 32 | 80,0 |
| TOTAAL | 40 | 100 |

Tabel 4.18. verduidelik dat ‘n groot persentasie (80%) van respondente hulle toetrede tot ‘n mikrolening nie as ‘n goeie finansiële besluit beskou nie. Daar is ooreenstemming (sien Bylae C: 18) onder 75,9% van vroeë-volwasse respondente, asook 90,9 % van middel-volwasse respondente dat toetrede tot ‘n mikrolening nie die regte finansiële besluit was nie. Die redes wat hierdie respondente voorgehou het dui in totaliteit op ‘n mate van insigontwikkeling wat plaasgevind het ten opsigte van mikrolenings. ‘n Persentasie van 65,6 % van respondente het besef dat die rentekoerse baie hoog is en dat hulle die leningsbedrag byna drievoudig terugbetaal. 77,8 Persent van respondente wat meer as R7 500 verdien kom tot die gevolgtrekking dat die rente uitermatig hoog is.

Addisionele redes wat aangevoer word vir respondente se swak finansiële besluit fokus op die feit dat hulle nie ‘n ander opsie gehad het as om die lening aan te gaan nie. Hierdie rede is reeds gemotiveer tydens die bespreking hoekom respondente nie alternatiewe oorweeg het nie, naamlik die formele banksektor of hul families of vriende nie. Dit is duidelik (sien Bylae C: 20) dat 9,4 % van respondente nie ander keuses gehad het nie. Dis sigbaar dat 6,3% van respondente ‘n mate van afhanklikheid aandui ten opsigte van lenings. Hierdie afhanklikheid kan moontlik verklaar word deur te verwys dat 14,3% van respondente wat slegs tot R5 000 inkomste verdien hierdie rede aanvoer. Hulle inkomstes is net nie genoeg nie en daarom bly hulle lenings maak ter aanvulling van hul huishoudelike inkomste. ‘n Mate van toleransie word opgebou wat veroorsaak dat hierdie respondente nie uit die kloue van mikrolenings kan wegbreek nie. Verder bevestig 6,3 % van die respondente dat die lening nie hul probleme opgelos het nie, hulle bevind hulself nou in groter finansiële ongemak. Een respondent bevestig dan ook dat hy sy probleem sou deursien, en dat die lening nie daadwerklik nodig was nie.

In teenstelling met die meerderheid van respondente, meld 20% van respondente dat hulle daarvan oortuig is dat hulle lening ‘n goeie

University of Pretoria etd – Fourie, M (2003)

finansiële besluit was. Hierdie respondente verduidelik hul keuse deur te meld dat hulle onmiddellik gehelp is deur die lening. Onmiddellike behoeftebevrediging is deur respondente ervaar. Een respondent was van mening dat hy die geld op enige plek kon kry. Dit was dus toeganklik en maklik bekombaar. Hierdie verspreiding van mikroleningsinstansies, bevestig Venter (1998:7), kan gevind word in enige area waar daar 'n samedromming en toevloei van mense is. Hierdie aspek maak die mikroleenbedryf baie bekombaar. Omrede die respondent dadelik kontant in die hand gehad het, kon hy daarin slaag om dadelik sy kind se skoolfonds te betaal. Een respondent is ook daarvan oortuig dat omrede hy met geld kan werk, is mikrolenings 'n goeie keuse ingeval van nood. Indien geld dringend benodig word kan 'n lening aangegaan word, maar met die wete dat dit hom die volgende maand of twee sal inperk. Die respondent betaal die lening binne een of twee maande terug. Hy is gemaklik ten opsigte van sy betrokkenheid by mikrolenings.

### 4.2.4.3. FINANSIëLE POSISIE NA TOETREDE TOT MLB

### VRAAG 7.

'n Volgende vraag wat aan die respondente gerig is, wou bepaal wat die impak van mikrolenings op respondente se finansiële posisie was. Vanuit tabel 4.19. is dit duidelik dat twee-en-dertig respondente (80%) bevestig dat hulle finansieel slegter daaraan toe is as gevolg van die mikrolening wat hulle aangegaan het.

**TABEL 4.19. FINANSIëLE POSISIE VAN RESPONDENTE**

| FINANSIëLE POSISIE NA MIKROLENING | n | % |
|---|---|---|
| Finansieel slegter-af | 32 | 80 |
| Finansieel beter-af | 8 | 20 |
| TOTAAL | 40 | 100 |

Dit is belangrik om te onthou dat hierdie data gebaseer is op die respondente se persepsies. Die minderheid respondente (20%) is van mening dat hulle finansieel beter-af is na afloop van die aangaan van die lening. Daar blyk 'n sterk verwantskap te bestaan tussen respondente se huishoudelike inkomste en sy bewustheid ten opsigte van sy finansiële posisie nadat die lening aangegaan is. Die meerderheid van respondente, 94,4 % (sien Bylae C: 22) wat tot R 5000 verdien erken dat hulle finansieel slegter daaraan toe is. Respondente (75%) wat tussen R 5000 en R7500 verdien is minder bewus ten opsigte van hul finansiële posisie. Dis respondente (60%) wat meer as R7500 verdien wat egter die minste bewus is ten opsigte van hul finansiële posisie. Dit blyk dus dat hoe laer die inkomste van respondente is, hoe groter is hul bewustheid en kommer dat hulle finansieel slegter daaraan toe is, teenoor die hoër inkomstegroepe wat die minste verontrief is.

Die meerderheid van respondente (80%) is tog van mening dat hulle finansieel slegter daaraan toe is. Die rede wat deur 43,8% van die respondente aangevoer word, is dat hierdie paaiemente 'n bykomende finansiële las op hulle plaas. 'n Persentasie van 28,1% (soos in Bylae C: 23) van die respondente huldig die mening dat die feit dat hulle meer terugbetaal as wat hulle geleen het, hulle verder finansieel demoveer. Verder meld 21,9% van respondente dat hulle nou selfs in meer skuld gedompel is waaruit hulle sal moet oorkom.

Die 20% respondente wat van mening was dat die lening hulle in 'n beter finansiële posise geplaas het kan volgens 37,5% van respondente daaraan toegeskryf word dat hulle begroot het vir die lening. Nog 25% van respondente meld dat hulle daarvoor beplan het en daarom nie slegter af is nie. Ongeveer 25% van respondente was van oortuiging dat hulle met geld kan werk en daarom het die lening hulle nie negatief beïnvloed nie - hul finansiële posisie het inderdaad verbeter.

#### 4.2.4.4. IMPAK VAN TOETREDE TOT DIE MLB

**VRAAG 8.**

Die meerderheid van respondente (85%) is van menig dat die lening baie finansiële druk op die individu geplaas het. 'n Beduidende persentasie van 90,9 % van die ouer respondente getuig van addisionele druk wat op hulle geplaas is weens die teenwoordigheid van die lening. Daar kan nie met oortuiging vermeld word dat ouer respondente meer finansiële druk as jonger respondente ervaar nie, omrede jonger respondente (82,8 %) ook melding maak van die bykomende finansiële druk. Weereens word daar bevestig dat die aangaan van 'n mikrolening die persoon in 'n slegter finansiële posisie plaas as voor die lening. 'n Meerderheid van die respondente (80%) bevestig hierdie aanname.

Daar bestaan algehele ooreenstemming onder respondente dat dit baie duur is om 'n lening aan te gaan. Al die respondente (100%) het hul mening in hierdie verband gelig (sien Bylae C: 27). Hiermee saam het 90% van respondente bevestig dat lenings by mikroleningsinstansies baie duurder is as lenings by bankinstellings. Hierdie verskynsel kan moontlik toegeskryf word volgens Van Der Walt (1998:63) aan die feit dat MLB-rentekoerse soveel hoër is as die van die banksektor. Volgens laasgenoemde outeur kan mikroleners enige rentekoers vra, aangesien daar geen wetlike beperkinge op hulle van toepassing is nie. Slegs 10% van die respondente stem nie saam dat mikrolenings duurder is ander lenings nie. Die ontkenning van hierdie stelling lok 'n mate van kommer rakende die oningeligtheid van respondente in hierdie verband.

Die meerderheid van respondente (87,5 %) dui aan dat hulle nie 'n ander keuse gehad het as om die lening uit te neem nie (sien Bylae C: 29). As gevolg van die feit dat hulle om verskeie redes nie geld by 'n bank of by familie en vriende kon of wou leen nie, beperk respondente baie in ten

opsigte van ander alternatiewe. Die rede vir toetrede is legio en uniek tot die betrokke individu se persoonlike behoefte. Alhoewel 12,5 % van respondente van mening is dat hulle wel ander alternatiewe gehad het, het hulle op die end tog van mikroleningsfasiliteite gebruik gemaak.

Wanneer dit by finansies kom is elke individu versigtig ten opsigte van hoe dit spandeer word. Hierdie stelling word bevestig deur dat 92,5 % (sien Bylae C: 30) van respondente van mening is dat dit hulle wel pla om meer geld terug te betaal as wat hulle geleen het. Respondente het tydens voltooiing gesê dat hulle eerder net moes spaar tot hulle kon bekostig wat hulle wou doen, as om die lening aan te gaan en sodoende baie geld moes terugbetaal. Namate respondente die impak van mikrolenings nie net aan hul sakke voel nie, maar ook ten opsigte van beperkinge op hul persoonlike lewe, meld 95% van die respondente dat hulle werklik twee keer sal dink alvorens hulle weer by 'n mikroleningsinstansie aanklop. Slegs twee respondente is van mening dat hulle enige tyd weer sal gaan. Hierdie mening kan moontlik gestaaf word deur positiewe ervarings wat hulle met mikroleningsinstansies gehad het. Ross (1997:53) bevestig dat 62,5 % van die respondente se mening dat finansiële druk 'n stresfaktor is wat lei tot negatiewe en nadelige veranderinge in bestaande gesinsverhoudings. 'n Groot meerderheid van respondente (83,3 %) wat binne die inkomstegroep van tot R5 000 val, steun die mening dat familieverhoudings negatief beïnvloed word deur oormatige finansiële spanning wat deur die individu ervaar word (sien Bylae C: 32).

Daar is 'n beduidende hoeveelheid respondente (80%) wat van mening is dat hulle soms baie gespanne is weens die finansiële druk wat die lening op hul plaas (sien Bylae C: 33). Bezuidenhout (1998:94) is van mening dat ekonomiese spanning tot verhoogde gevoelens van magteloosheid kan lei. Hierdie magteloosheid kan dus meer druk op die individu plaas ten einde omgewingseise te kan hanteer. 'n Persentasie van 35% van die respondente het aangedui dat hulle meer alkohol gebruik as gevolg van die lening en gepaardgaande finansiële druk. Dis duidelik dat 38,9% van

respondente wat tot R5 000 verdien en 40% van respondente wat meer as R7 500 verdien, hulself daaraan skuldig maak en meld dat hulle meer drink as gewoonlik (sien Bylae C: 34). Bezuidenhout (1998:94) meld ter verduideliking hiervan dat alkohol aan diegene die nodige selfvertroue gee ten einde te kan voortgaan met die normale dagtake. Die alkohol verleen dus 'n tydelike gevoel van beheer aan individu rakende sy omstandighede. Hier kan dus van die veronderstelling uitgegaan word dat die drank die blaam gegee word vir hul onvermoë om beter finansiële beplanning aan die dag te lê. 'n Persentasie van 37,5 % van respondente verklaar dat hulle meer rook as gevolg van die addisionele spanning wat toegevoeg word deur die lening (sien Bylae C: 35). Hierdie verskyning kan verdere nadelige gevolge op die individu se gesondheid hê.

Die helfte (52,5 %) van die respondente het aangedui dat hulle as gevolg van die addisionele finansiële druk van die lening, geld by familie of vriende leen (sien Bylae C: 36). Hierdie aanduiding weerspreek respondente se opinie, soos vroeër in die hoofstuk verduidelik, dat hulle verkies om nie families te pla met sy/haar finansiële probleme nie. Dit blyk veral 58,6 % van die jonger respondente te wees wat hulself skuldig maak daaraan om in geval van nood, families te nader vir finansiële bystand. Die res van die respondente (47,5%) verskil, en bevestig dat hulle steeds nie by familie en vriende geld leen nie. Hulle blyk meer standvastig te wees rakende hul besluite en beginsels in hierdie verband (sien Bylae C: 36).

Respondente (47,5 %) toon aan dat hulle soms nie genoeg kontant het om hul lenings te betaal nie (sien Bylae C: 37). Hierdie verskynsel blyk in meeste gevalle onwaarskynlik te wees omrede die meerderheid van die leningsinstansies die paaiement per debietorder van die lener se rekening verhaal. Volgens die MFRC mag mikroleners onder geen omstandighede leners se bankkaarte en PIN-nommers hou nie, maar in die praktyk het respondente my meegedeel dat dit wel nog gebeur. Leners moet hulself

dus vergewis van en toerus met die nodige kennis volgens Young (2002:9), ten einde die bes moontlik keuse te kan maak.

Weens die hoë rentekoerse verbonde aan mikrolenings, is die maandelikse paaiemente ook veel hoër as die normale. Dis duidelik dat 77,5 % van die respondente bekommerd is ten opsigte van ander uitstaande rekeninge (sien Bylae C: 38). Hulle moet dikwels addisionele reëlings tref met kettingwinkels ten einde te verhoed dat van hul besittings in die proses verloor word. Hierdie bekommernisse kan dikwels die individu daartoe dryf om weer 'n mikrolening aan te gaan ten einde die rekeninge te kan betaal.

Meerderheid van die respondente (87,5 %) besef dat as gevolg van die lening en die hoë paaiemente, hulle hulself daarvan weerhou om ander dinge te kan doen, byvoorbeeld om met vakansie te gaan (sien Bylae C: 39). Daar was wel twee respondente wat aangedui het dat hulle lenings gemaak het ten einde met vakansie te kan gaan. Roodt (2002:6) is van mening dat indien lenings gemaak word vir luukshede, dit ernstige gevolge ten opsigte van kontantvloei vir die individu kan inhou. Daar moet dus baie selektief te werk gegaan word rakende die rede en noodsaaklikheid van die mikrolening. Van Staden (1998:222) huldig die mening dat behoeftebevrediging as 'n wesenkenmerk van maatskaplike funksionering beskou kan word, omrede onbevredigde behoeftes tot swak maatskaplike funksionering kan lei.


Die meerderheid van respondente (72,5 %) het aangedui dat dit somtyds voel of die lewe te veel word as gevolg van die finansiële druk wat ervaar word (sien Bylae C: 40). Gevoelens van depressie kan hiertydens na vore tree, veral waar die individu oorweldig word deur 'n reeks sosiale probleme. Finansiële probleme funksioneer nie in afsondering nie en kan dus 'n reeks van probleme tot gevolg hê. Dit is veral respondente (81,8 %) van die middel-volwasse lewensfase wat aandui dat finansiële druk 'n negatiewe lewensuitkyk kan veroorsaak. Hierdie finansiële kwellinge kan

negatief inwerk ten opsigte van latere aftrede wat die respondente in die oë staar.

### 4.2.4.5. IMPAK VAN MLB OP ALLEDAAGSE LEWE

**VRAAG 9.**

**Figuur 4.3. IMPAK VAN MLB OP ALLEDAAGSE LEWE**




Respondente het vervolgens menings gelig ten opsigte van hoe hulle die impak van mikrolenings in hul lewens ervaar. Hierdie vraag het gefokus op hul eie persoonlike ervarings, daarom kon meer as een antwoord verskaf word. 'n Groot persentasie van 37,5% van die respondente het bevestig dat hulle voel hulle mis uit op ander aktiwiteite, hulle moet met minder tevrede wees. Dit is meer as die helfte (55,6 %) van die repsondente wat tot R5 000 verdien, wat ervaar dat hulle gevolglik met minder tevrede moet wees (sien Bylae C: 41).

University of Pretoria etd – Fourie, M (2003)

Weens die lening wat aangegaan is, dui 22,5 % van die respondente aan dat ekstra spanning ervaar word. Hierdie spanning kan die individu en sy gesinspatrone negatief beïnvloed. Bezuidenhout (1998:7) bevestig hierdie aanname deur te verklaar dat ontoereikende finansies ook sielkundige gevolge kan genereer. Hierdie gevoelens word ervaar deur 40% van die respondente wat meer as R7 500 huishoudelike inkomste verdien. Hierdie gevoelens van spanning kan toegeskryf word aan die omgewingseise waaraan die individu blootgestel word, asook eise wat deur die familie gestel word.

Gevoelens wat deur 5% van respondente vermeld is bevestig dat respondente altyd platsak is. Bykomende druk word geplaas op die individu ten einde te voorsien in die behoeftes en familieverhoudings word negatief beïnvloed. Gevoelens van depressie word ervaar by die individu en dan voel hierdie respondente ook dat hulle vooruitgang in die lewe benadeel word (sien Bylae C: 41).

Ervarings wat deur enkele (2,5 %) van respondente gehuldig word sluit onder andere in (sien Bylae C: 41-42):


- Skuldgevoelens
- Respondente voel asof hulle beroof word, as gevolg van die hoë rentekoerse en hoë paaiemente
- Daar word tot die besef gekom dat skuld nie ‘n goeie ding is nie
- Gevoelens van isolasie en irritasie word ervaar
- Bekommernis ten opsigte van ander skuld verhoog
- Hulle kan nie normale lewens lei nie as gevolg van die lening en skuld wat daarmee gepaard gaan
- Die persone voel kwaad vir hulself
- Kan nie kruideniersware koop nie
- Selfs gevoelens dat die lewe nie waarde en betekenis het nie word ervaar.

Bogenoemde aspekte blyk te bevestig dat die meerderheid van ervarings rakende mikrolenings negatief van aard is. Respondente dui op fisiese tekortkominge byvoorbeeld gebrek aan kruideniersware, wat gebrekkige voorsiening van basiese behoeftes tot gevolg het. Respondente ervaar 'n verskeidenheid van gevoelens en emosies wat tot neerslagtigheid en depressie kan lei. Individue kan as gevolg van hierdie gevoelens van spanning en ander probleme negatiewe gedrag op verskillende maniere openbaar. Emosies wat aanvaklik slegs tuis ervaar is, spoel oor na die werksomgewing wat gevolglik ook die werkgewer affekteer.

## 4.2.4.6. GEVOELENS EN EMOSIES VAN RESPONDENTE

## VRAAG 10.

**Figuur 4.4. GEVOELENS EN EMOSIES VAN RESPONDENTE**




Respondente het vervolgens ook 'n aanduiding gegee ten opsigte van gevoelens en emosies wat hulle daagliks ervaar. Respondente moes ook 'n

aanduiding gee rakende hoe gereeld die emosie ervaar word. Depressie is 'n toestand wat somtyds deur 60% van respondente ervaar word. Hierdie toestand blyk nie permanent teenwoordig te wees onder die meerderheid van respondente nie, alhoewel 16,7 % van respondemte wat tot R5 000 verdien, meld dat hulle altyd gevoelens van depressie beleef. Redes vir die teenwoordigheid van hierdie gevoelens sal later bespreek word.

Die meerderheid van respondente (62,5 %) ervaar angstigheid van tyd tot tyd (sien Bylae C: 44). In teenstelling met bogenoemde toon 30% van respondente aan dat hulle nooit hierdie gevoel ervaar nie. Slegs 7,5% bevestig 'n permanente teenwoordigheid van hierdie angsgevoel.

Byna die helfte (47,5 %) van die respondete huldig die mening dat hulle nie probleme ten opsigte van hul slaappatrone ervaar nie (sien Bylae C: 45). Slegs 'n persentasie van 15 % dui aan dat hulle wel probleme in hierdie verband op 'n permanente basis ervaar. Die res van die respondente (37,5 %) dui aan dat hulle somtyds nie kan slaap nie.

Respondente se ervaring ten opsigte van spanning wissel (sien Bylae C: 46):

- 12,5 % ervaar nooit spanning
- 65 % ervaar van tyd tot tyd spanning
- 22,5 % ervaar permanent spanning

Hierdie verskynsel kan toegeskryf word daaraan dat elke individu uniek is en spanning en ander probleme op verskillende maniere hanteer. Dis duidelik dat een derde (33,3 %) van respondente wat tot R5000 inkomste verdien permanente spannning ervaar.

Iirritasie is 'n gevoel wat 60% van die respondente somtyds ervaar (sien Bylae C: 47). Die minderheid van respondente, 17,5 % ervaar irritasie op 'n permanente basis. Slegs 22,5 % van respondente doen afstand van hierdie gevoel en bevestig dat hulle dit nooit ervaar nie. Gevoelens van aggressie word ook deur respondente ervaar (sien Bylae C: 48):

- 40% van respondente ervaar nooit gevoelens van aggressie nie
- 42,5 % van resondente ervaar somtyds gevoelens van aggressie
- 17,5 % van respondente ervaar aggressie op 'n permanente basis

Irritasie en aggressie is ook verbandhoudende emosies wat wedersyds mekaar kan beïnvloed. Hierdie gevoelens van aggressie kan volgens Bezuidenhout (1998:57), indien veroorsaak deur ekonomiese faktore, positief gekoppel word aan gesinsgeweld. Ongeveer 50% van respondente wat tot R5 000 verdien, ervaar van tyd tot tyd aggressie. Hierdie verskynsel ondersteun outeurs se mening, soos in hoofstuk drie genoem, dat die voorkoms van gesinsgeweld 'n groter geneigdheid het onder laer-inkomstegroepe, alhoewel dit nie hoër-inkomstegroepe uitskakel nie.


Gevoelens van hulpeloosheid, verwerping en eensaamheid word ook deur respondente uitgelig (sien Bylae C: 49-51). Die meerderheid van respondente ervaar hulpeloosheid somtyds (37,5 %) en op 'n permanente basis (15%). Dit is veral respondente (27,8 %) in die minimum inkomstegroep, tot R5 000, wat hulpeloosheid op 'n permanante basis ervaar. Hierdie gevoel kan moontlik toegeskryf word daaraan dat hul inkomste nie in al hulle noodsaaklike behoeftes voorsien nie.

Die oorgrootte meerderheid van respondente (60%) ervaar nie gevoelens van verwerping nie. Dit blyk dat slegs 27,5 % van respondente hierdie gevoel van tyd tot tyd ervaar, teenoor die minimum van 12,5 % van respondente waarvan verwerping alomteenwoordig in hul daaglikse lewe is. Daar blyk samehorigheid te bestaan tussen gevoelens van verwerping en gevoelens van eensaamheid, omrede die verspreiding van eensaamheid onder respondente ooreenstem met die van verwerping onder respondente.

## 4.2.4.7. OORSAAKLIKE FAKTORE VAN BETROKKE EMOSIES EN GEVOELENS

### VRAAG 11.

**Figuur 4.5. OORSAAKLIKE FAKTORE VIR GEVOELENS EN EMOSIES VAN RESPONDENTE**




Vervolgens gaan oorsaaklike faktore uitgelig word ten opsigte van bogenoemde gevoelens en emosies wat genoem is. Redes vir die teenwoordigheid van hierdie gevoelens word verskaf deur respondente soos verkry vanaf die vraelyste wat voltooi is.

Die meerderheid van respondente (57,1 %) bevestig dat hul finansiële posisie die grootste bydraende faktor is ten opsigte van gevoelens van depressiwiteit wat hulle ervaar. Hierdie resultate sien as volg daar uit (sien Bylae C: 52):

University of Pretoria etd – Fourie, M (2003)

- Respondente (66,7 %) wat tot R5 000 verdien, bevestig dat hul finansies die oorsaak is vir gevoelens van depressiwiteit,
- 55,6 % van respondente wat tussen R5 001 en R7 500 verdien bevestig dat finansies die hoofoorsaak is vir gevoelens van depressiwiteit en
- 42,9 % van respondente wat meer as R7 500 verdien verklaar dat hul finansiële posisie aanleiding gee tot hul gevoelens van depressie.

Uit die resultate blyk dit dus dat daar 'n sterk verband tussen die bruto maandelike, huishoudelike inkomste van respondente en die teenwoordigheid van gevoelens van depressie bestaan. Hoe laer die inkomste, hoe hoër die gevoelens van depressie. Ter uitbreiding dien dit vermeld te word dat 75% van die middel-volwasse respondente oortuig is dat hul finansiële posisie, hul gevoelens van depressie veroorsaak.

Dit blyk dat die meerderheid van respondente (60,7 %) van mening is dat hul finansiële posisie tot gevoelens van angstigheid lei (sien Bylae C: 53). Hierdie gevoel van angstigheid kan impulsiewe reaksies by respondente ontlok, wat nadelige gevolge vir die individu en sy gesin kan veroorsaak.

Bekommernisse ten opsigte van 'n persoon se finansiële posisie kan slaapsteurnisse tot gevolg hê. Hierdie stelling word ondersteun deur respondente se resultate, wat aandui dat 38,1 % van respondente slaapsteurnisse ervaar as gevolg van hulle finansies. Dit is 50% van die ouer respondente, asook 60% van respondente wat meer as R7 500 verdien wat veral hierdie aspek bevestig (sien Bylae C: 54).

Uit die resultate is dit duidelik dat byna helfte van die respondente (48,6%) finansies identifiseer as die oorsaaklike faktor ten opsigte van stres wat hulle ervaar (sien Bylae C: 55). Dit blyk vanuit resultate dat daar 'n verband tussen respondente se huishoudelike inkomste en die voorkoms van stres bestaan. Dit is beduidend dat 73,3 % van die respondente wat tot R5 000 verdien, finansies aanvoer as oorsaak tot die

University of Pretoria etd – Fourie, M (2003)

stres wat hulle ervaar. In 'n mindere mate verklaar 36,4 % van respondente wat tussen R5 001 en R7 500 verdien, dat finansies die oorsaak is tot gevoelens van stres. Laastens meld 22,2 % van respondente wat meer as R7 500 verdien dat hul finansies aanleiding gee tot gevoelens van stres. Dit blyk dus duidelik dat die totale maandelike inkomste, verband kan hou met die mate van stres wat ervaar word. Die stres kan dus verhoog word waar diegene wat R5 000 verdien dieselfde moet betaal vir 'n brood as diegene wat meer as R7 500 verdien. 'n Persentasie van 37,1% verklaar dat werk ook 'n groot rol speel ten opsigte van stres wat respondente ervaar. Lede van die Departement van Korrektiewe Dienste se werksomgewing kan gevolglik beskou word as 'n bydraende faktor vir die versterking van bogenoemde gevoelens. Die lede van Korrektiewe Dienste word daagliks blootgestel aan dieselfde toegekampte areas, veiligheidshekke en tralies as die oortreders wat in aanhouding is. Hierdie omstandighede dra by tot verhoogde frustrasie en stresvlakke onder lede wat aanleiding gee tot verhoogde alkoholinname, ten einde negatiewe belewing te kan hanteer

Vanuit die data blyk dit dat gevoelens van irritasie veroorsaak word deur twee aspekte wat in noue kontak is, by name finansies en die werksopset (sien Bylae C: 56). Resultate bevestig dat 41,9 % van respondente van mening is dat finansies en die werk onderskeidelik bydra tot hierdie gevoel van irritasie. Dit is verder duidelik dat 72,7 % van die respondente wat langer as tien jaar diens het, van mening is dat die werk die oorsaak is rakende gevoelens van irritasie. Irritasie is nie 'n gevoel wat in isolasie plaasvind nie, en kan bydra tot uitbarstings van aggressie.

Finansies word deur 50% van die respondente aangevoer as oorsaak vir die voorkoms van aggressie (sien Bylae C: 57). Uit die resultate is dit duidelik dat 72,7 % van respondente wat tot R5 000 verdien, finansies aanvoer as oorsaak vir gevoelens van aggressie. In teenstelling meld slegs 25% van respondente wat meer as R7 500 verdien, dat finansies bydra tot gevoelens van aggressie. By hierdie laaste inkomstegroep word

bevestig dat die werksopset, die hoofoorsaak tot gevoelens van aggressie is. Hierdie verskynsel kan die outeurs Gelles & Cornell (1990:75) se opinie bevestig, dat ekonomiese bekommernis 'n bydraende faktor is tot geweld binne die huishouding. Smith & Fontana (1981:228) se frustrasie-aggressieteorie kan ter verduideliking voorgehou word. Volgens hierdie teorie kan frustrasies, onder andere ekonomiese faktore, aanleiding gee tot geweld binne die gesin.

Die oorgrootte meerderheid (81%) van respondente bevestig dat finansies beskou word as die hoofoorsaak vir gevoelens van hulpeloosheid (sien Bylae C: 58). Bezuidenhout (1998:172) verklaar hierdie verskynsel en huldig die mening dat ontoereikende finansies ook sielkundige gevolge kan genereer, wat gevoelens van minderwaardigheid, 'n lae selfbeeld en selfveroordeling kan genereer. Dit blyk dus dat 'n individu se swak finansiële posisie, sy / haar maatskaplike funksionering negatief kan beïnvloed.

Meer as die helfte (56,3 %) van die respondente het aangedui dat finansies bydra tot die mate van verwerping wat respondente ervaar (sien Bylae C: 59). Dit is veral opmerklik dat 66,7 % van die jonger respondente hierdie mening ondersteun. Hierdie verskynsel kan toegeskryf word aan die meer aktiewe sosiale lewe wat gehandhaaf word. Indien 'n individu dus nie kan byhou met sy / haar sosiale pligte nie, kan 'n mate van verwerping na vore tree. Dit dien vermeld te word dat nie net sosiale aspekte is wat tot verwerping bydra nie, maar dit kan ook wees as gevolg van 'n sameloop van gebeure en omstandighede.

Eensaamheid is 'n aspek wat in 'n mindere mate deur respondente ervaar word (sien Bylae C: 60). Uit die resultate tree dit navore dat 38,9 % van respondente eensaamheid toeskryf aan hul finansiële posisie. Dis duidelik dat 46,2% van die jonger respondente gevoelens van eensaamheid ervaar weens hul finansiële posisie, teenoor die 20% van ouer respondente. Laasgenoemde verskynsel kan toegeskryf word aan die moontlikheid dat ouer respondente alleenheid beter hanteer, asook

University of Pretoria etd – Fourie, M (2003)

omrede hul vriendekringe moontlik reeds meer gevestig kan wees en 'n sosiale lewe buite die huis kan ook meer vereenselwig met deel van die jong volwasse kultuur.

### 4.2.4.8. OPLEIDINGSMOONTLIKHEDE EN VEREISTES

### VRAAG 12

**TABEL 4.20. OPLEIDINGSMOONTLIKHEDE EN VEREISTES**

| SAL GEÏNTERESSEERD WEES IN OPLEIDING | n | % |
|---|---|---|
| Ja | 31 | 77,5 |
| Nee | 9 | 22,5 |
| TOTAAL | 40 | 100 |

Daar is van respondente verwag om 'n aanduiding te gee ten opsigte van wie belang sou stel in 'n opleidingsessie of werkswinkel ten einde hulle in staat te stel om hul huidige finansiële posisie beter te bestuur.

In hierdie verband het 77,5 % van respondente aangedui dat hulle sou belangstel in 'n opleidingsinisiatief rakende hul finansies. Dit blyk 'n werklike behoefte te wees by alle inkomstegroepe asook respondente van alle ouderdomme. Slegs 22,5 % van respondente toon geen belangstelling vir opleiding in hierdie verband nie.

Op die vraag rakende wat die inhoud van so 'n opleidingsessie behoort te wees het respondente die volgende voorstelle ingedien:

- Deeglike finansiële beplanning en opstelling van begrotings, is deur 80,6 % van respondente geïdentifiseer as belangrik. Hulle verlang ook strategieë oor hoe om by begrotings te hou.
- Voordele en nadele verbonde aan mikrolenings, is deur 6,5 % van respondente voorgestel

- Inligting ten opsigte van die interpretering van rentekoerse, is deur 6,5 % van respondente uitgelig
- Addisioneel is deur 6,5 % van respondente geïdentifiseer dat individue bewusgemaak moet word rakende die impak van mikrolenings op die individu en die gesin
- Entrepeneurskapvaardighede is ook deur 3,1 % van respondente voorgestel as 'n behoefte waaraan aandag gegee kan word
- 'n Enkele respondent het voorgestel dat bankprosedures verduidelik moet word, ten opsigte van hoe daar te werk gegaan moet word vir 'n lening
- Normalisering van stresvlakke by die huis en by die werk is aangevra deur 3,1 % van respondente.

Hierdie aanbevelings vir opleiding sal daadwerklik uitgelig word tydens voorlegging van aanbevelings nadat hierdie ondersoek voltooi en gefinaliseer

#### 4.2.4.9. SAMEVATTING

Vanuit die voorafgaande blyk dit duidelik dat mikrolenings 'n negatiewe impak het ten opsigte van 'n individu se maatskaplike funksionering. Alle respondente het nie noodwendig dieselfde negatiewe ervaring rakende die mikrolenings ervaar nie, omrede hul probleem daardeur aangespreek is, maar respondente beskik oor die nodige insig en vermoë ten einde die implikasies daaraan verbonde te identifiseer.

Die aard, omvang en impak van mikrolenings op die maatskaplike funksionering van lede van Korrektiewe Dienste is ondersoek en die volgende aspekte tree sterk na vore:

- 'n Duidelike profiel van die respondente is ontwikkel vanuit die demografiese inligting wat versamel is tydens die ondersoek. Daar is gevind dat manlike lede meer bereidwillig was ten einde deel te neem aan die ondersoek. Die grootste persentasie respondente val binne die jong-volwasse lewensfase wat verskeie aspekte beïnvloed en uitgelig

University of Pretoria etd – Fourie, M (2003)

het vir toetrede tot die mikroleenbedryf. Die data verleen toegang tot begripsontwikkeling rakende die respondent en sy of haar persepsies van mikrolenings.

- ‘n Noemenswaardige toename in toetrede tot die mikroleenbedryf was voor-die-hand-liggend. Moontlike redes hiervoor kan verwys na die algemene stygings ten opsigte van die bestaande hoë lewenskostes. Langer terme vir terugbetaling word verkies ten spyte van rente-implikasies daaraan verbonde. Daar blyk ook ‘n verband tussen die leningsbedrag en die maandelike inkomste van respondente, en word bestee hetsy om basiese behoeftes te bevredig of om luukshede te bekom.
- Redes vir toetrede tot doe mikroleenbedryf blyk legio te wees. Verskeie faktore beïnvloed toetrede tot die mikroleenbedryf en wissel van individu tot individu. Alternatiewe is ook ondersoek vir toetrede, maar die strewe na onafhanklikheid en algemene trots weerhou lede om werklik ander alternatiewe te ondersoek.
- Die meerderheid respondente het negatiewe ervarings ervaar rakende hul betrokkenheid in die mikroleenbedryf en besef dat hulle finansiël slegter daaraan toe is nadat die lening aangegaan is.
- Die impak van toetrede tot die mikroleenbedryf word weens die uniekheid van die mens ook verskillend deur onderskeie individue ervaar. Daar is wel gevind dat finansiële bekommernis en druk werklik negatiewe nagevolge inhou vir die individu, sy gesin, die gemeenskap en werksopset. Hierdie emosies en gevoelens wat ervaar word weens toetrede tot die mikroleenbedryf impakteer dus op ‘n groot verskeidenheid sisteme binne die individu se verwysingsraamwerk.
- Die oorgrootte meerderheid van die respondente is geïnteresseerd in opleiding betreffende hulle finansiële posises asook om vaardighede aan te leer en te bemeester ten einde beter finansiele besluite en dissipline aan die dag te kan lê.

University of Pretoria etd – Fourie, M (2003)
In die hieropvolgende hoofstuk sal die nodige samevattings, gevolgtrekkings en aanbevelings rakende die ondersoek uiteengesit word ten opsigte van die onderskeie hoofstukke.

University of Pretoria etd – Fourie, M (2003)

# HOOFSTUK 5

# ALGEMENE SAMEVATTINGS, GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS VAN DIE ONDERSOEK

## 5.1. INLEIDING

Die voorafgaande hoofstukke bestaan in hooftrekke uit die navorsingsproses en literatuurstudies wat gedoen is, asook die empiriese ondersoek wat deurgevoer is ten einde doelstellings verbonde aan die ondersoek te bewerkstellig. Empiriese data is verwerk, beskryf ten einde integrering van die teorie en praktyk te verseker. Vervolgens word algemene samevattings, gevolgtrekkings en aanbevelings betreffende die onderskeie hoofstukke voorgehou ten einde afhandeling van die ondersoek te lewer.

## 5.2. BEREIKING VAN DOELSTELLINGS EN DOELWITTE, ASOOK DIE NAVORSINGSVRAAG RAKENDE DIE ONDERSOEK

Die volgende doelstelling is in hoofstuk een gestel:

- Om die aard, omvang en impak van mikrolenings op die maatskaplike funksionering van lede van Korrektiewe Dienste te ondersoek

Hierdie doelstelling is bereik deur deeglike literatuurstudies te doen rakende mikrolenings ten einde 'n beter begrip vir die bedryf te ontwikkel, asook om te verstaan waardeur respondente gegaan het om die lening aan te gaan. Verder is daar in hierdie doelstelling geslaag omrede daar 'n relevante ondersoek ingestel is na die aard, omvang en impak van mikrolenings soos ervaar deur respondente wat die vraelyste voltooi het.

Vir die navorsing van hierdie ondersoek is daar deurlopend gestreef om die doelwitte soos in hoofstuk een voorgehou te bewerkstellig, naamlik:

- Om die voorkoms en beskikbaarheid van mikrolenings en mikroleningsinstansies in Suid-Afrika te eksploreer.
- Om die impak van finansiële druk op die maatskaplike funksionering van individue te eksploreer.
- Om deur middel van 'n empiriese ondersoek die aard, omvang en impak van mikrolenings op die maatskaplike funksionering van lede van Korrektiewe Dienste te eksploreer.
- Om aanbevelings vir die werknemerhulpprogram-praktisyn te formuleer vir toekomstige implementering in programontwikkeling.

Die navorser het die eerste doelwit bereik deur 'n omvattende literatuurstudie te onderneem ten opsigte van die voorkoms en verspreiding van mikrolenings in Suid-Afrika. Literatuur is sistematies ingesamel, vergelyk en gedokumenteer. Daar is onder andere geïdentifiseer dat Gauteng byna 'n kwart van die land se mikroleningsinstansies huisves. Die rede hiervoor kan wees omdat die grootste konsentrasie van mense juis binne die grense van hierdie stedelike gebied gesentreerd is.

Die navorser het die tweede doelwit bereik deur verdere literatuur te bestudeer ten opsigte van die impak wat finansiële druk uitoefen op die maatskaplike funksionering van individue in die algemeen. Daar is eksplisiet gefokus op die impak wat finansiële druk uitoefen op die individu self, asook sisteme binne sy/haar verwysingsraamwerk. Dit blyk uit die literatuurnavorsing dat 'n verskeidenheid maatskaplike en sosiale probleme kan voorspruit uit die onvermoë om persoonlike finansies toereikend te bestuur. Probleme tree na vore veral ten opsigte van onder andere: Middelafhanklikheid, gesinsgeweld, asook ontoereikende voorsiening in basiese noodsaaklike behoeftes. Verder kring probleme uit tot binne die werksplek, wat gevolglik impakteer op die werkgewer, medewerkers en algemene mate van sukses wat ervaar word.Daar is

University of Pretoria etd – Fourie, M (2003)

daadwerklik verkennend gehandel en gestrewe ten einde hierdie doelwit te verwesenlik.

Die derde doelwit is vergestalt en is sigbaar uiteengesit in die data wat versamel, verwerk en voorgehou is in hoofstuk 4. Die aard en omvang van mikrolenings kan onder andere fokus op die leningsbedrae, die terme vir terugbetaling asook die inisiële redes waarom die repondente toegetree het tot die mikroleenbedryf. Die omvang van die lening wat aangegaan is dui op wie almal onder andere daardeur geraak word en respondente se persepsies ten opsigte van hul ervarings en ontoereikendheid ten opsigte van mikroleningsinstansies. Die impak van mikrolenings is ondersoek en deurlopend geïnkorporeer met die toepaslike literatuur wat in hierdie verband bestudeer en nagevors is. Persoonlike ervarings wat deur respondente aan die navorser meegedeel is het verdere dimensie, insig en begrip tydens die ondersoek opgelewer en stel die leser daardeur in staat om krities na bevindinge te kyk.

Die vierde doelwit is bereik deurdat respondente aspekte geïdentifiseer en uitgewys het wat hulle binne werkersopleiding sou wou aanspreek. Aanbevelings in hierdie verband kan gevolglik gemaak word. Vanuit toepaslike en relevante literatuur wat bestudeer is, asook voorstelle wat deur respondente gemaak is, blyk dat finansiële beplanning en die daarstelling van persoonlike begrotings binne opleidingsverband aangespreek en toegelig moet word.

Die navorsingsvraag betreffende die ondersoek in totaliteit is beantwoord omrede daar in die doelstelling en doelwitte geslaag is. Nuwe asook aanvullende inligting is tydens die ondersoek ingewin vir verdere gebruik en toepassing ten einde die wetenskaplike kennisbasis hieromtrent uit te brei.

University of Pretoria etd – Fourie, M (2003)

## 5.3. HOOFSTUK EEN

### 5.3.1. SAMEVATTING

In hierdie hoofstuk is die hooftrekke van die navorsingsproses wat nagevolg is uiteengesit. Die student het die leergeleentheid benut en die rol van die navorser vertolk. Verskeie prosedures, tegnieke en prosesse is nagevors en nagevolg ten einde die geslaagdheid van die ondersoek te verseker. Die teikengroep het besliste voordeel uit die ondersoek getrek omrede hulle die geleentheid gebied is om finansiële persepsies en ervarings te deel. Hierdie persepsies sal later in hierdie hoofstuk uitgelig en verder beskryf word. Die professie het ook voordeel getrek ten opsigte van kennisuitbreiding. Voortspruitend uit die voltooiing en afhandeling van hierdie ondersoek is verdere wetenskaplike kennis tot beskikking van ander Maatskaplike Werkers en professionele persone gestel.

Die navorsing was van 'n toegepaste aard, met die fokus op die ontwikkeling van kennis en die benutting daarvan. Kwantitatiewe navorsingstegnieke is gebruik. 'n Totaal van veertig respondente het aan die ondersoek deelgeneem. Data is versamel deur middel van vraelyste wat deur die betrokke respondente voltooi is. Kontak met en beskikbaarheid van respondente was geredelik. Die respondente se geletterdheidsvlak het die uitvoerbaarheid van die ondersoek ook verder vergemaklik. Die vraelys was vooraf onderwerp aan toetsing, waarna enkele wysigings aangebring is. Hierdie toetsing het verder verseker dat die geldigheid, betroubaarheid en sensitiwiteit van data verhoog en uitgebou. Doelgerigte steekproeftrekking is gebruik en het verseker dat werkswyses effektief deurgevoer is. Etiese kwessies is deurentyd nagestreef. Respondente was op hulle gemak en ontspanne en elkeen het 'n toestemmingsbrief onderteken alvorens die vraelys aan hom/haar beskikbaar gestel is. Die navorsingsvoorstel in totaliteit het struktuur en planmatigheid aan die ondersoek verleen.

University of Pretoria etd – Fourie, M (2003)

### 5.3.2. GEVOLGTREKKINGS

- Die doelwitte van die ondersoek was duidelik en meetbaar genoeg gestel wat die bereiking van doelstelling en die uiteindelike beantwoording van die navorsingsvraag verseker het.

- Doelgerigte steekproeftrekking was die mees geskikte metode vir die selektering van die respondente, omrede hulle aan bepaalde kriteria moes voldoen ten einde die doel van die ondersoek te steun en geslaagdheid te verabsoluteer.

- Deur noulettend op die etiese aspekte van navorsing ten opsigte van respondente te fokus, het daartoe bygedra dat respondente se gevoel van selfwaarde en vertroue verhoog is. Hulle kon dus direk bydra tot die groter geheel van die ondersoek.

### 5.3.3. AANBEVELINGS

- Deeglike beplanning ten opsigte van 'n navorsingsproses is nodig, ten einde struktuur en rigting aan 'n ondersoek te verleen.

- Voltooiing van toestemmingsbriewe deur respondente moet streng nagevolg word, ten einde te verseker dat beide die navorser en die respondent beskerm is rakende die voorgenome ondersoek.

- Die korrekte selektering en bestudering van metodes vir steekproeftrekking is belangrik en is 'n bepalende faktor vir die geslaagdheid ten opsigte van die ondersoek.

- Doelwitte vir navorsing moet spesifiek en meetbaar wees ten einde te verseker dat die doel van die ondersoek deurlopend nagestreef en uiteindelik bereik kan word.

- Semi-gestruktureerde onderhoude of fokusgroepe kan moontlik meer omvattende inligting genereer as bloot vraelyste wat vir die betrokke studie gebruik is.

- Die daarstelling van kompensasiemoontlikhede vir deelnemende respondente, hoe gering ook al, sal deelnemertal verhoog en die proses van data-insameling bespoedig.

- Resultate van die ondersoek moet op 'n verstaanbare wyse aan die lesers beskikbaar gestel word ten einde meer persone, professioneel en nie-professioneel, te bereik deur die inligting daarin vervat.

## 5.4. HOOFSTUK TWEE

### 5.4.1. SAMEVATTING

Hierdie hoofstuk bied 'n literatuuroorsig ten opsigte van die formele mikroleenbedryf in Suid-Afrika. Daar is onder andere gefokus op die voorkoms en verspreiding van mikroleningsinstansies. Die mikroleenbedryf is 'n steeds groeiende mark wat veral voorkom waar daar 'n samedromming van mense is. Daar is bevind dat 25% van die aantal mikroleeninstansies in Gauteng voorkom. Hierdie verspreiding kan toegeskryf word aan die hoë bevolkingsdigtheid. Toetrede tot die mikroleenbedryf is ook ondersoek. Die Banksektor vereis ook voldoende sekuriteite alvorens 'n lening toegestaan kan word. Meeste van die respondente sou dus outomaties nie kwalifiseer vir 'n banklening nie. Regulering van die mikroleenbedryf is van groot belang. Die Mikrofinansieringsreguleringsraad (MFRC) het tot stand gekom juis om kontrole in hierdie verband uit te oefen. Mikroleners is egter steeds by magte om enige rentekoers te vra, omrede daar geen wetlike beperkinge in hierdie verband bestaan nie. Die regering het deur die Departement van Handel en Nywerheid omvattende maatreëls saamgestel vir die regulering van die mikroleenbedryf. Verskeie aksies is in hierdie verband

University of Pretoria etd – Fourie, M (2003)

geloods ten einde Staatsamptenare teen aftrekkings op die persal-sisteem te beskerm. Opvoeding ten opsigte van die mikroleenbedryf blyk baie belangrik te wees. Hierdie taak kan nie beskryf word as bloot die rol van 'n enkele individu of instansie nie, maar moet in samewerking en deurlopend geskied. Opvoedersrolle moet onder andere vertolk word deur die mikroleningsinstansie self, die werksplek, asook die individu self wat toetree.

Die mikroleenbedryf (MLB) is 'n groeiende bedryf in Suid-Afrika en vereis dus voortdurende en groeiende maatreëls ten einde beter beskerming te bied aan die diensverskaffers en die verbruikers binne hierdie bedryf.

### 5.4.2. <u>GEVOLGTREKKINGS</u>

- Die behoud en verdere uitbouing rakende beheer-en bestuursliggame ten opsigte van die mikroleenbedryf is belangrik ten einde verbruikers meer beskerming te kan bied teen uitbuiting wat steeds hoogty vier. Hier word meer spesifiek verwys na die informele instansies wat sonder enige fisiese adres en omsigtelike agendas funksioneer.

- Indien meer en gekontroleerde regulering ten opsigte van die stigting van 'n mikroleenagentskap sou geskied, sal daar minder mikroleenagentskappe wees wat sal voorkom dat 'n persoon toegang sal hê tot 'n groot aantal plekke waar hy ongewenste en nadelige lenings kan aangaan. Beperkings van leners tot 'n enkele agentskap kan voorkom dat persone meer as een lening aangaan.

- Buiten die drie vermelde rolspelers betrokke by opleiding van individue ten opsigte van die mikroleenbedryf, kan die regering nie passief staan nie. Aktiewe deelname en ondersteuning van die regering is noodsaaklik in die vorming van bykomende en/of hersiene wetgewing.

University of Pretoria etd – Fourie, M (2003)

### 5.4.3. AANBEVELINGS

- Die korrekte regulering van die MLB moet in praktyk deurgevoer word ten einde die negatiewe beeld wat dikwels verbonde is aan die bedryf teen te werk. Maatreëls moet van stapel gestuur word, wat onder andere 'n mate van rentekoersbeheer kan uitoefen.

- Opvoeding van individue ten opsigte van die MLB is noodsaaklik ten einde te verseker dat die verbruikers ingeligte besluite kan neem rakende toetrede tot die bedryf.

- Opleiding moet primêr die taak van die werkgewer wees omrede die werknemers en verbruikers dit so sal verkies. Vir die grootste deel van die dag is die individu by die werk waar hy meer geredelik geneë sal wees om opleiding te ontvang saam met ander wat ook sy probleme met hom deel. Werkgewers moet dus aangespoor word om indiensopleiding in hierdie verband beskikbaar te stel vir werknemers.

- Individue moet ook bewusgemaak word van gevare verbonde aan toetrede tot MLB en om hulleself met voldoende kennis toe te rus rakende die bedryf in totaliteit en nie slegs die informele-MLB nie.

## 5.5. HOOFSTUK DRIE

### 5.5.1. SAMEVATTING

Hierdie hoofstuk het 'n literatuuroorsig gebied rakende die implikasies van finansiële druk op die maatskaplike funksionering van individue. Finansiële druk en toetrede tot die MLB kan moontlike invloed uitoefen of 'n bydraende faktor wees vir onder andere middelafhanklikheid, gesinsgeweld en ontoereikende voorsiening van basiese behoeftes.

Alkohol en onderdrukkers verskaf valse selfvertroue aan die individu ten einde onder andere gevoelens van magteloosheid aan te spreek en om omgewingseise beter te hanteer. Daar word van die veronderstelling uitgegaan dat finansiële druk, bydra tot gevoelens van magteloosheid en hulpeloosheid. Bevestiging daarvan sal in hoofstuk vier verkry word. Die effek van middelafhanklikheid het ‘n besliste invloed op die individu, sy of haar gesin asook die betrokke gemeenskap en werksopset. Middelafhanklikheid wat intree kan positief daartoe bydra dat individue nie altyd ten volle bewus is van ‘n emosionele-of gevoelstoornis nie.

Gesinsgeweld of teenwoordige aggressie binne die gesinsisteem is ook bespreek. Ekonomiese druk is ‘n stresfaktor wat kan lei tot negatiewe veranderinge rakende bestaande gesinspatrone. Verskeie teorieë is bespreek ten einde verduidelikings te bied rakende die voorkoms van gesinsgeweld. Daar is vermeld dat ontoereikende finansies of finansiële probleme sielkundige gevolge kan genereer, wat onder andere gevoelens van minderwaardigheid kan insluit. Die wisselwerking en wedersydse beïnvloeding van sisteme onderling binne die betrokke individu se verwysingsraamwerk moet altyd voor oë gehou word.

Ontoereikende voorsiening in die basiese behoeftes is ook in hierdie hoofstuk uitgelig as resultaat van finansiële probleme wat deur individue ondervind word. ‘n Positiewe verband blyk tussen ekonomiese sekuriteit en die funksionering van die markte, wat ekonomiese spanningsdruk op die gesinsisteem plaas. Die implikasies vir die werkgewer wat voortspruit uit ekonomiese druk asook vir werknemers is voorgehou. Vyf kategorieë is uitgelig wat die impak van hierdie probleme illustreer naamlik: Swak werksbywoning, afname in produktiwiteit, degenerering van interpersoonlike verhoudings, gesondheidstendense, asook tendense vir die samelewing. Werknemerhulpprogramme (WHP) is ondersoek as hulpmiddel om hierdie probleme aan te spreek. Die WHP beskik oor opgeleide professionele persone ten einde finansiële probleme te kan

University of Pretoria etd – Fourie, M (2003)

aanspreek. Hierdie dienste word tans aan werknemers van verskillende organisasies gelewer.

Hierdie hoofstuk het gevolglik die maatskaplike implikasies verbonde aan finansiële druk en probleme geïllustreer.

## 5.5.2. GEVOLGTREKKINGS

- Finansiële onkundigheid en gepaardgaande aksies plaas grootskaalse finansiële druk op individue. Hierdie druk impakteer nie net op die individu en sy/haar gesin nie, maar ook op die werkgewer. Die werkgewer verloor baie geld in die proses wat kan uitkring tot die groter Suid-Afrikaanse ekonomie, nasionaal asook internasionaal.

- Die impak van die finansiële druk is sigbaar in meeste fasette van die individu se maatskaplike funksionering. Besluitnemig is 'n belangrike aspek wat beïnvloed word en gevolglik uitkring na ander sisteme binne die individu se verwysingsraamwerk.

- Werknemerhulpprogramme verskaf noodsaaklike dienste aan werknemers van verskillende organisasies ten einde optimale maatskaplike funksionering te vestig. Bemarking van hierdie dienste aan toesighouers en middelbestuur, doen afbreek aan die geslaagdheid van volwaardige werknemerhulpprogramme omrede toesighouers nie beskik oor genoegsame inligting of opleiding om onder andere verwysings te doen nie.

## 5.5.3. AANBEVELINGS

- Die implikasies verbonde aan die wanbesteding van finansies moet aan individue uitgelig word ten einde beter persoonlike finansiële bestuur te bevorder.

- Bewusmaking van lede rakende die WHP-dienste wat gratis tot hul beskikking is, is noodsaaklik ten einde te verseker dat vroeë identifisering van individue met probleme kan plaasvind. Motivering van werkgewers om doelgerig betrokke te raak is belangrik.

- Spesialisopleiding aan diensverskaffers en WHP-praktisyns kan die sukses van dienste verbeter. Dit kan gedoen word indien die praktisyns onder andere kan fokus op spesialisgebiede, byvoorbeeld bemarking van dienste, terwyl 'n ander praktisyn slegs toesighouer-opleiding aanbied.

## 5.6. HOOFSTUK VIER

### 5.6.1. SAMEVATTING

Hierdie hoofstuk het bestaan uit die empiriese ondersoek verbonde aan die hoofstuk. Uiteensetting is verskaf rakende die tipe navorsing, ontwerp en navorsingsproses wat gevolg is. Die steekproeftrekking is beskryf, toetsing en benutting van vraelyste is uiteengesit, asook die etiese kwessies wat van toepassing was is onderskryf. Die resultate en bevindinge is verkry vanuit die vraelyste wat deur veertig respondente voltooi is. Hierdie resultate is deeglik uiteengesit en omskryf. Gevolgtrekkings en aanbevelings word vervolgens uiteengesit. Resultate en bevindinge is in verskillende afdelings gekategoriseer en aangebied:

Afdeling A: Demografiese inligting
Afdeling B: Leningsbesonderhede
Afdeling C: Motivering vir toetrede tot die mikroleenbedryf
Afdeling D: Impak van mikrolenings op die persoonlike lewe van respondente.

Daar kan tot die gevolg gekom word dat die meerderheid van respondente (72,5%) in hul vroeë volwasse-lewensfase is, dat hulle getroud is en dat die meerderheid (87,5%) van respondente oor afhanklikes beskik.

University of Pretoria etd – Fourie, M (2003)

Leningsbesonderhede dui daarop dat ongeveer die helfte (45,5%) van die lenings in 2002 aangegaan is en dat 40% van hierdie lenings oor langer as 24 maande afbetaal word. Redes vir toetrede tot die MLB varieer na gelang van die betrokke individu se onmiddellike behoefte of probleem wat ervaar is. Daar is gevind dat een derde van lenings aangegaan word ten einde ander rekeninge en skuld te betaal. Daar blyk steeds mikroleeninstansies te wees wat nie aan voorgeskrewe regulasies voldoen en leners vooraf volledig inlig en van dokumentasie voorsien nie. Hulle laat leners dus in die donker rakende die transaksie wat plaasvind. Dit is instansies soos diè wat die MLB se beeld skade aandoen en oningeligte leners gewetenloos uitbyt.

Respondente is van mening dat hul finansiële posisie en gepaardgaande finansiële spanning die oorsaaklike element is vir onder andere:

- Depressiwiteit
- Angstigheid
- Slaapstoornisse
- Spanning/stres
- Irritasie
- Aggressie
- Hulpeloosheid
- Verwerping en eensaamheid

'n Individu se finansiële posisie het 'n negatiewe invloed op sy/haar fisiese en psigiese gesondheid. Respondente verlang werkswinkels, opleiding of inligtingsessies ten einde beter finansiële bestuur aan die dag te kan lê.

## 5.6.2. <u>GEVOLGTREKKINGS</u>

- 'n Tekort aan entrepreneurskapvaardighede onder respondente verhoed hulle om addisionele metodes te soek om hul skuld te delg.

University of Pretoria etd – Fourie, M (2003)

Respondente blyk telkemaal die makliker uitweg, naamlik die mikroleenbedryf te gebruik.

- Ten spyte van rente-implikasies verkies verbruikers steeds om kleiner maandelikse paaiemente oor 'n langer tydperk af te betaal.

- Die seleksie van navorsingsmetodologie wat gebruik is was suksesvol, omrede die doelstellings van die ondersoek behaal is en waardevolle bevindinge verkry is wat die wetenskaplike kennis ten opsigte van hierdie veld uitbrei.

- Langtermyn finansiële doelstellings blyk afwesig te wees in die meeste gevalle. Indien beter beplanning nie vroegtydig sal geskied nie, sal individue nooit 'n mate van finansiële onafhanklikheid bereik nie.

- Die gemiddelde respondent se huishoudelike inkomste word dus bestee aan 'n verskeidenheid afhanklikes en hul onderskeie behoeftes.

- Die leningsbedrag hou deurlopend verband met die respondent se maandelikse inkomste, die positiewe verband dui daarop dat hoe hoër die inkomste is, hoe hoër is die bedrag wat geleen word.

- Die behoefte aan onmiddellike behoeftebevrediging is deurgaans die hoofrede waarom alternatiewe maniere vir finansiering oor die hoof gesien word.

- 'n Moontlike boetestelsel of selfs skraping van mikroleeninstansies wat nie voldoende verduideliking en voorgeskrewe dokumentasie aan verbruikers verskaf nie, sal moontlik die kanse verminder dat leners onbedag gevang word weens hulle onkundigheid of selfs naïwiteit.

University of Pretoria etd – Fourie, M (2003)

## 5.6.3. AANBEVELINGS

- WHP-Praktisyns moet uit die aard van hul posisie en indien self opgelei ten opsigte van die aard, omvang en impak van die mikroleenbedryf, persoonlike opleiding in hierdie verband binne organisasies hanteer.

- Inligting ten opsigte van opleiding moet onder andere op die gevare en slaggate verbonde aan die mikroleenbedryf, asook op die algemene voor- en nadele verbonde aan lenings fokus, naamlik:
  - Hoë rentekoerse
  - Hoë paaiemente
  - Betaling van paaiemente
  - Selektering van die mees geskikte finansieringsinstansies
  - Kontraksluiting en verbreking asook die nie-nakoming van kontrakte

- Bemarking en bewusmakingsveldtogte ten opsigte van beter persoonlike finansiële bestuur sal moontlik bydrae tot insigontwikkeling en sukses met betrekking tot opleiding omrede dit finansies as onderwerp van bespreking sal bevorder. Daar kan moontlik afgesien word van die siening dat finansies so persoonlik is dat daar nie daaroor gepraat mag word nie. Mense moet gevolglik ewe gemaklik kan praat oor finansiële teenspoed as oor finansiële voorspoed.

- Resultate van die ondersoek moet sorgvuldig bestudeer word en geïntegreer word by die ontwikkeling van toekomstige opleidingspakkette.

- Samewerking van verskillende rolspelers, by name: Werkgewers, regeringsowerhede, opleidingsinstansies asook werknemers moet verseker word om sodoende behoeftes meer effektief aan te spreek.

- Individue soos respondente moet ingesluit word as rolspelers in die daarstelling van opleidingsprogramme, ten einde te verseker dat behoefte gerigte dienste verseker kan word.

University of Pretoria etd – Fourie, M (2003)

# 12. BRONNELYS


1. AFRICAN BANK LIMITED. 1999. Personal money management. Johannesburg: Print a form.

2. ARKAVA, M.L. & LANE, T.A. 1983. Beginning Social Work Research. Boston: Allyn & Bacon.

3. BABBIE, E. 1998. The Practice of Social Research (8th Ed). Belmont: Wadsworth Publishing Co.

4. BAILY, K.D. 1987. Methods of Social Research (3rd Ed). New York: The Free Press.

5. BEZUIDENHOUT, F.J. 1998. A Reader on Selected Social Issues. Pretoria: Sigma Press.

6. BHOODRAM, P. 2001. Onderhoud met Mnr. P. Bhoodram, Direkteur Werknemerhulpprogramme: Departement van Korrektiewe Dienste. Hoofkantoor, Pretoria, 25 April.

7. COMPTON, B.R. & GALAWAY, B.1994. Social work Processes. Calafornia: Brookes/Cole Publishing company.

8. DAVEL, G. 2002. Fokus op die Southern African Micro Finance Summit. Sake-Beeld, 30 Mei: 6.

9. DE VOS, A.S. (Ed) 1998. Research at Grass Roots: A primer for the caring professions. J.L. Van Schaik: Academic.

10. DICKMAN, F.; CHALLENGER, B.R.; EMENER, W.G. & HUTCHISON, W.S. 1988. Employee Assistance Programms. Springfield-Illinois: Charles C Thomas Publisher.

11. DU PLESSIS, A. 1990. Occupational Social Work Practice, **In:** Social Work in Action. Edited by B. McKendrick. Pretoria: HAUM.

12. EPSTEIN, I. 1988. Quantitative and Qualitative Methods, **In**: GRINNEL, R. M. (Jnr.), Social Work Research and Evaluation (3rd Ed). Illinois: F.E. Peacock publications, 185-197.

13. ETZIONI, A.1976. Social Problems. New Jersey: Prentice Hall, INC.

14. FRANCEK, J.L. 1985. The Human Resource Handbook. New York: Praeger Press.

15. GARVER, R. 2000. Micro-lending group bases decisions on the person, not on paper. American Banker, 165(28):3-4.

16. GELLES, R.J. & CORNELL, C.P. 1990. Intimate violence in families (2nd Ed). London: Sage Publications.

17. GERDES, L. 1988. Die ontwikkelende volwassene. Durban: Butterworth en Kie.

18. GRINNEL, R.M. 1988. Social Research and Evaluation (3rd Ed). Illinois: F.E. Peacock Publications.

19. GRINNEL, R.M. & WILLIAMS, M. 1990. Research in Social Work: A Primer. Illinois: F.E. Peacock Publishers.

20. HIEMSTRA, V.G. & GONIN, H.L. 1981. Drietalige Regswoordeboek. Kenwyn: JUTA.

21. JOHNSON, L.C. 1995. Social Work Practice: A Generalist Approach. (5Th Ed). Boston: Allyn and Bacon.

22. JOHNSON, L.C. & SCHWARTS, C.L. 1994. Social Welfare. A Response to Human Need. (3rd Ed). Boston: Allyn & Bacon.

23. KAYE, G.R. 1994. Financial Planning Models: Construction and Use. London: Academic Press.

24. KNIGHT, L.G. & KNIGHT, R.A. 2000. Counseling clients on credit. Journal of Accountancy February: 61-72.

25. LE BLANC, P.; DE JONGE, J. & SCHAUFELI, W. 2000. Job Stress and Health, **In**: Introduction to Work and Organizational Psychology: A European Perspective. Edited by Nik Chmiel, Massachusetts: Blackwell Publishers.

26. LOUW, D. A. 1991. Human Development. Pretoria: HAUM Tersiêr.

27. Micro Finance Regulatory Council. MFRC: Frequently asked questions. http:www.mfrc.co.za/info/faq.asp (13 Mei 2002).

28. MILOC HOLDINGS LTD. 2000. Pushing the limits. TNT@Vasoline.

29. MITTNER, M. 2002. Opleiding beplan vir mikro-uitleners. Beeld, 13 Mei.

30. MONGI MALI. 2001. Your salary and you. Mongi Mali educational guide to personal finance. Pretoria, Government Printer.

31. MOUTON, J. & MARAIS, H.C. 1990. Basic Concepts in the Methodology of Social Sciences. Pretoria: Human Science Research Council.

32. Nuwe Woordeboek vir Maatskaplike Werk: Hersiene en Uitgebreide uitgawe. 1995. CTP Book Printers (Pty) Ltd: Kaapstad.

University of Pretoria etd – Fourie, M (2003)

33. RHODES, S.R. & STEERS,R.M. 1991. Major Causes of Absenteeism. **In**: Steers, R.M. & Porter, L.W. Motivation and Work Behavior. Fifth Edition. New York. McGraw-Hill Inc.

34. ROMAN, L. 2001. System approach and the presence of personal problems. Reproduction, Pretoria, April.

35. ROODT, D. 2002. Weerstaan die versoeking om nou te leen. Tot u diens. Beeld, 21 Januarie: 6.

36. ROSS, E. 1997. Family Life and Work Stress among South African Social Workers. Social Work/Maatskaplike Werk (33)1, Maart: 52-68.

37. ROSSOUW, J. 2002. Weerstaan die versoeking om nou te leen. Tot u diens. Beeld, 21 Januarie: 6.

38. SMITH, R.W. & FONTANA, A. 1981. Social Problems. New York: Holt, Rinehart and Winston.

39. Standards Committee of EAPA-SA. 1999. Standards for Employee Assistance Programs in South Africa. Reproduction, Pretoria, March.

40. TIRAS, S. 1997. Cover the Basics in Financial Education. HR Magazine, 42(11):119.

41. TOT U DIENS. 2002. Nuwe reëls in werking vir mikrolenings. Beeld, 1 Junie: 14.

42. RIGLYNE AAN WERKGEWERS OOR MOIKROLENINGS. 2002. Beeld, 2 September: 6.

University of Pretoria etd – Fourie, M (2003)

43. URBANISATION AND HEALTH NEWSLETTER. No. 22 van 1994. Poverty. Tygerberg: National Urbanisation & Health Research Programme, Medical Research Council.

44. VAN DER WALT, D. Sake en nywerheid. Finansies & Tegniek, Julie: 61-63.

45. VAN ELLERWEE, R. 2002. Fokus op die Southern African Micro Finance Summit. Sake-Beeld, 30 Mei: 6.

46. VAN STADEN, S.M. 1998. Maatskaplike Funksionering en Suksesvolle Vonnisuitdiening van 'n Korrektiewe Toesiggeval. Social Work/Maatskaplike Werk 34 (2), Junie: 216-229.

47. VENTER, A.H. 1998. Die Formele Mikroleenbedryf in Suid-Afrika: 1998. Ongepubliseerde M.A.- verhandeling. Universiteit van Stellenbosch.

48. Verklarende Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal. 1984. Johannesburg: Perskor-Uitgewery.

49. Wette van die Republiek van Suid-Afrika – Skuldenaar en skuldeiser. Woekerwet No. 73 van 1968. Uitgawe no.31 – aanvullend.

50. YOUNG, T. 2001. Get Wise. Lifeskills in South Africa. Pretoria: African Watermark.